DIE **PORTUGEES** EN DIE **KOEDOE**

OP SOEK NA **'N EENHORING...**

KUIER SAAM MET KASSIE **IN DIE HERLAAIKAMER**

**MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE**

**DIE ONDERVINDING VAN 'N LEEFTYD...**



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder / The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

# HUNTER

## WILD-SOSATIES oor die kole

## DIE ELANDE VAN DIE NUANETSI

## GUMBOOTS ARE ALWAYS JUST TOO SHORT

## ONS TOETS

* EZ-AIM-KLEITEIKENWERPER
* SWAROVSKI NL PURE 8x42-VERKYKER

## PHUTI, TSHOSO AND THE GNU

## OOM POTTIE SE PLEKKIE OP OWAKA

# .416 RIGBY

## AFRIKA SE GUNSTELING

UITGAWE • EDITION
JANUARIE - FEBRUARIE 2023
NO. 02182
RSA R75.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$75.00
02182
9 770259 935002

CZ | For those **who know**

# CZ **600**
# LUX

## TRADITIONAL, EUROPEAN-STYLE CENTERFIRE RIFLE



## FEATURES:

- Lux-style walnut stock with cheekpiece
- Single-stage trigger with 4 adjustable levels of pull
- Original positive safety design
- Light profile cold hammer-forged barrel
- Factory-threaded barrel in 15x1
- Lockable, detachable magazine
- Steel receiver with Remington 700 mounting interface
- Removeable, adjustable fibre optics

**The CZ 600 LUX model has a guaranteed, factory-tested sub-MOA at 100 meters (three-shot groups with match-grade factory ammunition).**

| MODEL | LENGTH (mm) | BARREL LENGTH ("/mm) | WEIGHT (kg) | TWIST RATE/ NO. OF GROOVES | MAGAZINE CAPACITY |
|---|---|---|---|---|---|
| ***CZ 600 LUX*** .223 Rem. | 997 | 20/508 | 3.2 | 1:9 / 6 | 5 |
| ***CZ 600 LUX*** .308 Win. | 1 040 | 20/508 | 3.8 | 1:10 / 4 | 5 |
| ***CZ 600 LUX*** 30-60 Spring. | 1 053 | 20/508 | 3.7 | 1:10 / 4 | 5 |
| ***CZ 600 LUX*** 8x57 IS | 1 053 | 20/508 | 3.6 | 1:9.5 / 4 | 5 |
| ***CZ 600 LUX*** .300 Win. Mag. | 1 155 | 24/610 | 3.9 | 1:10 / 4 | 3 |

FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 – 7793/4

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

WEBTUISTE:
*www.sajagterhunter.com*

ALGEMENE NAVRAE:
084-554-0611 (kantoorure)

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Francois van Emmenes
francois@sahunter.org
**SUBREDAKTEURS:**
Elfriede Ainslie (Taalversorging)
elfriede@sahunter.org
Marisa Beeton (Taalversorging, webblad en sosiale media)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
**KOS-SUBREDAKTEUR:** Karla Janse van Vuuren
**UITLEG EN ONTWERP:** Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
**KANTOORBESTUURDER:**
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
**SPESIALISBYDRAERS::**
Herman Jonker
Kassie Kasselman
Prof. Brian Reilly
Pierre van der Walt
Johan van Wyk
Cassie Nienaber
Rean Steenkamp
Thinus Steyn

## ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:**
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANT:**
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

## NAVRAE EN INLIGTING

**INTEKENARE:**
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
**SAJWV-LEDE:** Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
**RAKVERKOPE:** Armand Kasselman
Tel: 021-503-7164
E-pos: armand.kasselman@onthedot.co.za

MEDIA24

**MEDIA24** WEEKLIKSE TYDSKRIFTE
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:**
Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Jameelah Conway

**Gedruk deur**
**CTP Printers Kaapstad**
**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000

PUBLISHER RESEARCH COUNCIL

© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.

JANUARIE - FEBRUARIE 2023

# INHOUD




**VOORBLADFOTO'S:**
**Olifant:** Zigi Hugo
**Geweer:** 'n Pasmaak-.416 Rigby, gebou deur Danie Joubert en Faan de Vos. Eienaar: Stefan Steyn.

## RUBRIEKE

4 ONDER DIE KAMEELDORING/ UNDER THE CAMEL THORN
6 BOSPOS
8 SNELVUUR
9 KOMPETISIE
10 DOOIERUS – LENSIEMENSIES EET NIE WILDEBEES NIE
42 WILDSOSATIES OOR DIE KOLE
48 BOKSPOG
70 IN DIE HERLAAIKAMER/ IN THE RELOADING ROOM

## SAJWV

46 **SA JAGTERS: 'N KULTUUR VAN MENTORSKAP**
ANDRÉ VAN DER MERWE

## PRODUKTOETSE/ PODUCT TESTS

66 **ALLEN SE EZ-AIM-KLEITEIKENWERPER**
PROF. BRIAN REILLY

68 **SWAROVSKI NL PURE 8x42-VERKYKER**
FRANCOIS VAN EMMENES

## ARTIKELS

12 **.416 RIGBY – AFRIKA SE GUNSTELING**
Van toeka tot nou kon min kalibers die .416 Rigby in Afrika se jagveld oortref.
FRANCOIS VAN EMMENES

16 **GUMBOOTS ARE ALWAYS JUST TOO SHORT**
Meandering thoughts on the value of wellingtons.
KOBUS DE KOCK

20 **MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE – DIE ONDERVINDING VAN 'N LEEFTYD...**
FRANCOIS VAN EMMENES

28 **MAUSER .22 RIMFIRE RIFLES: A SOUTH AFRICAN OVERVIEW – PART 2**
A follow-up of the different models of Mauser .22 rimfire rifles most frequently encountered in South Africa.
HUBERT MONTGOMERY

32 **PHUTI, TSHOSO AND THE GNU**
A special father-and-son hunt in the Waterberg.
FRED COCQUYT

36 **PUNT INNIE WIND!**
'n Onvergeetlike familiejagtog in die winderige Noord-Kaap.
ABRIE FOURIE

50 **DIE ELANDE VAN DIE NUANETSI**
Die moeilikste jagtogte skep dikwels die beste herinneringe.
HERMAN JONKER

54 **OOM POTTIE SE PLEKKIE OP OWAKA**
Twee Suid-Afrikaners en 'n Australiese kelpie durf die Nieu-Seelandse jagveld aan.
KARL HERMAN

58 **DIE PORTUGEES EN DIE KOEDOE**
'n Portugese Mauser en 'n uitgeslape koedoebul sê mekaar die stryd aan.
RUDOLPH JOONÉ

62 **OP SOEK NA 'N EENHORING...**
Die dag van eenhorings jag is vir 'n groepie manne soos 'n hedendaagse jagsprokie wat waar geword het.
THINUS STEYN

## BOOK REVIEW

40 ***BRINGING BACK THE LIONS***
PROF. BRIAN REILLY



Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# LEES ONS NOG?

My eerste kennismaking met lees het gekom toe ek amper ses jaar oud was. My oorlede ma, Rosie, het toe ons by familie gekuier het, trots 'n kinderboek in my hand gestop en vir my tannie Helen vertel hoe mooi ek al lees, "al was ek nog nie eers op skool nie". Dit was natuurlik een van die "Jan skop die bal" soort van kinderboeke en volgens my tannie, ma en ouma het ek baie goed gelees. My ouma Nelie het 50 sent (jy kon toe 'n Chappie, of was dit dalk twee, koop met 1 sent) in my hand gestop en ek kon die hele vakansie "swiets" koop. Toe ek sowat tien was, het ek elke dag gelees. As daar nie iets in die huis was nie, het ek na die biblioteek in King William's Town gestap of fietsgery en my kwota boeke gaan haal – enige iets wat interessant gelyk het.

Tot vandag toe lees ek elke dag en maak 'n punt daarvan dat daar altyd iets lê en wag om deur te blaai. Ek geniet dit steeds en daar gaan selde 'n dag verby dat ek nie iets leer nie. My tyd om verhale te lees, het al lank gelede geëindig – sedert die jag- en skietgogga dekades terug ordentlik gebyt het, is boeke oor jag, herlaai, bewaring en skiet omtrent al waarop ek my toespits.

Lees ons nog? Waar kry ons inligting? As ek na sosiale media kyk, veral Facebook, lyk dit asof die maklikste antwoord op enige vraag is om jou "groepie" te vra. 'n Simptoom van ons hedendaagse samelewing? "*Instant gratification*" is die term wat rondgegooi word – ons wil weet en ons wil nóú weet... Het dit te veel moeite geword om iets behoorlik na te vors en gerespekteerde bronne te raadpleeg? Het sosiale media se opinie meer werd geword as dekades se ondervinding wat in boekvorm vasgelê is? Boeke wat deur kundiges op hul gebied geskryf is, nie 'n onbekende persoon wat jy nog nooit ontmoet het se "skiet uit die heup"-antwoord nie.

*Sometimes the "online" answers take my breath away. The sheer number of armchair opinions, half-truths and blatant nonsense bandied about is astonishing. The reason for this is that it was probably gleaned from Facebook and Internet forums in the first place – an ever-perpetuating cycle, it seems?*

As leser van SA JAGTER/HUNTER vertrou ek dat jy van beter weet as om sommer net enige advies goedsmoeds te aanvaar. Ek besef dat ek nou eintlik vir die verkeerde mense preek, soos die spreekwoord lui. Die Internet het beslis sy plek, maar ek raak bekommerd oor die toekoms as ek sien hoe maklik die waarheid verdoesel en gemanipuleer word. Wees verseker dat ons jou net die beste sal bring – in boekvorm, dáár vir jou en jou kinders en hul nageslag. Daarmee saam gaan die beroep dat jy ook jou kinders die tydskrif sal gee om te lees.

Tot volgende keer – lekker lees!

Francois




## INTRODUCING THE GRS FENRIS

The Fenris is a great value for money, fully adjustable stock with a super strong body that is made with reinforced fiberglass. The Fenris is a versatile stock with applications both for the hunter and sport shooter. The grey colour makes it aesthetically functional for all surroundings. Designed to work with all body types and clothing, it provides the accuracy that gives the shooter the confidence to hit the target accurately time and again. With its gritty composition and ergonomics, it gives this stock the edge above all its competitors. The honeycomb grip stands out in appearance and performance with a modern look and non-slip, vibration-reducing design.



### FEATURES:

- Low maintenance, synthetic materials
- Adjustable length of pull and cheekpiece for faster and more accurate shooting
- Ergonomic honeycomb grip for better recoil absorption
- Standard bedding included to prevent flexing and to reduce movement
- Adapted to fit a height-adjustable recoil pad

**DESIGNED TO ADAPT**

GRS
GRSRIFLESTOCKS.COM

Availible in Howa 1500 SA, Tikka T3/T3X/T1X/CTR, Remington 700 BDL SA, Savage 12 & 16 SA DM

*Available at all participating dealers.*
*Contact Inyathi to locate your nearest dealer.*

Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net

Terms & conditions apply. E&OE. While Stocks last.

ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES

# BOSPOS



## ONS WIL VAN JÓÚ HOOR!

Briewe van ons lesers is vir ons belangrik. Jou insette en opinies, wedervaringe in die jagveld en interessante stories of nuus is altyd welkom, asook jou kommentaar op die tydskrif se inhoud. Stuur jou brief aan ***marisa@sahunter.org*** en staan 'n kans om 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000 van ***Safari Outdoor*** te wen! Hou jou brief verkieslik onder 300 woorde en verskaf asseblief jou naam en kontakbesonderhede. **SA JAGTER/HUNTER** behou die reg voor om briewe te redigeer en te verkort.

WENBRIEF

## DIE JAGWÊRELD IS KLEIN

Ek staan baie keer net verbaas as ek waarneem hoe klein ons wêreld en hoe verweef ons geskiedenis is. Ek lees jagtydskrifte soos SA JAGTER/HUNTER en *Man Magnum* gewoonlik van hoek tot kant deur en só was dit ook die geval met die Julie-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER.

Ek begin Pieta Oosthuizen se storie "Ribbokjag in die Suid-Vrystaat" lees en vereenselwig my onmiddellik met sy storie omdat ek ook in die Suid-Vrystaat grootgeword het. Daar het ek as laerskoolseun saam met my swaer in die rante van Trompsburg se distrik agter ribbokke aangeloop. Later jare het ek self die voorreg gehad om hierdie besonderse bok te jag. Op bladsy 55 sien ek toe die foto wat jare in my oom aan my moederskant, Koot Grobbelaar, se huis gehang het en later in myne. Nou hang dit in my seun



**BO:** Die P14 .303 wat soortgelyk is aan die een in die artikel voordat Neels dit verander het.

**REGS**: Die foto van die skuts wat Neels Greyling se familie besit.

Ben se huis. Ek kon letterlik nie my oë glo nie. Ná soveel jare verskyn hierdie foto, wat vir my 'n kultuurskat is, sowaar in ons geëerde tydskrif.

Wat ook vir my besonders is, is die feit dat die skut J.J. Grobbelaar (tweede van links agter) my oom is (my oorlede moeder se broer). Ek het ook as skoolkind saam met hom springbokke in Trompsburg se distrik voorgelê.

Kapt. D.J. Pienaar (regs langs die tafel) is weer my ma se oom. Ja, die skiet- en jagbloed loop dik in ons are. My ma kon 'n geweer hanteer, ek is 'n toegewyde jagter, so ook my seun Ben, en my kleinseun Stiaan volg met rasse skrede ywerig in hierdie spore.

Nog 'n raakvlak met Pieta se storie is dat ek oor 'n identiese P14 beskik. Ek het nie met die geweer in sy oorspronklike toestand gejag nie, maar 'n kolf van swarthout daarvoor gemaak, 'n teleskoop daarop gemonteer en springbokke, koedoes en takbokke gejag. My seun het 'n identiese .303 soos die een wat my oom op die foto vashou.

Wat die verhaal nog meer besonders maak, is dat ek in Trompsburg skoolgegaan het en dat daar 'n Piet Oosthuizen saam op skool was (Pieta se pa?), alhoewel ek hom nie op die foto herken nie.

Ja, die wêreld is klein en ons spore loop mooi.

**NEELS GREYLING**

**Pieta Oosthuizen antwoord:**

*Op die foto wat jare lank in Neels se huis gehang het, verskyn my pa se oupa aan moederskant, Wynand van den Heever, heel links op die foto. Sy pa, en dus my pa se oupagrootjie, Tom van den Heever, is derde van links in die voorste ry. Aan vaderskant staan my pa se Oosthuizen-oupa se broer, Hendrik, heel links in die agterste ry, en sy ander broer, At, heel regs agter. Volgens my pa was Hendrik en At baie knap skuts wat veral die Engelse soldate in die Anglo-Boereoorlog behoorlik laat les opsê het. Te oordeel na die hoeveelheid silwerware op die tafel, 11 om presies te wees, was al die skuts op die foto manne wat geweet het hoe om 'n .303-geweer vas te hou. Bo-aan my foto verskyn ook die woorde "A Team, Trompsburg, V.S.V.". Ek sou wat wou gee om te weet waarvoor staan die afkorting "V.S.V." en in watter jaar en presies waar hierdie foto geneem is. En dan natuurlik wie die seun is wat op die agtergrond (links agter, reg langs Hendrik se kop) sigbaar is. Miskien kan een van ons lesers help?*

** Neels wen die R1 000-geskenkbewys van Safari Outdoor. Baie geluk Neels!*




## SA CASE PREPPER

I am writing this letter to give feedback on an outstanding, locally made product and to give credit to Ted Knowles for excellent product support and service.

I have been using an SA Case Prepper machine since 2017 and probably use it a lot more (50,000 plus) than the average shooter. I reload a number of different calibres and also help out fellow shooters with their case preparations. I keep accurate records of all my cases and preparation work done.

My approach to case preparation is as follows:

- Uniform primer pockets to ensure square fit for the new primers
- Deburr and uniform flash holes
- Remove military crimp on primer pockets where applicable
- Trim cases
- Inside & outside chamfer

All of the above actions are done using my SA Case Prepper, with the addition of case prep tools from other suppliers to supplement the trim cutter head and the inside and outside chamfer tools that came with the SA

Case Prepper. It is very convenient that the SA Case Prepper uses the industry-standard 8-32 thread pitch for tool attachment.

After five years of substantial use, and in excess of 50 000 cases processed, I called up Ted Knowles to arrange for my SA Case Prepper to go for a service. The feedback I received from Ted after they opened the unit to check and service it, really impressed me. There were no worn-out or damaged parts; all they did was regrease the gearbox, close it all up and ship the machine back to me.

It is a fantastic product with excellent backup service and support. I highly recommend that all fellow reloaders out there give this machine a try – you will not be disappointed.

**JOSEPH SAAYMAN**

## ONGEWONE HOUT MAAK PRAGTIGE KOLWE

'N paar jaar gelede tydens 'n vakansie gesels ek en 'n medejagter en so kom dit dat ons oor geweerkolwe praat.

Hy vertel van 'n vriend van hom wat by 'n kolfmaker twee kolwe uit swart kareehout laat maak het. Sy vriend het 'n foto van die twee kolwe aan hom gestuur en hy beskryf dit as "abnormaal mooi". Hier waar ons in Middelburg in Mpumalanga woon, staan baie swartkarees. Van hulle is duidelik baie jare oud en groot.

Dit was die eerste keer wat ek verneem het van kareehoutkolwe. Dit sal interessant wees om uit te vind of daar ander persone is wat meer hiervan weet.

Ek aanvaar dat kareehout dalk sterk en redelik swaar is. Kan meer kundige persone ons inlig hoe geskik swartkaree vir die maak van kolwe is?

**THYS VALLENTGOED**

## LET'S TALK ABOUT BAKKIE HUNTING

Following the letter *"Kom ons praat oor bakkiejag"*, you asked for readers' comments. These are to follow, but first, let me introduce myself with some details, showing that I am not simply an armchair critic.

I have been a hunter and target rifle shooter for over 60 years. I was a former chairman of the Black Powder Shooting Union of South Africa and achieved Springbok Colours in 1980. In more recent times, I was a member of the South African Bisley Union's Veterans Rifle Team to Australia in 2011. But enough of that. Now my letter.

What is hunting? The deliberate shooting of game at long range is simply shooting at live targets and is reprehensible; it is definitely not hunting. Bakkie hunting is also not hunting, but meat harvesting. The same applies to night culling. Provided this is understood (not the long-range shooting), I have no argument with it.

Now let us consider the bigger picture – the use of modern technology, scopes and rangefinders. A scope enables you to be more precise with your shot placement, especially if you have old eyes, and to stalk within 100 to 150 m still requires stealth and patience (in bushveld).

The open plains force you to stretch the distance a bit. On my farm in the Free State, I have found it possible to get to within 200 m of blesbuck. By using a rangefinder to eliminate elevation error, you can go to 300 or 350 m, but that should be the absolute maximum. After all, the hunt is finding the quarry and the subsequent stalk.

To really enjoy the bushveld, and if your eyes allow it, try peep or open sights and stalk to within 50 to 75 m. If you do this, you know you have really been hunting.

**STEVE BERKEMEYER**

## EEN VAN MY GUNSTELINGPLEKKE

Ek is geseënd met 'n wonderlike vrou. In my eerste jaar van getroude lewe het ek die "perfekte man" probeer wees. Ek besluit toe om haar te vergesel om Kersgeskenke vir geliefdes te loop koop. Ná ses ure in die winkelsentrum was ons skaars halfpad deur haar lysie. Net daar was my voorneme om "alles saam te doen" by die agterdeur uit. Winkelsentrums sien my nie sommer gou weer nie en as ek iets móét koop, is ek gou in en uit by die winkel. Die bosveldvuurtjie saam met goeie vriende of familie is vir my een van die grootste geskenke wat daar is.

Dit het egter alles verander toe Safari Outdoor sy deure in Pretoria oopgemaak het. Skielik kom ek ook agter hoe tyd in 'n winkel kan vlieg en hoe verbasend baie van my ritte toevallig ook naby dié winkel is!

Selfs voor Covid was dit wonderlik om boekbekendstellings soos dié van Pienkes du Plessis se jagstories in Safari Outdoor te kon bywoon as deel van Lynnwood Bridge-winkelsentrum se inisiatief vir 'n boekweek.

As intekenaar op hulle e-poslys was dit vir my wonderlik om die laaste paar maande talle uitnodigings na uitstekende praatjies in hul winkels te ontvang. Om dié gratis praatjies by te woon was verkwikkend vir die siel en insiggewend. Daar was byvoorbeeld die bekende reisboekskrywer Johan Bakkes wat van sy boeke bekendgestel het, die Fransman Jérôme Lanoue van die legendariese Rigby-geweerhandelsnaam, die herpetoloog Johan Marais met sy nuutste slangboek, asook die praatjie van die drie professionele jagters Stefan Fouché, Mike Fell en Hancke Hudson. Maklik tot 150 mense woon so 'n leer-same, lekker aand by.

'n Riem onder die hart was dat sommige van die praatjies in my geliefde Afrikaans aangebied word. Die bosveld is vir seker die eerste plek, maar in Safari Outdoor kan ek maklik vir 'n paar sorgvrye ure aan die gejaagde lewe ontsnap.

**JACO VAN WYK**



**BO:** Die geweer waarna Danie Els verwys.




## WAT IS DIÉ GEWEER SE STORIE?

Nadat ek die artikel ("Mauser .22 rimfire rifles") op bladsy 28 van SA JAGTER se Nov/Des-uitgawe gelees het, het ek begin wonder oor die geweer wat in ons familie is vir so ver as my geheue teruggaan.

Die storie loop so: My pa het die geweer by 'n algemene handelaar gekoop. Ek het in my kinderjare baie groot beeste sien val voor dié geweer. Dit was al geweer wat my pa besit en in geglo het. Die realiteit tref my toe dat ek nie die geweer se geskiedenis ken nie. Google help ook nie baie nie. Ek weet net dit is in Duitsland gemaak, soos die bostaande foto ook wys, maar die ontstaan van die naam J G LANDMANN interesseer my.

Op 'n stadium het die oorspronklike magasyn, wat vyf patrone gehou het, weggeraak weens uitleen aan my pa se vriende. Met die hulp van wyle dr. Lukas Potgieter het my pa 'n 19-patroon-magasyn in die hande gekry. Ek het gehoop een van ons lesers kan my help met meer inligting oor die geweer. Die geweer se reeksnommer is 213X.

**DANIE ELS**

**Hubert Montgomery, ons Mauser-kenner, antwoord soos volg:** *Ongelukkig is daar baie min inligting oor die "LANDMANN" .22 randslag-grendelaksiegewere beskikbaar. Hoewel dit op die oog af soos 'n Mauser mag lyk, is dit nie een nie. Hulle is skynbaar in die 1950's of 1960's vervaardig en sommige is na Suid-Afrika ingevoer. Dit moes egter net 'n beperkte aantal gewees het, want dit is slegs die tweede keer dat ek ooit so 'n geweer in hierdie land teengekom het. Ek sal my oë oophou vir enige verdere inligting.*

# SNELVUUR

KORTLIKS ▸ NUUS ▸ INTERESSANT OM TE WEET ▸ BEWARING ▸ JAG

CONSERVATION

## SUMMARY OF SOME OF THE OUTCOMES AT CITES COP19

***By Lizanne Nel, Conservation Manager: SAHGCA***



CITES attempts to regulate international trade to make sure that trade in endangered species is legal, sustainable and not detrimental to the survival of the species. This year, more than 2 000 delegates discussed 52 listing proposals and many working documents. Several hunting organisations advocated for legal, sustainable and equitable wildlife trade and stressed the valuable contribution of responsible hunting to conservation around the world.

**Hippopotamus *(Hippopotamus amphibius)***
The initial proposal to transfer hippopotamus from Appendix II to Appendix I was amended to retain the listing on Appendix II, with the annotation of a zero export quota for wild specimens traded for commercial purposes. The CoP voted to reject the proposal.

**White rhino *(Ceratotherium simum simum)***
Namibia proposed to transfer its population of southern white rhinos from Appendix I to Appendix II, with an annotation for the exclusive purpose of international trade in live animals for in-situ conservation only, and hunting trophies. The proposal was adopted in a limited version, restricting it to the exclusive purpose of live animals for on-site conservation only within the natural and historic range of the white rhino in Africa – hunting trophies excluded.

**Elephant *(Loxodonta africana)***
The proposal to uplist the four populations of elephants in Southern Africa from Appendix II to Appendix I was rejected. Elephant populations in countries in Southern Africa, including the four with Appendix II populations, are either increasing or stable compared to other parts of Africa, and uplisting makes no sense.

**Conophytums**
South Africa listed Conophytums on Appendix III to monitor trade. CoP approval is not required for Appendix III listings by a party. SA Hunters provided support for this listing based on the data from our Save our Succulents project.

**Rural communities**
Parties rejected the proposal made by Eswatini, Namibia and Zimbabwe on the establishment of a permanent CITES Rural Communities Committee for the direct involvement of rural communities in the CITES decision-making processes. The CoP agreed that the proponents could refer the matters raised in the document to an intersessional working group to be established by the Standing Committee under an agenda item on engagement of indigenous peoples and local communities in the CITES process. Proposed amendments by Cambodia, Eswatini, Namibia and Zimbabwe to include livelihoods and food security as two factors that must be taken into account in proposals for amendment to the Appendices were rejected by the CoP.

(I personally believe that the calls made by many Southern African conservationists that CITES no longer serves the purpose for which it was created, hold true. CITES is overrun by corrupt animal rights organisations and First-World countries continue to dictate to African states how we should manage our wildlife. It smacks of "colonialism", the very same behaviour they condemned in the past and an ultimate form of hypocrisy. The Southern African states were represented by Tanzania in their closing arguments and ended the statement with the following words: "*... As members of the global community we fully appreciate the importance of multilateral negotiations, such as those that take place within CITES, in identifying and collectively working towards solutions for the greater good of humanity. We have been committed Parties to CITES since its inception or our accession to it and would wish to remain so. But we can no longer ignore these glaring shortcomings and threats to our national interests and to our commitments to the broader multilateral context.*

*"Mr Chairman, the time has come to seriously reconsider whether there are any meaningful benefits from our membership to CITES.*" – Ed.)

PRODUK

## NUWE LEICA GEOVID-AFSTANDTASTER-VERKYKERS OP DIE MARK



In die November/Desember 2022-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER het Rob Ramsden vir ons die nuwe Leica Geovid Pro 32-verkyker met ingeboude afstandtaster getoets – 'n puik produk wat sonder skroom aanbeveel kan word. Kort op die hakke van die Pro 32 volg nog 'n reeks van Leica, naamlik die Geovid R. Die R-reeks is beskikbaar in vier modelle: 8x42, 10x42, 8x56 en 15x56. Hierdie nuwe reeks se pryse is heelwat laer as dié van die Pro 32-reeks en kan afstande tot op 1 800 meter meet. Ons kry vroeg in die jaar 'n toetsmodel en sal die toetsverslag in 'n komende uitgawe publiseer.



CONSERVATION

# CHEETAH CONSERVATION IN MOZAMBIQUE

*During our buffalo hunt in Coutada 11 in Mozambique (see p. 22 of this edition), we were introduced to Tamar Kendon, a conservation biologist for Zambeze Delta Conservation and the Ivan Carter Wildlife Conservation Alliance. Tamar and her colleagues shared the hunting camp and were on the lookout for three cheetahs they hoped to recapture by darting them from a helicopter. – Ed.*

Tamar explains:

"Cheetahs were released into the Marromeu-Coutada Complex in August 2021. This project is especially exciting as cheetahs appear to have been extirpated from the region prior to the 1950s, and this reintroduction greatly expands their range in Mozambique. This unfenced, highly productive area is 981 080 ha in size and is estimated to be able to sustain 137 cheetahs. This reintroduction could only be considered because of the anti-poaching and community initiatives put in place by Mark Haldane and the rest of the Zambeze Delta Safaris team.

This year we have seen the cheetahs settling in good areas and maintaining excellent body condition due to the high density of prey. There have been challenges due to the obvious lack of a fence, human settlements within the protected area, and the cheetahs' long post-release explorations. However, we employ close monitoring and management interventions when necessary to combat this and believe the lessons learnt will be invaluable for future reintroductions into unfenced areas.

We have not had any cubs born yet, which is probably due to the low density of cheetahs over the vast landscape. A further eight cheetahs were therefore introduced in September 2022. We did observe that one of the original males and original females spent some time together in mid-September and are hopeful that this means our first litter of cubs will be born in December.

It normally takes up to six months for translocated cheetahs to settle down and establish a home range. Some of these new cheetahs were beginning to explore widely, and two individuals had travelled far beyond the boundaries of the protected area, taking them into areas with little prey and a high risk of snaring. We therefore organised for a veterinarian to fly in and dart the cheetahs. A third cheetah was darted in order to replace its dysfunctional GPS collar, an essential tool for closely monitoring the cats. They were then flown back to the Coutada 11 floodplain – an area with ideal hunting habitat, high prey density, and other cheetahs.

None of this would be possible without the Cabela Family Foundation and Ivan Carter Wildlife Conservation Alliance, who also funded the successful reintroduction of lions to the Zambezi Delta in 2018. Visit *www.ivancarterwca.com* and *www.cabelafamilyfoundation.org* for more information."

# WEN!

**SMS 38407**

**VIER GELUKKIGE LESERS STAAN DIE KANS OM DIE ONDERSTAANDE TROTS SUID-AFRIKAANSE PRODUKTE TE WEN:**

**SMS "DOVETAIL", "KAPPETIJN" OF "HAMILTON" MET JOU NAAM NA 38407**

SMS kos R1,50. Kompetisie eindig 22 FEBRUARIE 2023 en die wenner sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by *https://www.sajagterhunter.com/wen/bepalings_en_voorwaardes*

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

**SMS "DOVETAIL" MET JOU NAAM NA 38407**



**Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen.**

Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by **083-257-4041** vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.

**NOVEMBER - DESEMBER SE WENNERS:**
Klaus Fischer
James Dougal

### DENNIS KAPPETIJN-MES

**SMS "KAPPETIJN" MET JOU NAAM NA 38407**



**Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500.**

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste by *www.kappetijnknives.com* of kontak ons by **082-923-5639 / 082-968-4242**

**NOVEMBER - DESEMBER SE WENNER:**
Kobus Botha
(Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)

### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

**SMS "HAMILTON" MET JOU NAAM NA 38407**




**Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerdrag, ens.) kan elke maand gewen word.**

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

**NOVEMBER - DESEMBER SE WENNER:**
Harry Lewis

**Die name van JAN/FEBR 2023 se pryswenners sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en ook op ons webtuiste bekend gemaak word.**

**Die vorige maand se wenner van die Wildebeest-geskenkpak is Claudie Doig. Baie geluk Claudie!!**



# LENSIE-MENSIES EET NIE WILDEBEES NIE

Ek sny die vakuumpakkie oop, een wat ek nog self geseël het.

Met die skietgee van die plastiek besef ek dis die eerste keer dat hierdie wildebeeskoeitjie Kaapse lug inasem. Sy kom uit hibernasie in die donker dieptes van die vrieskas. Daar het sy gesluimer, net om my vandag weer te tref met herinneringe van haar wêreld.

Dit was warm, Namibië-warm, die dag toe sy daar aan die sandkant van Otjozondjupa die koelte van ’n jong kiaatboompie opgesoek het. Agter die rosyntjiebosse aan die oorkant van ’n droë pan het Ronnie sy verkyker roerloos op haar gehou. “Vat haar net daar waar sy lê,” het hy gefluister. “Sy weet nie van ons nie.”

Sy het die skoot nie gehoor nie. Die 7mm Barnes nie gevoel nie. Net haar kop in die stof laat val. ’n Skoon, onbevange dood, met die skoonste, beste vleis as offergawe. Jy kry uiteraard nie beter as ’n jong, vroulike dier wat rustend, sonder enige stres, die organiese oppervlak van die Aarde vir die abstrakte Ewigheid verruil nie. Ek het by voorbaat al begin tande slyp.

Maar eers moes sy reisdokumente kry.

Die staatsveearts op Grootfontein, toe ek die oggend daar stop op pad Windhoek toe, was ’n bakgat ou. Beskikbaar, hulpvaardig, hoflik en professioneel. En *vriendelik*. “Geniet jou vleis,” het hy gesê nadat hy die permit ingevul en gestempel het. “En kom weer!”

Sowaar, het ek agterna gedink, dís mos nou hoe ’n staatsamptenaar moet wees! Nie soos die suur, ongeïnteresseerde, obstruktiewe klomp waaraan ons gewoond moes raak in kadergekelderde ZA nie. Of miskien het die goeie dokter maar net in die gees van die geleentheid opgetree. Biltong en biefstuk is mos darem goeie nuus, van watter kant af jy ook al daarna kyk.

Die Kaap was ook nogal warm, met ’n parmantige windjie, toe ons grondvat by CT Int. “Ek hoop u het vir ons ’n stukkie biltong gebring,” het die ou by *Immigration* in goeie gees opgemerk.

> Elkeen het die goeie reg om sy dieet te kies volgens sy voorkeur en die toestand van sy tande, glo ek.

Hmmf... wou die pessimis in my vra, vis hy uit sodat hy sy pelle daar in die uitskudkantoor vir ’n georkestreerde biltongroof kan oplyn? Maar ek het dadelik skaam gekry. Was dit dan nie bloot ’n spontane, vriendelike opmerking nie? Sou ek nie dieselfde gesê het nie? Want die lekkerte van biltong is mos ’n algemene aanknopingspunt tussen mense, selfs vreemdes.

En nou, vier suinige maande later, staan ek op hierdie Sondag voor ’n porsie van die goeie gawe. Die olyfgesalfde pan knetter van opgewondenheid wanneer ek die koeitjie se binnespier in die kokende borrelbad neervly. Seël haar eers – mens moet die hartsappies bewaar, want die vetterigheid is maar skraps – en seën haar dan met ’n sousie wanneer sy omdraai op die bleek sy.

Tsssssst! Heng, dit klink so gewelddadig, daardie sis van die offerande. Maar die aroma van haar geurige suiwerheid klaar dit gou-gou uit met gewetensekuriteit. Sy ruik heerlik.

As bordgenote vir haar het ek ’n paar blare in my tuintjie gaan pluk en ’n paar aartappels sommer in die mikrogolf gedruk om te kapok. (Darem eers vol gate gesteek met ’n bajonet sodat hulle nie weer ontplof soos daardie keer nie. Sleg geskrik daar...)

Op daardie oomblik klop ’n buurvrou aan die deur, met ’n familielid wat vir die naweek kom kuier het.

“Jammer,” sê Buurvrou toe sy die pan ruik, “jy maak kos, ons gaan nie lank bly nie. Ek het eintlik net kom hoor of jy iets nodig het, ek het gehoor jy was siek. Dis Nadine, my suster se skoondogter van Plumstead.”

Ek steek my hand uit. Nadine deins terug en fladder haar palms in die lug. Sy’s nie ’n handskudder nie, beduie sy. En duidelik ook nie ’n vleiseter nie, kom ek agter toe Buurvrou vra wat so ruik, en ek met oorgawe vertel van die heilige gawe wat my op die Sabbat te beurt val.

Nadine lyk of sy enige oomblik ’n kat gaan skiet. “Wil jy proe?” vra ek uit asprisgeit (moet ek bieg, want ek wou nie rêrig my kroonkossie deel nie).

Fout. Nadine pak my net daar met ’n hele hoofstuk geoefende retoriek uit een of ander lensiebybel. *Sentient beings* voor en agter en *you guys* en *you people* oral tussenin. En verder deeglik deurspek met onomwonde beskuldigings van *cruel* en *mindless* en *murder*.

OK, kyk, ek het niks teen vegetariërs en *vegans* nie. Om die waarheid te sê, ek eet hulle graag (nog nooit sin gehad vir roofdiervleis nie). En al bloei my hart vir die arme lensies wat verslind word terwyl hulle nog weerlose babaspruitjies is, spreek ek my nie daarteen uit nie. Elkeen het die goeie reg om sy dieet te kies volgens sy voorkeur en die toestand van sy tande, glo ek.

Maar duidelik dink almal nie so nie. Mense soos Plumstead se lensievegters hel eerder oor na fundamentele geloofshisterie, as jy my vra. Hulle mening is die absolute evangelie, gebaseer op die universele Leer van Lensies, terwyl jy bloot ’n heidense vleisvreter is wat nie eens ’n spreekbeurt waardig is nie.

Ek het ’n probleem daarmee. (Net soos vegetariërs en *vegans* ’n probleem het met mense wat húlle aanval op grond van húlle voorkeure.) Jy sê nie vir my wat ek mag eet nie, en ek sê ook nie vir jou nie. Maar wat ek toe wel gesê het – teenoor Buurvrou – was: “Baie dankie, kom weer. Maar vat nou asseblief hierdie hondsdol lensiemensie uit my huis uit. Ons werk met kos hierso.”


SAFARI
OUTDOOR
Meet your new boss
The 'Big Game'
Single Square Bridge (SSB) or Double Square Bridge (DSB)
375 H&H, 416 Rigby, 404 Jeffery, 450 Rigby.
Scoped or Unscoped
Est 1775
RIGBY
JOHANNESBURG
TEL: 086 114 3545
PRETORIA
TEL: 086 122 2269
STELLENBOSCH
TEL: 086 111 4330
EAST RAND
TEL: 086 100 0071
WEST RAND
TEL: 011 662 2100
NELSPRUIT
TEL: 013 813 5500
Follow us on social media
or visit www.so.co.za





# .416 RIGBY – AFRIKA SE GUNSTELING

**Van toeka tot nou kon min kalibers die .416 Rigby in Afrika se jagveld oortref.**

**HOOFFOTO:** Stefan Steyn se pasmaakgeweer wat op die voorblad verskyn – 'n pragstuk wat al sy deel in Afrika gedoen het. Danie Joubert het die metaalwerk gedoen, Faan de Vos die kolf, en die graveerwerk is die meesterlike handewerk van Armin Winkler en Jonathan Knoesen. Beter vakmanskap is kwalik moontlik. Stefan het 'n Granite Arms Magnum-aksie gebruik met 'n Truvelo-loop.

Die sowat eerste twee dekades van die vorige eeu was 'n blomtydperk vir die grootkalibers. Die sukses van die "Nitro Express"-kalibers het vir ons 'n nuwe blaadjie omgeslaan met rooklose dryfmiddel wat koeëls teen hoër snelhede kon lanseer en het 'n nuwe ballistiese wêreld oopgemaak. Jeffery het in 1896/1897 die .450/.400 NE 3" bekend gestel en Rigby die .450 NE 3¼" in 1898. Aan die kleiner kant van die skaal was daar die .400/.350 NE (310 grein-, .358 kaliber-koeël teen 2 000 vps) en die .350 Rigby Magnum (225 grein-, .358 kaliber-koeël teen 2 600 vps) – beide slotaksiekalibers wat op Magnum Mauser-aksies gebou was. Toe Jeffery in 1905 die .404 bekend gestel het (400 grein-, .423 kaliber-koeël teen sowat 2 050-2 125 vps) was dit amper onmiddellik 'n groot sukses. Jeffery, Cogswell & Harrison, Westley Richards en Mauser het almal .404's gebou teen pryse wat meeste geleentheidsjagters, soldate en natuurbewaringsdepartemente kon bekostig. Daar was natuurlik ook die .425 Westley Richards-slotaksiegeweer (410 grein-, .435 kaliber-koeël teen sowat 2 350 vps) wat in 1908/1909 bekend gestel is, maar nooit werklik langtermynbekendheid verwerf het nie. (Westley Richards het verskeie foute met die gewere se produksie gemaak, wat dié kaliber 'n slegte naam gegee het in die jare nadat dit vrygestel is.)

Rigby was reeds sedert 1898 die Mauser-agent in Engeland en het dus toegang gehad tot dié puik aksies, asook die Magnum-aksie sedert 1904. As jy die boeke oor die meer bekende Britse wapenvervaardigers se geskiedenis lees, word dit gou duidelik hoe kompeterend hulle was – hulle het vinnig op ander vervaardigers se nuwe kalibers en patente gereageer en daar is soms die spreekwoordelike oorlog tussen hulle gevoer, met verskeie hofsake wat die lig gesien het om patente te verdedig. Rigby se antwoord was die .416 Rigby, maar in teenstelling met Jeffery se .404, het Rigby die kaliber se vervaardigings-/eiendomsreg behou – slegs hulle kon dit maak. Rigby het op die boonste gedeelte van die mark gefokus en duur gewere vir "ernstige" jagters, ivoorjagters en die



Die buffelmotief-graveerwerk op die magasyn se vloerplaat en snellerbeuel.

rykes gebou. Natuurlik kon almal dus nie 'n Rigby bekostig nie, met die gevolg dat die .416 nooit so populêr soos die .404 Jeffery geword het nie. Hierdie stelling is natuurlik net waar indien dit in 'n historiese lig beskou word – deesdae is die .416 Rigby uiters gewild en die .404 Jeffery het nou 'n baie kleiner aanhang as die .416.

Kom ons kyk vervolgens na die kaliber se spesifikasies. Die oorspronklike spesifikasie was 'n 410 grein-, .416" kaliber-koeël teen sowat 2 300 vps, wat 'n kinetiese energiewaarde van net oor die 5 000 voetpond (vt-lb) gelewer het – 'n stewige kombinasie... Die dop is massief, selfs indien teen vandag se standaarde gemeet met 'n waterkapasiteit van ongeveer 130 grein (die grote .500 Jeffery se kapasiteit is sowat 155 grein). Die dop is 2,9" lank met 'n halfduim lange nek en 'n 45°-skouer. Resultate in die veld het die .416 Rigby baie vinnig 'n goeie reputasie vir werkverrigting gegee – Rigby se oorspronklike soliede koeëls was uiters effektief op alle grootwild.

Hierdie kaliber se aanhangers is van die bekendste en suksesvolste jagters van alle tye. John Taylor het die volgende te sê in *Big Game and Big Game Rifles: "For all-round work amongst dangerous game, both thick-skinned and thin-skinned, there is no better magazine rifle than Rigby's .416. I have never handled a magazine rifle of any sort, large-bore, medium-bore or small-bore, in which the feed from the magazine platform to chamber was quite so delightfully smooth or required so little effort as on my Rigby .416."* (Taylor se kommentaar moet natuurlik gesien word in die lig van wie sy geweer gebou het – Rigby. Die veronderstelling dat álle .416 Rigbys foutloos voer is foutief en het niks met die kaliber te doen nie – dit het te doen met puik vakmanskap. Anders gestel – die blote feit dat die geweer gekamer is in .416 Rigby maak nie noodwendig daarvan 'n foutlose geweer nie...) Taylor vervolg: *"Those splendid steel-covered solid bullets which Rigby supplies for use with it, with their amazing thickness of solid steel at the nose, ensure that, no matter how massive the bone which it encounters, there can be no fear of the bullet los-*»



**LINKS:** My eie .416 Rigby deur hulle gebou in 1956 op 'n standaardlengte-aksie. Ek beplan om in 2023 met hom te jag. **REGS:** Stefan Steyn besit ook 'n oorspronklike Rigby wat voor die oorlog op 'n Magnum-aksie gebou is. Let op die verskille in die gewere – Stefan se langer loop en kolf, die vorm van die slothandvatsels en die loopprofiele.

» *ing its shape and thereby direction. With expanding bullets, its stopping power where lion are concerned is extraordinary.”* Taylor se kommentaar is natuurlik 77 jaar oud en die vordering wat in hierdie tydperk gemaak is in terme van koeëlkonstruksie is massief. Sy opmerkings in hierdie verband bly dus geldig en relevant.

Harry Selby, waarskynlik die gewildste professionele jagter van die eeu en sekerlik een van die bestes, het ook die .416 vir dekades gebruik. Harry skryf in Augustus 2010 die volgende oor hoe hy aan sy Rigby gekom het (effe verkort):

*“I was on Safari in the Ikoma area of north-western Tanganyika in 1950/51. We were hunting with three clients from the United States ... Chuck was using a .470, hired from the company. His first shot hit the bull high in the shoulder, dropping him in his tracks. A second shot finished him off. We sent Kidogo back for the car. He would have to bring it by a circuitous route to avoid the marsh, and that would take a while. We had no four-wheel drives in those days.*

*There were no trees for a considerable distance from where the buffalo fell, and there being nothing on which to lean the rifles, we laid them down in the grass in order to assist Matheke in the removal of the head and cape. We figured that we would be finished long before the car arrived, and would be holding the rifles ready to put them back in the gun racks when it did.*

*I was at that time the proud owner of a first-grade double Rigby .470 in mint condition. Jack Block, Managing Director of Ker & Downey Safaris, had arranged for me to buy it from a friend of his for one hundred pounds.*

*As we were finishing with the skinning, I heard a vehicle but paid no attention, thinking it was my car approaching. No problem, Kidogo knew the rifles were in the grass. However, I realized after a while that the sound was coming from a different direction from that I expected my car to appear.*

*...Donald drove up and stopped. In a flash, I remembered the rifles, but it was too late; one of his front wheels had driven directly onto the barrels of my Rigby .470. Horrified, I retrieved the rifle as Donald reversed and immediately realized the worst. The barrels were badly bent. Who was to blame? Nobody! We did not expect Donald to come along when we put the rifles in the grass, and he did not know that the rifles were there. It was a tragic accident.*

*On arrival back in Nairobi a couple of weeks later, I immediately began making enquiries for a replacement, but time was short and there appeared to be nothing in the line of heavy double rifles available. The only heavy rifle I could find was a Rigby .416 at a dealer by the name of May & Co. It had been ordered by Don Bousfield, a game ranger, and for some reason, Don and the .416 had not bonded. It was ‘as new’ and for sale for one hundred pounds. I had no option. I bought it, little knowing then that decision was one of the most important I would make throughout my hunting career. So began a lifelong love affair between myself, the .416 calibre, and the Rigby rifle.*

*I very soon realized that this rifle-and-cartridge combination was, for me, far superior to any double. The inherent accuracy of a bolt-action was apparent from the very first shot; the phenomenal penetration was to make itself evident as time went by. I also appreciated the four-round magazine, and on several occasions was glad that those four rounds were ready and waiting.*

*Suffice to say that after about two safaris, I would not have gone back to a double under any circumstances. In the Rigby .416, I had found the perfect pro-*




Stefan het ’n Schmidt & Bender-teleskoop op die geweer gemonteer met vinnig verwyderbare monterings – ook pasmaak gebou deur Danie Joubert in die Holland & Holland-styl, net beter.



Die pragtige "*exhibition grade*"-okkerneutkolf. Stefan se broer het dit tydens 'n besoek aan Turkye gekoop.

*fessional hunter's rifle – a beautifully balanced, fast-handling weapon propelling a four-hundred-grain bullet fast enough to enable it to reach out up to three hundred yards if need be when trying to bring down a wounded animal, and yet perform with devastating effect on large dangerous game at close range. I was impressed!!!*

*I have to say that this rifle never gave the slightest trouble. It did, however, give the most satisfactory service anyone could ask for – it never let me down, ever!! I think my Wakamba gun bearers were even more devoted to it than I was. Maybe they thought it had some kind of 'dawa' (medicine). They called it 'Skitini', the closest they could get to 'four sixteen', and I do believe they were convinced it did most of the shooting by itself. I merely pointed it in the right direction. They regarded it as the one thing that stood between themselves and a possible messy follow-up.*

*Over the years as a professional hunter, I carried the .416 from the Sudan in the North to Botswana in the South. There have been some rather tricky situations, and it was largely due to the qualities of the Rigby rifle and the performance of the .416 cartridge that everyone involved came through unscathed."*

Spasie laat nie toe dat ek al die professionele jagters lys wat die .416 gebruik het nie, maar my goeie vriend Ron Thomson het ook die kaliber by geleentheid gebruik as sy FN .458 Win Mag nie beskikbaar was nie. Ron het natuurlik duisende olifante, buffels en seekoeie gejag in sy loopbaan wat oor 'n paar dekades gestrek het. Hy vertel my dat die .416 (wat deur sy departement in die destydse Rhodesië aan hom uitgereik is) veels te swaar vir hom was en hy dit nie kon hanteer soos sy .458, wat hom soos 'n handskoen gepas het nie. Hy voeg by: "... *I have nothing of consequence against the .416 Rigby – just that my .458 Magnum regularly outperformed it when in action."* Een man se brood...



'n .416 Rigby-patroon (links) en 'n .416 Remington Magnum-patroon (regs). Daar is talle .416-kalibers op die mark, maar net een hou vir my die bekoring van die Afrika van ouds in.

Oorspronklike Rigby-gewere in .416 is redelik skaars. Tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Rigby 169 .416-gewere gebou. Ná die oorlog, toe die Mauser-aksies begin skaars word het, is ander aksies ook gebruik, soos die Enfield P-17 en CZ/Brno. Tussen 1939 en 1984 (toe Paul Roberts Rigby gekoop het) is 'n verdere 180 gewere gebou, en tussen 1984 en 1997 nog 184. Die ouer Rigbys is gesogte versamelstukke wat nie sommer hande verruil nie – en as dit wel gebeur, is dit teen pryse wat die oë effe laat water... As 'n mens egter een gebruik en die klassieke Engelse styl en gevolglike hanteergemak ervaar, weet jy hoekom hulle so gesog is.

Met moderne dryfmiddels en komponente is dit nie moeilik om die oorspronklike spoed te oorskry en geen oormatige druk te ontwikkel nie. Amper alle vervaardigers van goeie kwaliteit ammunisie en komponente lys die .416 in hul produksiereeks en die herlaaier kan kies en keur. Somchem se S365 (en ook S385, wat effe hoër snelhede lewer) is die .416 se kos, dus sal die ingevoerde ekwivalente soos IMR4350, H4350 en dies meer ook geskik wees, asook Lovex se S062 en S071.

Ek het al met verskeie .416'e geskiet en ook gejag, maar my eie oorspronklike Rigby (voltooi op 13 September 1956) is gebou op 'n standaardlengte-aksie en het ongelukkig nog nie diens gedoen in die veld nie – iets wat ek hierdie jaar wil regstel. My keuse van komponente het geval op 'n 400 grein Rhino Solid Shank-koeël en Norma-doppe, maar ek moet nog besluit oor die regte soliede koeël vir my geweer, asook die dryfmiddel. Die jagters wat ek ken wat die .416 Rigby gebruik, sweer daarby... Daar is natuurlik talle "moderne" .416-kalibers op die mark, maar Pierre van der Walt, SA JAGTER/HUNTER se spesialisbydraer, skryf in sy boek *African Dangerous Game Cartridges* die volgende oor die .416 Rigby wat dit mooi opsom: *"No other .416 cartridge will ever elicit the same awe as the .416 Rigby, and probably not the same pride of ownership either. If the .416 Rigby is the cartridge you must have then it is the cartridge you must have, and all the theory does not come into play. ... It is a cartridge that just does not disappoint if the handloader and the hunter contribute their fair share."* Ek stem volkome saam...

# GUMBOOTS ARE ALWAYS JUST TOO SHORT

## MEANDERING THOUGHTS ON THE VALUE OF WELLINGTONS




**Wellies have many wonderful uses – shooting waterbirds over a wetland is not one of them.**

Wellies, also known as rain boots or galoshes, were invented in the 1800s by the Duke of Wellington. Apparently, he asked his shoemaker to modify his riding boots. Initially made of leather, the Scottish-based North British Rubber Company began manufacturing wellingtons from natural rubber. Natural rubber was known as "gum rubber", hence the name "gumboot". The duke was famous as he led the British Army to their final victory over Napoleon at the Battle of Waterloo on 18 June 1815. Part honour to the great man, the name "wellies" stuck.

The instructions accompanying the invite said we should bring waders. *Ja*, well, OK, I thought. I did not have waders and I wasn't going to rush off and buy a pair for one shoot only. Besides, I knew nothing about waders apart from observing heavily over-equipped fly-fishermen wearing bulky, rubbery-looking long johns. I settled for gumboots and went to the local farmers' cooperative to buy the regular. Those years the choice was easy – you could have any colour as long as it was black, like Mr Ford's Model T. They were designed to withstand the rigours of serious mining abuse – tough and uncomfortable. You would perhaps doubt this statement if you saw the mileage some miners got out of them. They got issued with one pair a year, and by the time the new gumboots arrived (and despite very little being left of the old pair), the old boots were passed down to a buddy who



**TOP LEFT:** Aigle, Hunter and Le Chameau Vierzon are the most commonly seen gumboots brands in Britain. This Aigle advert comes from a 2015 *The Field* magazine. Gumboots have obviously come a long way since my old black miner's jobs, but they still won't keep you dry on the marsh.

**MAIN PHOTO:** Gallo Images.





**TOP:** At least gun dogs don't wear wellies.

**RIGHT:** Shooting stockings and ribbons – very smart, but keep them on dry land.

managed to wear them for another year. They were really tough, those boots, and so were the miners' feet.

They ground up your heels and your feet sweated and stank to high heaven. But they were water-tight, and at about calf length, adequate for sloshing around in ancle-deep mine water. I thus presumed they would be suitable for my purposes as well. Little did I know that this dryland *Bosveld* boytjie was in for a rude awakening…

We left the Memel Primary School dorm at four in the morning in bitterly cold weather. Three of us crammed into the front of my Toyota Hilux farm bakkie – no double cab in those days. No thermometer either, so I cannot accurately tell you how cold it was. Suffice to say that only madmen and wingshooters voluntarily venture out on such freezing days. However, I was happy to be in the cab, squashed in with those two big fellows. You always have one guy in the dorm with a monumental snore, and the night before, that man ended up in the bed right next to me. It was a relief to get up and move out. One can only stand *so* much!

Sitting so tightly packed in the bakkie created some warmth and misted the windshield up in double time. Through the fogged-up windshield I just managed to follow the red taillights of the car in front of me until the heater kicked in and demisted our route.

At our destination, we were split up into small groups and dumped somewhere next to a very placid and innocent-looking wetland. I was told to get a place next to the water, wait for the sun to rise and shoot the ducks coming over. As simple as that. And I felt very smart donning my brand-new black water boots. With frosted breath and iced-up grass, I got a rapid introduction to law number one of gumboots wearing: gumboots offer absolutely no protection against the cold. In later years, I was introduced to better-quality, neoprene-type boots sported by some of my better-heeled friends. But those black, unlined mining gumboots I wore that morning in Eastern Free State Siberia didn't offer any protection at all. No *Boet*, on the contrary, they seemed to attract the cold, and once trapped inside that plastic-cum-PVC-cum-whatever those boots were made of, your toes were doomed to develop frostbite.

As I felt my toes getting colder, I decided not to worry because as soon as the action started, the blood would start flowing and my toes would warm up. Mind over matter, think of other things, try intrinsic motivation, that sort of stuff. But nothing helped. Absolutely nothing. How on earth did those Siberian Gulag prisoners survive?

But when the first yellow-bills came over, I did temporarily forget about my ill-fitting, black coop boots and frozen toes and concentrated on the feathered missiles with their gold-flecked beaks flitting past against the eastern horizon, and I killed two that dropped about 30 yards out. We had no dogs in our little group of intrepid wingshooters and had to do the retrieving ourselves. No problem – my brand-new, fully waterproof black wellies were more than up to that seemingly innocent, shallow-looking vlei. Bring it on, baby!

I felt very chuffed as I strode out to fetch the ducks. Who needs waders? My gumboots were 100% waterproof. Halfway out I did notice, with some trepidation, that the water had risen to a mere few millimetres below the rim. But I was almost there, and slowing down, I walked very carefully, confident that the ducks would soon be in the bag. And then it happened... The bottom of the vlei dipped»

» gently so that the surface of the water was now a few millimetres above the rim of the boots. Not by much, but just enough to slosh over and gently flow into the boots and fill them to the brim. No use shouting to the barman (he was overfilling my glass; does that ever happen?) or walking back to shallower water – my boots were full, and the ducks were still a metre yonder.

I was now rapidly learning the truth about law number two in the gumboot curriculum: their length is always a couple of millimetres shorter than what is required. This "law" can be formulated in several different ways, all for which you will earn full marks – i.e., the water is always deeper than the height of your boots, or the ducks always fall a yard beyond the protection of your boots, etcetera. If you can say it cussing through your chattering teeth, extra points can be gained. But always check for women and children, lest you be responsible for drawing them down to your level of cold.

After the shoot they said the short-haired dogs fared better in the cold than the long-haired varieties. I do not agree with that statement. My hair was short but my feet were very cold for the rest of the day. Perhaps my mistake was that I am a slow learner. As the shoot went on, it happened again and again. And my thermal long johns did not help either; they got saturated with the very first dunking.

I learnt rule number three as soon as I got those ducks ashore. I had donned a thick pair of rather longish stockings so I could fold it over the top of the boots. This in theory was simultaneously going to help against the cold and prevent the stockings from sagging and slipping down into the boots. Besides, I thought it looked rather cool (and even thought of adding a ribbon to hang out below the collar – I saw the pictures in a British *Shooting Gazette*). But theory and practice proved miles apart. In this case, practice made a mockery of my theory. Once those stockings got wet, they rapidly slipped down and got stuck below the balls of my feet and around my ancles. Submerged in water, it was not that bad, but on dry land they weighed a ton and all I wanted to do is pull them off, pour the water out, and wring the socks dry. This is when rule number three reared its ugly head: with wet socks bundled around your heels, those boots can hardly be removed. A vacuum is sucked down below. Pulling them off is exhausting – an octopus can stand this one: wellingtons are not designed for walking in the veld all day. You will be twice as buggered as usual after a full day in the veld. No matter how well designed they are anatomically and ergonomically, they are heavy. Filled with water, the weight and discomfort rating shoots up exponentially. Try and avoid it at all costs; it is dangerous to your health.

Since those early days, I have tried many different gumboots, or what they call "top boots" here in the Overberg. I tried to establish the origin of the word "top boot" but am still unhappy with the possible explanations.

> But buy the tall boot, not those heel huggers if you want to use them for any serious wingshooting work.

learn lessons from it. Better as well to sit down firmly before attempting the job, as you are bound to lose your balance once or twice. That's if you can find a dry spot; the frost-covered grass will be sopping wet, and you will end up with a wet bottom. And why the hell are there no boot hooks around?! Also keep in mind that you will be doing this several times during the day. Just recently, after I had stepped into a deep, squelching mud hole, I had to repeat the struggle three times in a row. I thought of giving up and simply braving the sloshing muck.

My mate had to throw in the towel as he could not remove his very fancy neoprene gumboots at all – and despite my every effort, neither could I. He just had to drive all the way back home where he could engage his entire family in a monumental tug of war.

Here's a few more rules. Number four states that the smallest hole is just as bad as the deepest water. You will get wet, just somewhat slower, and inevitably, with the same results.

Rule number five – and you've got to experience it to underMr Google simply suggests a boot with a high top. Other linguistic experts say it's from wearing these boots "over the top", but that makes little sense – unless it's over your socks, which is the way most boots are worn around here anyway. Only the miners are able to wear them without socks and from the inside out.

Many years ago, I bought a pair of green CEBO boots, made of 100% natural rubber with a nice fibrous (artificial fur) lining. As I am on my second pair now, it is perhaps proof that they are not too bad. Ergonomically designed, they have a 140 mm zip on the side to facilitate easier doffing and donning. I can confirm that they are perhaps slightly warmer but beware – once that inner lining gets wet, it takes weeks to dry out again. The zipper quickly rusts past the point of useability and the rubber is thin and punctures relatively easy.

Any hole means a patch, which instantly converts your precious boots into a well-used, rugged look. Either that, or it's another pair at R949. They are not as tough as the old black jobs.

Wellies have moved on into the designer era. Some of them have red rims, some are completely white – I presume for the dairy industry (to match the milk?). This despite the boots mainly being used for walking through sloppy cow dung that renders them, well, brown or even black. Does that make sense to you? They are very fashionable with the ladies too. Pink or camo or even lime-green garden wellies. And they are seriously branded. I've noticed "Hunter" being very popular with the fairer sex, which surprises me in this day and age of the anti-hunting lobbyists.

A quick Internet search had me drooling, for instance, Le Chameau Vierzon jersey-lined men's wellingtons with adjustable, waterproof gussets for enhanced comfort. The fast-drying design keeps your feet cooler for longer (do you want to keep your feet cool or warm?) and the flexible construction ensures easy movement and fatigue reduction. It all sounds very wonderful, except for the price.

There are also Howick gumboots lined with a "soft sock". The variety is endless. I see they make a "Muck Boot" these days, with 4 mm neoprene and a breathable PK mesh lining for improved airflow and comfort? But buy the tall boot, not those heel huggers if you want to use them for any serious wingshooting work. Shakespeare said, "What's in a name? That which we call a rose by any other would smell as sweet." *Ja, Boet*, salesmen – they don't smell like roses.

In summary, those guys that drew up the invite were right. Gumboots are best for use on dry land and mucking through the muck. The only thing that will keep you dry shooting over a wetland are waders. Either that or strip and walk in with slip-slops. After my Memel experience, I went to our local fly-fishing shop and bought some waders. Comfort is still a factor, but at least they keep me dry!

# Beskerm jou wiele!

**Met 'n unieke antidiefstal-sluitmoer wat net jy kan losmaak**

Elke sluitmoer is uniek gemaak vir jou kar se wiele





**Meer** as 999 unieke kodes!

BESTEL NOU AANLYN

Kontak ons:
sales@nexgenfleet.co.za
of skakel 083 326 7683

Landwye Aflewering

LOCK NUT GUARD
www.nexgenfleet.co.za

4 / 5 wielmoere, afhangende van die voertuig | 1 gekodeerde sleutelsok | 1 sokkodekaartjie

**Plaaslik vervaardig, plaaslike ondersteuning!**

Ons verskaf ook sluitmoere vir ander vervaardigers

JAGKOMPETISIE | Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE DIE ONDERVINDING VAN 'N LEEFTYD...

Tydens die derde week van November het Lawrence Meintjes (wenner van die SAJWV se buffeljagkompetisie), sy vrou Ansu, Gert Booyse (eienaar van die hoofborg, Rhino Bullets) en ek die tog na Zambeze Delta Safaris (ZDS) in Coutada 11, Mosambiek, aangepak. Om logistieke redes moes ons die laaste ongeveer 240 kilometer met die Cruiser aandurf nadat Gert ons op Beira se lughawe opgelaai het en ons almal eers die aand daar oorgeslaap het.

Weens swaar reën die vorige dag was die pad tussen Dondo en Inhamitanga vol modderpoele en vragmotors wat vassit – die rit het ons nege ure geneem om te voltooi! Coutada 11






**HOOFFOTO: Lawrence en Ansu by sy buffel – 'n droom wat waar geword het!**






**BO: Lawrence voor hulle tent-chalet in Mungari-kamp.**

**LINKS: Lawrence en Ansu by Mungari-kamp.**



**BO: Die pad tussen Dondo en Inhamitanga was 'n modderspul en ons moes per geleentheid die wenas gebruik om ons uit te trek.**

is 'n gesogte bestemming wat uiters gewild is onder bekende jagters en skrywers, voëlkykers en bewaringskundiges. Die pad na die kamp neem jou deur die sandwoude met reusebome en -struike wat jou amper aan ons eie Knysna-woude herinner. Die aantal rooiduikers, blouduikers en soenies wat ons gesien het, al was dit vroegmiddag, was moeilik om te glo – hulle wemel behoorlik daar.

Ons het die res van die dag ontspan en laatmiddag op 'n wildbesigtigingsrit gegaan in 'n klein gedeelte van die 250 000 hektaar-konsessie wat groter is as die hele Pretoria en Johannesburg tesame, of anders gestel, 'n sirkel met 'n deursnee van meer as 56 kilometer. Die volgende oggend is daar gewere ingeskiet – die kamp se .416 Rigby en .300 Win Mag wat Lawrence sou gebruik. Daarna is ons na »



**Hierdie poel was toe effe dieper as wat ons gedink het… Jy kan nie met spoed daardeur ry nie, want jy weet nie wat op die bodem is nie.**



Ek, Lawrence en Gert by Lawrence se mofhartebeesbul.





LINKS: Die sandwoud word gekenmerk deur grasvlaktes en palmbome met bosruigtes en ander bome hier en daar. REGS: Die vlakvark in die agtergrond het haar min aan ons gesteur. Ons het verskeie kere die skietstokke opgestel en gereedgemaak, maar tevergeefs.

» die vloedvlakte op soek na sy Lichtenstein se hartebees, of mofhartebees soos dit in Suid-Afrika bekend staan.

Die sandwoud het redelik vinnig in 'n vloedvlaktelandskap verander, gekenmerk deur grasvlaktes en palmbome met bosruigtes en ander bome hier en daar – die blyplek van vlakvarke, soenies, rietbokke, hartebeeste, bosvarke, njalas, Livingstone se elande, swartwitpense, waterbokke, rooibokke, en Selous se sebras. Ons asem is binne 'n paar kilometer se ry weggeslaan deur die hoeveelheid en verskeidenheid wild wat tegelyk gesien kon word. Dit was ongelooflik – in alle rigtings het dit van die wild gewemel, met tot soveel as 50 soenies, rietbokke en vlakvarke sigbaar op enige gegewe oomblik. Ons het verskeie troppe mofhartebeeste asook alleenlopertroppe deurgekyk vir 'n mooi bul. 'n Hele paar keer het ons bulle bekruip en op die skietstokke gekom, maar Gert (self 'n professionele jagter wat etlike jare in Coutada 11 gewerk het) en Bredger Thomason ('n Amerikaanse beroepsjagter wat ses maande van die jaar in Coutada 11 werk) was telkens oortuig ons kon beter vaar. Ek het kameraman gespeel en video's verfilm.

Teen ongeveer tienuur die oggend het ons 'n mooi bul gewaar wat deel was van 'n groot trop wat aan die rand van die palmbome gestaan het. Hulle was nog vêr van ons af en ons kon taamlik maklik tot naby aan hulle kom om die bul van nader te bekyk. Bredger en Gert het instemmend geknik en Lawrence het agter die skietstokke reggeskuif. Die bul het egter ander planne gehad en koers ge-





kies na die oop vloedvlakte waar hy, gelukkig vir ons, op sowat 220 meter plankdwars gaan staan en in ons rigting gekyk het. Lawrence het net een skoot nodig gehad – 'n perfekte bladskoot. Die bul het 'n draai van ongeveer 100 meter gehardloop en toe omgekantel. Lawrence het sy pragtige mofhartebeestrofee gehad!

Daardie middag was dit tyd vir sy Livingstone se soenie. Hulle word gewoonlik vroegoggend en laatmiddag gejag wanneer hulle meer aktief is en 'n jagter hulle kan sien rondbeweeg. Soenies is klein bokkies (slegs ongeveer 35 cm hoog en met 'n gewig van net sowat 5-7 kg) en moeilik om in die digte sandwoude raak te sien. 'n Loop-en-bekruip-jag hier is nie onmoontlik nie, maar baie moeilik. Die digte bosse, droë blare en rankplante maak dit bykans onmoontlik om stil te beweeg en die sig is natuurlik tot enkele meter beperk. Die normale manier van jag hier is om in die pad af te stap en jou soenie te soek of, soos ons gedoen het, stadig met die Cruiser in die pad af te ry. As jy dan een raaksien, ry jy verby en stap terug na waar jy hom gesien het, met die hoop op 'n oop skoot deur die bosse.

Ons het weereens verskeie ramme deurgekyk wat volgens Gert en Bredger nie die paal gehaal het nie, al was byna almal van trofeegehalte. Die trofeekwaliteit van soenies, blouduikers en rooiduikers in Coutada 11 is van só 'n aard dat dit amper 'n doodsonde is om een te jag wat nie aan Rowland Ward-standaarde voldoen nie. 'n Halfuur voor sononder en sowat 20 kilometer buite die kamp het een van die gidse sy vingers vinnig geklap – die teken dat hy 'n mooi ram bespeur het. Ons het verbygery en stilgehou. Lawrence, Gert en Bredger het »

**BO: Lawrence en Gert by Lawrence se pragsoenie wat sowat 'n duim bo Rowland Ward se minimum afmeting is – voorwaar 'n trofee om te koester.**

**ONDER: Lawrence, Gert, Bredger en ons gids stap terug na waar ons 'n soenie gewaar het. Danksy die sagte sandpad kan 'n mens feitlik geluidloos loop om die soenie te bekruip, anders as onder die bome waar die droë blare en takkies dit onmoontlik maak.**



**BO: Hierdie foto van die sandwoud is vanuit die Cruiser geneem. Die sig is uiters beperk – 'n mens kan kwalik 10 meter ver die bos in sien. Kan jy die soenie raaksien?**





**BO:** Die "BV". Dit het 'n 3,5 liter-petrolenjin, 'n outomatiese ratkas en beide die voorste en agterste bande word aangedryf. Dit is nogal senutergend as jy snags deur die diep moerasse ry en die hoofligte verdwyn onder die bruin water. Dit is dan totaal donker en jy kan nie sien waarnatoe jy ry nie. Nóg meer senutergend is om bo-oor die papirus te ry – die BV hel maklik oor na die kant en dit voel asof dit enige oomblik gaan rol. Dan sit Bredger dit egter in trurat en ry 'n paar meter na 'n ander kant toe. Daar is geen ander manier om in die moerasse te jag as met die BV nie, tensy jou tyd onbeperk is.

**ONDER:** Daar was 'n mooi bul in die eerste trop wat ons raakgeloop het, maar hy het ons nie 'n skoot gebied nie. Hier staan ons en planne maak terwyl ons die buffels tyd gee om rustig te raak.

» afgeklim en voetjie vir voetjie teruggesluip. Gert het die skietstokke opgeslaan en 'n paar sekondes later het die .22 Hornet geklap. Ons het die bos 'n goeie tien minute deeglik gefynkam vir sy ram en hom uiteindelik slegs sowat 20 meter verder gekry van waar hy gestaan het – die bos was dig en die soenie klein… Wat trofeestandaarde betref, kon Lawrence nie beter gevaar het nie. Sy soenie het 4" gemeet en sal onder die top-100-soenies wees wat al in *Rowland Ward's Records of Big Game* opgeneem is – 'n pragtrofee!

Die volgende dag was dit tyd vir buffeljag. Die Marromeu-kompleks van ongeveer 1,1 miljoen hektaar is die tuiste van sowat 25 000 buffels. Om hulle op te spoor is egter 'n ander storie. ZDS se Mungari-kamp lê op die rand van die sandwoud. Daarvandaan moet jy ±30 kilometer deur die vloedvlakte ry om tot by die moerasse te kom waar die meeste buffels aangetref word. Die enigste manier om deur die moerasse te beweeg, is met spesiale amfibiese voertuie met 6x6- of 8x8-aandrywing, of met bande (Argo's), of met "BV's" (Engelse uitspraak: "beevees", wat staan vir *Bandvagn* in Sweeds – "bandevoertuig"). 'n BV is 'n militêre voertuig wat vir die moerasse aangepas is deur die dak te verwyder. Die BV's loop eenvoudig waar hulle wil en is amper onstuitbaar. Die terrein is van so 'n aard dat daar stadig gery of gestap moet word; dit sal haas onmoontlik wees om bloot te gaan soek na buffels in die massiewe konsessie. Die manier waarop ZDS dit doen, is om 'n paar troppe met 'n helikopter op te spoor en hulle GPS-koördinate te neem. Die helikopter gee dan hierdie koördinate deur aan die jagspan wat met behulp van 'n GPS koers



kies na waar die trop opgemerk is. Dit klink dalk half oneties, maar is makliker gesê as gedaan.

Ons is in die rigting van die naaste trop, maar toe ons aanland waar die merkie was, was daar nie 'n enkele buffel in sig nie. Moeraspoele vol lang grasse en papiruskolle in alle rigtings het ons sig beperk tot so 200 meter en selfs tot 1 kilometer rondom ons. Ons het dus omgedraai in die rigting van trop "nommer 2" en bo-oor die vars spore van 'n groot trop gery – die nat modder wat die buffels aan die gras afgeskuur het, was duidelik sigbaar. 'n Uur later het ons die witreiers bo die moerasgrasse sien opstyg en die buffels in die oog gekry. Die wind was effe verkeerd vir ons en ons moes 'n wye draai stap. Die turfgrond is uiters moeilik om op te loop. Tydens die nat seisoen trap die buffels en olifante diep gate in die modder en soos wat die modder uitdroog, los dit oral klipharde, diep gate – jy kan amper nie jou voet neersit sonder om een raak te trap nie.

Die trop was aan die ander kant van 'n moeraspoel en ons moes daar deur. Ek en Ansu het agter gestap en nadat die twee spoorsnyers, twee professionele jagters en Lawrence reeds deur die modderpappery geswoeg het, was daar nie meer vastrapplek vir ons twee nie. Ondanks ons beste pogings het ek en sy albei in die modderwater beland. Dis bitter moeilik om jou balans te behou en jy kan nie na die grasse gryp om te help nie, want dit is vlymskerp en sal jou sny. Voorwaar 'n verrykende ondervinding…

Ons kon tot na aan die buffels kom en hoewel daar 'n mooi bul in die trop was, het hy nooit oop gestaan nie. Ons is toe met 'n wye draai om die buffels om weer aan die regte kant van die wind te kom. Ons kon tot naby die trop vorder ná 'n baie lang "luiperdbekruip" oor die klipharde turf – moordend op die hande en knieë! Die bul het hom egter weer tussen die koeie skaars gemaak, en ná 'n uur se wag het ons besluit om die buffels eers te los om rustig te raak en ons middagete te nuttig. 'n Koue koeldrank het nog nooit so lekker geproe nie – die temperatuur was in die hoë dertigs en die humiditeit bo 90%.

'n Uur later het ons die buffels sien beweeg en hulle probeer volg, maar het hulle uit die oog verloor en toe 'n ander koers ingeslaan. Sowat 10 kilometer verder het ons gelukkig weer 'n trop teengekom wat 2 kilometer weg aan die kant van 'n moeras gestaan het.

Die enigste manier hoe ons by hulle kon uitkom, was om 'n baie wye draai te stap al langs die moerasgras se rand, wat ons toe gedoen het. Ons kon nie nader as 120 meter van die buffels af kom nie, want daar was geen verdere skuiling vir ons nie. Ons het twee mooi bulle gesien, maar weer nie 'n mooi oop skoot gehad nie.

Die hele trop het gaan lê en ons moed het in ons skoene»





**LINKS:** Ansu swoeg deur die modderpappery wat agtergelaat is nadat daar reeds vyf pare voete voor my en haar deur die moeras was. Oomblikke later het haar voet vasgehaak en het sy in die modder beland. Kort daarna het ek gevolg. Voorwaar 'n tawwe dame wat saam met ons in die moeras gejag het!

**BO:** Daar word nie aanbeveel dat jy in jou duur leerstewels in die moerasse jag nie. Goedkoop seilskoene is die antwoord.





**BO:** Die turfgrond in die moerasse is kliphard in die droë seisoen en uiters moeilik om oor te loop en te ry.
**LINKS:** Ons uitsig oor die vloedvlakte vanuit die helikopter tydens ons vlug terug na Beira se lughawe. Let op die Indiese Oseaan in die agtergrond.



Die buffeljagspan.



**BO:** Ná die jag het Gert ons rondgery en 'n paar geskiedkundige plekke gaan wys, onder andere Mary Moffat (David Livingstone se vrou) se graf by Chupanga langs die Zambezirivier.

» gesak. Dit was reeds byna vieruur die middag en omdat ons taamlik ver van die kamp af was, was dit effens laat om nou 'n bul te skiet. Al wat ons kon doen was wag – kniediep in die moerasmodder… Ons kon 'n pragtige bul aan die agterkant van die trop uitmaak en het hom dopgehou. Ná 25 minute het hy alleen opgestaan. Lawrence was toe reeds lankal gereed op die stokke en met Gert se bevestiging dat hy moes skiet, het die skoot geloop. Die bul het sy kop teruggegooi en omgedraai, en toe verloor ons hom buite sig weens die res van die trop wat blitsig orentgekom en rondgemaal het. Die enigste uitweg was om te wag en te kyk wat gebeur. Twintig minute later het ons 'n groot bul met 'n bloedkol op sy boud gewaar. Hy het dit aanhoudend gelek en die renostervoëls het aan die wond gepik. Ons was redelik benoud hieroor en het gewonder of Lawrence sy bul gekwes het. Toe ons hom egter mooi bekyk, het ons gesien dat hy gelukkig nie dieselfde horingvorm het as die bul waarop geskiet is nie. Dit het laat geword en ons het stadig nader gestap na die trop toe. Toe hulle weghardloop, het ons tot ons groot verligting Lawrence se bul aan die agterkant van die trop in die gras sien lê – reeds dood. Lawrence se skootplasing was perfek – die 400 grein Rhino Solid Shank-koeël is deur beide die longe en die bokant van die hart en die bul het nie eens 3 meter beweeg van waar hy gestaan het nie.

Wat buffelbulle aanbetref, sal 'n jagter nie sommer 'n beter trofee kry as Lawrence s'n nie – hy was oud met 'n klipharde horingknobbel *(boss)* en 'n tenk van 'n lyf. Lawrence was in ekstase, en Ansu wat saam met die BV gekom het nadat sy en gids onder 'n boom gewag het, het trane van blydskap gestort.

Om in die moerasse te jag is, soos die Engelsman sê, *"not for the faint of heart"* – die grasse is skerp, die hitte en humiditeit uitmergelend, die son brand, die muskiete, tsetsevlieë en bloedsuiers pla, die dae is lank en die "paaie" deur die moerasse rof op die lyf. Om deur die modder en grasse te swoeg is uitputtend. Ten spyte hiervan is dit 'n ondervinding wat 'n mens moeilik kan beskryf – dit is absoluut uniek en buitewêrelds, baie ver verwyder van wat die meeste van ons ken. Dit is iets wat elke jagter móét beleef.

Ons twee spoorsnyers het die bul in die veld afgeslag en al die vleis en binnegoed gelaai – dit gaan aan die plaaslike gemeenskappe. Dit was reeds donker toe ons kampwaarts keer – 'n rit van twee en 'n half uur op die BV deur die moerasse waar miljoene vuurvliegies dit in 'n sprokieswêreld omtower het.

**Lawrence en Ansu beskryf die jag soos volg:**

"Francois het ons gevra om ons hoogtepunte te noem, maar ons kan nie dink aan 'n hoogtepunt nie – die hele safari was vanaf dag een tot die laaste oomblik beter as waarop ons kon hoop. 'n Week vol groot oomblikke en baie lag en opwinding. Beira se R&R's, 2M-bier op die strandfront en die lekkerste calamari en garnale. Ons het sommer vinnig pelle geraak met Francois en Gert. Die nege ure op Mosambiek se agterpaaie tussen Beira en die jagkamp was



**Die trofeekwaliteit in die ZDS-konsessie is iets om te beleef. Gert Booyse staan hier by die trofeeskuur. Vlakvarkbere met reusetande word hier aangetref. Let ook op die njala, waterbok en mofhartebees se trofeehorings in die agtergrond.**



Lawrence en Ansu op die oewer van die magtige Zambezirivier.




Ons is reg vir die vlug terug na Beira se lughawe. Die vlug was ook 'n besonderse belewenis – ons het duisende diere gesien, waaronder buffeltroppe bestaande uit honderde diere.

'n avontuur op sy eie. Mungari-kamp van ZDS is ongelooflik mooi en regtig iets om te beleef. Selfs met die ry na die kamp het ons so baie wild gesien. Ons tent-chalet was 'n oase ná die lang pad. Al wat die gasvryheid kan oorskry, is die vriendelike gesigte van die personeel. Met die eerste jagdag was die senuwees klaar, maar ná die gewere ingeskiet is, voel mens vinnig beter en reg vir die ding. Ons het duisende diere gesien terwyl ons gesoek het vir die regte Lichtenstein se hartebeesbul – 'n spogdier in fantastiese kondisie en definitief iets anders as waaraan jy gewoond is in Suid-Afrika.

My soenie – hierdie is beslis 'n jag van 'n ander aard. Dit was baie moeiliker as wat ek gedink het om die spesiale bokkie te skiet. Sy habitat en die plantegroei maak dit tegnies meer ingewikkeld. Dit was 'n besonderse jag en ek is bitter trots op my trofeesoenie. Ek dink mense onderskat hoe spesiaal dit is en dit het beslis my soeke na die *Tiny* 10 aangewakker. Die buffeljag in die moerasse is *next level*; jy kan dit niks anders noem nie. Die ry op die BV is iets om te beleef – een oomblik voel jy soos '007' en die volgende oomblik vrees jy vir jou lewe. Wat 'n masjien! Deur die moerasse loop, bekruip op jou knieë van boom tot boom vir die regte geleentheid. En dan die groot oomblik waar dit voel asof als stilstaan en jy net jou hartklop en die skoot kan hoor, maak hierdie 'n besonders moeilike en uitdagende jag. Dis hard op die lyf en die klimaat en landskap toets jou op alle vlakke, maar die beloning kan nie maklik geëwenaar word nie. Die emosies loop hoog en dan besef jy – jy is nou 'n buffeljagter!

Een van Ansu se hoogtepunte was die miljoene vuurvliegies op pad terug uit die moerasse ná die buffeljag. Ek glo nie daar is enige plek in Suid-Afrika waar jy so iets kan beleef nie; dit was so mooi dat dit amper nie werklik gevoel het nie. Francois en Gert het alles in hul vermoë gedoen om hierdie ervaring 'n jag van 'n leeftyd te maak. Die kombinasie van hul kennis, ervaring en hul passie vir die jagbedryf was die rede vir hierdie suksesvolle jagtog en iets wat ons altyd sal onthou. Dankie Francois en Gert – julle het hierdie prys gemaak wat dit is."

ZDS se bewarings- en teenstropingsinisiatiewe en werk is legendaries en 'n suksesstorie wat aan die groot klok gehang kan word. Lees ook prof. Brian Reilly se resensie oor die boek *Bringing Back the Lions* op bl. 40 – die verhaal van die ZDS-bewaringsinisiatief.

*Ons opregte dank aan die borge wat hierdie kompetisie ondersteun het: Rhino Bullets, Afrikan Tanning & Taxidermy, Zambeze Delta Safaris en Wildebeest Brandewyn.*





LINKS EN REGS: Mungari-kamp se eetkamer. Drie heerlike etes word daagliks bedien, kompleet met voor-, hoof- en nagereg elke aand. Weens die ligging is vleis beperk tot wildsvleis en hoender, maar die kokke sit disse van restaurantgehalte voor.

# MAUSER .22 RIMFIRE RIFLES: A SOUTH AFRICAN OVERVIEW

## PART 2

A follow-up of the different models of Mauser .22 rimfire rifles most frequently encountered in South Africa

***In Part 1 of this two-part series, we focused on the history and development of Mauser .22 rimfire rifles and covered most of the first-series rifles in detail. We will now discuss the last of the first-series rifles, cover the B-series in full, and take a brief look at the last limited-production target rifles produced before the Mauser factory was demolished.***

**FIRST-SERIES TARGET RIFLES**

In 1924, Mauser introduced the Model Es 340, their first dedicated rimfire target rifle. It had the improved action (24 mm), a heavier 650 mm barrel and a better trigger. A sliding safety was fitted on the left of the action. The stock was of non-checkered walnut and a smooth steel buttplate with a Mauser banner fitted. Even though the Es 340 eventually became one of the most popular German target rifles and was available up to 1929, it is not that common in South Africa. The Es 340 replaced by the Es 340N in 1930.




**Model Ms 420B (top), of which only 14 000 were produced, and Model Ms 350B (bottom), of which no more than 8 600 were made. Both rifles use the later B-series action. Despite the low production numbers, these models are surprisingly prevalent in South Africa.**



Model Es 340N single-shot target rifle with improved action.

The year 1929 saw the introduction of one more single-shot rifle, the Model Es 350. This was Mauser's top-of-the-line target model. It used the action of the Es 340, but the stock was fully checkered on the grip and the fore-end, and a horn grip cap and buttplate were added. The barrel had a pair of grooves machined into the upper part into which a fully adjustable tangent rear sight was fitted that could be moved back and forth in these grooves to suit the shooter's eye relief. The Es 350 is a scarce model in South Africa.

## B-SERIES MAGAZINE RIFLES

In 1934, Mauser introduced the so-called "B-series" rifles which used a completely new action, based on the DSM 34 action as previously mentioned. All B-series magazine rifles used the five-shot curved magazine (the curved shape was required to ensure reliable feeding with the rimmed cartridge), although a factory ten-round magazine was also available. The first model introduced was the Ms 420B, which had a heavy-weight 680 mm barrel and was intended as a dual-purpose hunting and target rifle, weighing about 8,2 lbs. Not being very successful, only around 14 000 were manufactured. (It seems that the concept of a dual-purpose hunting and target rifle did not find favour with buyers.) Despite its low production numbers, this specific model is surprisingly prevalent in South Africa.

The next model to be introduced was the Mm 410B, which was intended for small-game hunting. Having a stock of smaller proportions than the other B-series rifles and a thin-profile, 600 mm sporting barrel, it weighed only 6,2 lbs.

It is generally agreed that the Mm 410B was one of the finest production .22 rimfire sporting rifles ever made. It was sold all over the world until around 1940, with an estimated 25 000 produced. (Mauser also sold individual B-series actions to gunsmiths who used it to craft some very fine custom smallbore sporting rifles.) In my experience, of all the Mauser rimfire rifles in South Africa, the Mm 410B is the most commonly encountered model.

Despite its thin barrel, the Mm 410B usually is extremely accurate. It should be noted that»




**LEFT: Steel buttplate with Mauser banner as used on Es 340.**

**RIGHT: Horn buttplate with Mauser banner used on other models. The horn material was later replaced by plastic.**



**LEFT TO RIGHT: First-series slanted, five-shot magazine, B-series curved, five-shot magazine, B-series curved, ten-shot magazine. Original B-series magazines have a small Mauser banner on the base plate.**



TOP TO BOTTOM: Model Mm 410B and Ms 420B.

» the El 320, Mm 410 and Mm 410B were the only models that had the front sling swivel soldered onto the barrel.

On all other models with sling swivels, the front swivel had a threaded shaft that screwed through the wooden fore-end into a special nut located in a sliding groove in the bottom of the barrel. This means that the front swivel had to be unscrewed when the barreled action and stock were taken apart.

All Mauser .22 rimfire rifles have a "Mauser" cartouche stamped into the stock on the right-hand side. On very early rifles, this cartouche design is of the "target rings and crosshair" style, while on later rifles, it is of the "Mauser banner" style.

Both types are illustrated in the accompanying photos. If the cartouche is no longer visible, it is a sure indicator that the stock has been replaced or sanded down at some stage.

In May 1922, the Mauser factory changed its name from Waffenfabrik Mauser Oberndorf to Mauser-Werke Oberndorf. This means that all .22 rimfire Mauser rifles will have the legend "MAUSER-WERKE A.G. OBERNDORF a/N" roll-stamped on the left side of the action.

A small Mauser banner was also stamped on top of the receiver ring.







LEFT: Very early Mauser stock cartouche with target rings and a crosshair. RIGHT: Later Mauser stock cartouche with Mauser banner.

## B-SERIES TARGET RIFLES

The Es 340B was the basic, no-frills, single-shot rimfire target rifle. On early models, the pistol grip on the walnut stock was uncheckered and the fore-end smooth, whilst later models had the pistol grip checkered and the fore-end with finger grooves. A steel buttplate was fitted. The same heavy-weight 680 mm barrel of the Ms 420B was used, resulting in a similar weight of about 8,2 lbs for the complete rifle. Produced in large numbers, it was exported to target shooters worldwide and was probably the most-produced model of the B-series. Strangely, and despite the large production numbers, this model is not often found in South Africa.

The Es 340B was outclassed by the more expensive Es 350B (costing RM85 versus RM55), which was Mauser's "championship" single-shot rimfire target rifle and considered one of the best standard factory target rifles in the world. It used the same action as the Es 340B, but a pair of grooves were machined into the barrel into which the rear sight was fitted. The sight could then be slid back and forth to suit the shooter's eye relief. These grooves normally had a series of spaced numbers alongside to act as a reference. The more elaborate tangent rear sight now also had a large, numbered thumbscrew for windage adjustment. A higher quality walnut stock was fully checkered on the grip and the fore-end, and a horn grip cap and buttplate were added.

Built as a clip-fed target rifle, the Ms 350B was Mauser's most expensive (costing RM93) and top-of-the-line rimfire target rifle. It was similar to the Es 350B but suitably modified to accommodate the curved, five-shot magazine of the B-series. However, it seems that target shooters actually preferred a single-shot rifle. The Ms 350B was not a big success, with only 8 600 manufactured, making it the least produced of all the B-series rifles. Nevertheless, it is a most desirable model to own as it oozes quality, always has very high-grade wood and is usually phenomenally accurate. Despite the low production numbers, this model can be found in South Africa.

Mauser took their target rimfire rifles very seriously as they did not like being beaten by their competitors. Their engineering section performed many tests and experiments to



TOP TO BOTTOM: Models Es 340B, Es 350B and Ms 350B. The bottom two rifles are fitted with their original, adjustable, factory sliding tangent rear sights as well as optional receiver-mounted aperture sights.

try and improve the Mauser product. As part of these duties, they also evaluated many of their competitors' rimfire rifles. As early as 1936, they did extensive experiments to improve the lock time of the Es 350B. Some other experiments included evaluating five different types of barrel steel for accuracy and corrosion resistance. By clamping the barreled actions in heavy machine rests, they measured the accuracy deterioration of a barrel when shooting a large number of rounds.

In some tests, it was found that there was no measurable deterioration in accuracy when firing up to 200 000 rounds! Rimfire ammunition from various manufacturers was also tested for accuracy, especially the German brands of RWS and DWM.

In addition to the production models described above, Mauser also made various prototype target rifles in small quantities during the late 1930s. One such rifle was the Olympia, specifically designed for the 1936 Olympic Games, of which only 50 were made. Another limited-production model was the Es 360B, using a single-shot version of the B-series action fitted with a special spring-activated loading tray which precisely lined up the cartridge with the chamber, thus ensuring that the bullet was not deformed during loading. It is estimated that less than 300 of the Es 360B rifles were manufactured. Mauser's final and most advanced limited-production rifle was undoubtedly the Model 37, of which only 150 were made. The Model 37's action was a more sophisticated and enlarged refinement of the B-series action, using a non-rotating bolt body. These late Mauser designs (which were extensively tested by the top German Olympic shooters of the day) had a major impact on other manufacturers' post-WWII rimfire rifles.

In 1945, the occupying French forces asked Mauser to design a rimfire training rifle for the French military. This rifle was known as the Model 45 and used the Mauser KKW action as a basis, suitably altered to take the B-series five-shot magazine. About 15 000 were produced at Mauser before production was transferred to the French State Arsenal "MAS" (Manufacture d'Armes de St-Etienne). The Model 45 was probably the last rifle ever produced in quantity by the Mauser factory.

In another example, design drawings of a Model 37 rimfire action smuggled out of the Mauser factory were sold post-WWII in 1952 to the Anschutz company, who used it to produce their world-famous Anschutz Model 54 in large quantities.

Even though Mauser rimfire rifles were produced during a period stretching from 80 to 100 years ago, they continue to be eagerly sought after by collectors and hunters. Today, an 80-year-old Mm 410B is still considered superior to most current production .22 rimfire hunting rifles. In South Africa, we are indeed fortunate that original Oberndorf Mauser rimfire rifles regularly come up for sale. If you come across such a rifle in good condition, consider purchasing it. When you walk in the bush with that Mauser in your hands, you will feel that you own a piece of history with a proud legacy – a legacy that can and will never be repeated.

**Sources:**

1. *Mauser Smallbores* by Jon Speed.




**TOP: Model Ms 420 built on first-series action.**
**BOTTOM: Model Mm 410B built on B-series action**





# PHUTI, TSHOSO AND THE GNU



**A special father-and-son hunt in the Waterberg**











**TOP LEFT:**
**An overjoyed hunter with his son and his fine phuti ram. Years of searching for a top-class duiker ram came to a dream end when he took this one with his .375 H&H and a 300-grain Safari Bullet Company bullet.**

**TOP RIGHT:**
**The smile says it all! My son Aaron with his bushbuck ram, hunted with a Carl Gustav 6.5x55 Swedish Mauser, loaded with a 160-grain Hornady InterLock bullet at 2 450 fps.**

**MIDDLE LEFT AND RIGHT:**
**Situated next to the Poer Zijn Loop, our perfect hunting camp had everything we needed. Our genet friend came to visit every night for meaty scraps from the fire.**

**BOTTOM:**
**Even though it was July, the Waterberg was green and lush after all the good rain.**

In 2021, my son Aaron, then aged 16, asked me what species he could target the next hunting season. He had been successful in hunting warthog, impala, blesbuck, blue and black wildebeest and even a buffalo cow. As most of you know, bushbuck hunting in Limpopo Province is not a walk in the park. We booked a hunt in the heart of the Waterberg Mountains where the Poer Zijn Loop runs into the Mogol River. This is prime habitat for kudu and bushbuck, but tough terrain, especially with all the recent rain in the area. The end of April arrived, and we had a great time hunting with three families; a sister and brother took an impala each, their first animals. Aaron was a bit sick and only went out the second day, but never got a chance at a bushbuck ram. I only managed an impala ewe after trying to outsmart a waterbuck bull without success.

I rebooked in the July winter school holidays. After picking up Aaron upon his return from a school cricket tour, we headed back to the same farm. The first two days, it would only be Aaron and me before friends would join us. We arrived on the property just before noon, and before entering our camp, we had already spotted four bushbuck on the way in. Aaron was beyond himself with excitement!

After quickly unpacking, we got our hunting gear sorted and went for a long walk until dark. We targeted the riverine area and then set off to a part with an old clearing. On the way there, we bumped a few bushbuck ewes, but no rams. We were walking towards one of the shadows of the mountains and the clearing. The last time I was on the farm, I saw a very good population of grey duiker. I have always been on the lookout for a good-quality ram. However, once you have spotted them, they simply vanish, and you seldom get a chance at a good one when hunting on foot. Down a two-track road, I caught a glimpse of a good ram and confirmed this with my 10x42 Nikon Monarch binoculars.

Edging ever so slowly towards the ram, we suddenly saw a huge troop of baboons that ran as fast as they could from us without making too much noise. I was disappointed as I was sure the duiker would have vanished with the baboons. However, I had become used to the idea that a big duiker is not an easy target. While admiring the troop at full speed, I spotted the duiker again where it was still foraging among the leaves and twigs. The ram had kept his cool and didn't run off with the baboons. I managed another 10 metres and slowly set up the tripod on which I carefully rested my .375 H&H. The range was about 40 metres, but suddenly the 4x magnification setting on the scope felt insufficient for such a tiny target. The duiker, called "phuti" in Tswana and Northern Sotho, was either not bothered or was unaware of our presence and kept foraging for food. I had time to turn up the scope to 6x magnification power. Waiting quietly until the ram cleared a gap, I fired.

I aimed for the middle of phuti's body behind the front legs as not to destroy the animal. It took off at speed, but I saw the exit wound as it turned – my aim had been true. He dashed off and we saw him disappear, kicking up dust as he fell.

I was beyond words. Finally, after all these years of being on the lookout for a decent duiker, I had one that made the book. For me, no matter whether it is a big or small animal, each one offers its own hunting experience, and they are all equally special trophies. Aaron was just as happy as me and sharing the experience with him was the cherry on the cake.

After a quick photo session, we headed for the open area and waited till dark. Some waterbuck appeared from the thickets, but it was so dark that it was too difficult to identify them properly. We returned to the camp with our tracker, Ikea, carrying the prized duiker. That night around the fire was especially good, and we had our »



My big gnu cow that would fill the freezer, also hunted with my .375 H&H and a 300-grain bullet from Safari Bullet Company.

» resident pair of genets waiting by the fire for a titbit or two.

Leaving camp the next morning, we headed along the Poer Zijn Loop up to where it met the Mogol River and the entrance gate to the farm. We had asked Ikea not to come all the way to camp but to meet us halfway so he would not startle any bushbuck on the way. Aaron and I walked very slowly, making sure to scan all the places that could possibly hide a bushbuck. Shortly after leaving camp, we encountered a ewe that ran off. We waited five minutes but did not spot a ram with her.

After meeting Ikea halfway, I could see Aaron was wondering whether this hunt would be the same as the last one. We kept going ever so slowly, spotting two more ewes. We were only 200 metres from the gate when Aaron suddenly stopped me. “Ram right there! Directly to our left,” he urgently whispered. I looked but didn’t see it. “Where?” I asked. There, right in front of us, low on the ground and not 20 metres away, I saw the bushbuck ram. Only his head was visible above the grass as he lay dead still, looking at us. The tshoso (Sotho for “bushbuck”), using his sneakiness, thought Aaron had not seen him. I told my son to shoot.

The words had hardly left my mouth or the shot rang out and the ram disappeared into the grass. Aaron quickly reloaded just in case the bushbuck jumped up, but his shot was true. The 6.5x55 Swede, loaded with 160-grain Hornady InterLock bullets at a moderate speed of 2 450 fps, did the trick. We were all extremely happy, knowing how hard Aaron had hunted for a bushbuck ram the previous time. On the last trip, I told him he could shoot an impala or warthog for the pot, but he kept looking only for the elusive tshoso. I was and still am very proud of my son becoming such a good hunter and setting goals for himself.

We took great care with the photographs. Leaving camp just before 7 am that morning, Aaron had already found his ram just after 10 am. With more than enough time left, we could really take it easy on this hunt as the pressure was off. I got a super duiker and Aaron his splendid bushbuck ram full of character with thick, sharp, well-worn horns.

With two and a half days of hunting remaining, and me still looking for a big waterbuck bull, we could take our time and enjoy the bush. But we also had to get something to fill the deep freeze. With the blessing of all the rains the winter was not normal – the Poer Zijn Loop was still running in July and the marula trees only started dropping leaves. The bush was thick, the animals were in good nick and the predators were roaming.

On the morning of the last day, I managed to outsmart a huge wildebeest cow. I was stalking on my own when I heard running hooves behind me, coming in my direction. Turning around, I saw a blue wildebeest calf running from right to left. Then I spotted the huge cow. She was last in the line and my .375 H&H was positioned on the shooting sticks. The range was about 80 metres, with a clear shooting lane. As the cow ran into the clearing, I shouted, “Oi!” The gnu made a quick U-turn to go from left to right. Before she could sped up again, I fired.

I waited five minutes before walking to the spot where she had been when the shot went off. I found good lung blood on the ground. The new 300-grain bullets from Safari Bullet Company I had been testing seemed to have expanded properly and exited the animal. There was a clear blood spoor to follow, and I found the cow on her belly, legs neatly folded in. I only had to move her head for the photo. She slaughtered out at 106 kg – my heaviest blue wildebeest cow to date.

Share your passion with your kids and take them hunting with you. They are the conservationists of the future and it is the best experience you will ever have. Teaching them about hunting, the bush and its ways is very rewarding, and they will always be grateful, even when you are no longer around.




Daystate and Brocock distributed by Portman Co

Portman Co UNLIMITED

**www.portmanco.co.za**

**email: portmanco@outlook.com tel: 073 579 3289**

Dealer enquiries welcome. Terms and conditions apply.



# PUNT INNIE WIND!

'n Onvergeetlike familiejagtog in die winderige Noord-Kaap



**HOOFFOTO:** Ek maak die hek oop na die jagparadys.

**REGS:** Ons het heelwat kruit gebrand.

Die eerste bok, 'n blouwildebees, het veels te ver vir die 8x57 JS Mauser van my pa gestaan. Ek was die skut. Die tweede keer – en dié keer was dit 'n vark – het hy weer te naby gestaan. Dit was weer met die Mauser, en dit was die eerste middag van die jagprys wat ek by SA JAGTER/HUNTER-tydskrif gewen het en wat deur Mynhard Herholdt van die Noord-Kaapse Beroepsjagskool by Vanderkloofdam geskenk is.

"Dit gaan 'n lang paar dae word..." het dit droogweg van die manne agter op die Cruiser gekom. "Ja-nee, bokkoors speel nie met 'n man nie. Dis amper erger as Covid, want jy weet nie eens altyd dat jy dit het nie," het iemand anders ewe lakoniek bygevoeg. Kotie, die een "PH", het maar net droogweg geglimlag. Ek het nogal gewonder wat hy so stilweg gedink (gevrees?) het. Daarby moet ek sê ek het lanklaas so kalm en rustig oor die twee skote gevoel – of het ek?

Laat ek voor begin. Nadat ek die goeie nuus gekry het oor die wonderlike jagprys wat drie stuks wild ('n blouwildebees, springbok en vlakvark) ingesluit het, het my pa Cobus en my skoonpa Pierre besluit om saam te gaan as my agterryers. En omdat ek nog nie 'n geweer besit nie, moes my pa natuurlik sy .243 Win en sy 8mm Mauser bring. Toe ek verneem dat daar boonop kans sou wees om in die grote Vanderkloofdam te hengel, het al my broers (ses van hulle in Suid-Afrika) sowel as

my een broerskind, Ruben, ook besluit om saam te gaan. Die roetes van almal saam het omtrent soos 'n aar oor Suid-Afrika gelê soos hulle van heinde en verre gekom het om tog net nie die een te wees wat al die pret gaan mis nie.

Ek moes nogal bontstaan met al die reëlings rondom so 'n hele "bataljon" jagters en hengelaars. Oom Mynhard was egter baie geduldig, al is hy so 'n besige man. Hy het vir al tien van ons lekker verblyf by sy buurman gereël. My pa het die spyskaart opgestel en elke ou moes sekere kosse en toebehore bring. Party manne moes sorg vir die visstokke en al die hengelgerei en aas. Soos reeds genoem, het my pa sy twee gewere gebring, en my broer Pieter sy ou .303. Ek sou nog leer om die "drie-nul-drie" te waardeer omdat almal mos altyd 'n opinie oor die "ou tegnologie" het. Andries het ook sy .308 Win saamgebring.

Nadat ons die Woensdagmiddag behoorlik ingeskiet het, is ons sommer dadelik veld toe. Die voornemende jagters is in groepies afgelaai vir voorsit, en ek, my twee pa's en Kotie het heelwat verder gaan draai. Toe ons 'n mooi troppie blouwildebeeste kry, het die benader en bekruip begin. Gelukkig was daar 'n droë riviertjie met 'n soliede klipbodem en dus kon ons redelik gemaklik stap. Ons moes ver stap, want die eerste troppie het haastig na 'n ander provinsie vertrek. Uiteindelik kon ons 'n mooi bul by 'n ander trop bekruip. Hulle het egter die speletjie goed geken, want vir elke 50 meter wat ons gebukkend nader gegaan het, het hulle 70 meter verder gedraf. Later het my gids die skietstokke oopgevou en gesê dat ek die bul moes probeer. Hy het die afstand op sowat 230 meter geskat, maar ná die skoot het ons dit op sowat 280 meter afgetree. Die stof het onder die bul se maag opgeslaan. Ek het daar en dan besef dat ek nooit moet "probeer" nie – as ek die skoot vat, moet ek seker wees van my saak!





**BO:** Ek en my blouwildebees en vlakvark. My broer Andries Erasmus sit langs my (links).

**LINKS:** Die eerste dag – warm op die spoor.

Ons is terug Cruiser toe. Net toe die ander manne van voor af aangery kom, gewaar ons 'n paar varke so 60 meter voor ons. Teen die tyd dat ons van die Cruiser af en veld-in was, was hulle al aan't drawwe. Dit was toe daardie skoot wat soveel kommentaar van die klomp grootbekbroers agter op die Cruiser uitgelok het. Al het hulle my so probeer oortuig dat ek aanvalle van bokkoors kry, was ek oortuig dat ek lus en reg was vir jag. Dinge moes nog net vir my uitwerk. Ek jag al vandat ek agt jaar oud was, maar ja, ek besef mens moet nooit té windgat raak nie. En omdat ek mos die jongste is, was al my broers bereid om gratis raad te gee. Die voorsitmanne het net een springbok gehad, geskiet deur Pieter met sy .303. En hy wou glo nie eers iets skiet nie. Die bok het egter 30 meter van hom af kom staan, en hy reken dit was eint-»





**BO:** Die pragtige deel van die dam waar ons teikengeskiet en gehengel het.

**ONDER:** Voorsit in die wind hou jou nederig.

» lik soort van selfverdediging.

Vroeg die volgende dag is ons weer afgelaai, en ek en my twee pa's het in 'n vlak gruisslootjie probeer onsigbaar raak vir die springbokke. Die bokke was skaars, maar omdat daar omtrent 100 in die kamp was, was ons opgewonde. 'n Tipiese oopvlakte-wind het later opgesteek en ons het geweet dat dit weer 'n lang dag kon word. Wind speel mos maar 'n groot rol en kan jou koeël heel van koers af waai. Later het daar by die ander twee groepe 'n paar skote geklap. Volgens Robert het hulle amper 303 skote met die .303 geskiet, veral Danie... Danie het beweer dat hy wel in die sterk wind sy skote effens getrek het, maar elke keer as hy weer geskiet het, het die ram gespring!

Daar kom toe later darem 'n paar springbokkies aangewaai na ons toe ook. Hier het die idee in my kop gemaal of dit nie dalk die Mauser se teleskoop was wat die probleem is nie. Dit kan 'n man mos pla... So, die .243 sou my antwoord op die springbokke wees, want ek weet mens mis nie met 'n .243 nie. Met voorsit weet jy nooit of hulle regs of links van jou af gaan verbysuiker nie. Dis jy, die geweer en die skietstokke. En jou asem. Kort asem. Dis weer 'n ander soort wind daardie (eintlik 'n tekort aan wind). En hoe langer jy moet wag vir die bokke om binne skietafstand te kom, hoe slapper raak jou geweerloop. Jy ontwikkel 'n effense rubberskouer van die sit en wag, sit en mik, skuif na links, mik, gou weer skuif na regs.

Uiteindelik het die sterk wind 'n mooi, jong ram nader gewaai, en op so 140 meter het ek die skoot gevat. Mis! Die troppie het "soos die wind" spoed gekry en was weg. En ek was redelik onseker oor wat aan die gang was met my. My pa het later met die .243 'n skoot gekry en 'n mooi ram geskiet. Ons kon hom dophou tot waar hy sowat 350 meter verder met 'n longskoot gaan val het.

Die trop van 100 bokke het verdwyn en daar was net sowat 35 oor, waarvan Danie, Robert en Ruben elk ook een geskiet het. Volgens GF, die ander gids, het ons baie goed in die sterk rukwinde gedoen. Eers laatmiddag sou ons sien dat die res van die trop deur 'n sloep van die dam gevlug het en veilig in 'n paar hektaar gaan skuil het anderkant Hannes en Nicci, wat heeldag net gehengel het. 'n Oorsese jagter het 'n buffel in 'n ander kamp gekwes. Ons jag was dus vir eers oor, want die gidse moes gaan help soek.

Die weer sou teen die Saterdag nog verder versleg, dus was die Vrydag ons laaste kans op jag. GF het my pa en Ruben teen 'n koppie gaan aflaai. Hulle wou elk nog 'n springbok skiet en Andries sou met sy .308 my

*backup* wees. Pieter het egter aangedring dat ek sy "ou" .303 gebruik, "want 'n .303 bly bobaas – veral in die sterk wind". *"Looks at the scoreboard!"* het hy geskerts...

Ons het gery en gesoek en op die hoogste koppie op die plaas gaan stilhou. Hier het ek besef hoekom die plaas se naam "Panorama" is – jy kan waaragtig die dag van môre aanskou vanaf daardie hoogtes. Ná ongeveer 'n uur se rondry, het ons uiteindelik 'n enkele blouwildebeesbul gesien. "Die vark sal ons maklik kry; hier is baaaie," was GF se voorspelling.

Ná 'n lang bekruiptog agter die ou bul aan, het hy snuf in die neus gekry en 'n goeie afstand tussen ons geplaas. Net toe het ons 'n ander trop van agt blouwildebeeste aan ons regterkant opgemerk. Ná die lang bekruip waarin ons ons bobeenspiere tot die uiterste beproef het, lekker gesweet het, baie gedagtes deurdink het en uiteindelik agter 'n paar lekker bossies ons laaste plan kon uitwerk, het alles skielik in plek geval. Die trop wildebeeste was so 110 meter van ons af, maar tussen ons en hulle het daar 'n paar vlakvarke in die grasse rondgetonnel.

Stadig maar doelgerig het GF die skietstokke oopgevou. Die stokke gee jou ondersteuning voor sowel as agter, en jy lê behoorlik dooierus. As die blouwildebeeste maar net ook in dooierus wou gaan, maar kortkort het die een of die ander skielik rondgedraai. Ons het 'n spesifieke bul dopgehou wat nog 'n blouwildebees agter hom gehad het wat my verhoed het om te laat loop. Die varkies hier 60 meter voor ons het al snuf in die neus begin kry. Iewers agter ons was Andries besig om 'n video te maak. Die stilte was oorverdowend, want selfs die wind het gaan lê. Skielik het die agterste bok uitbeweeg. GF het in tale begin fluister. Ek lê toe al lankal gereed vir die bul. GF het skaars gefluister: "Reg van voor, kuiltjie," toe dreun ek hom. Hy het net daar geval en soos 'n buffel sy laaste doodskreun gegee. Die varke het op 'n vaal streep rantjies toe getrek, maar skielik omgevlieg terug na ons toe. Ek dink die geweerskoot se eggo het hulle laat besluit die gevaar was eintlik voorkant toe. Min wetende...

GF het heelwat harder in tale gepraat – wat ek nou nie hier kan herhaal nie, want my Russies is nie so goed nie. Maar basies het dit neergekom op: "Skiet die vark! Skiet die verdomde vark, hier kom hulle!! Skiet!!!" Maar hy kon ontspan, want ek was lankal reg op die vark se blad. Ek het net die geweer effens laat sak en toe die skoot klap, was ons jag oor.

Wat 'n fantastiese einde! Die twee diere het 50 meter uitmekaar gelê (al moes die vark nader hardloop). Ons kon sommer op een plek die mooiste foto's neem. Andries se video was ook 'n wenner.

Dit was 'n besonderse jagervaring, iets wat my my lewe lank sal bybly. Veral omdat ons dit as 'n klomp pa's en seuns/broers so saam kon beleef. Baie dankie aan oom Mynhard, aan SA JAGTER/HUNTER se vorige redakteur, Johan van Wyk, en aan my medejagters vir jul bydraes en al die lekker saamwerk, saamjag en saamkuier.

Ek kan so 'n familiejagtog ten sterkste aanbeveel, ook die Noord-Kaapse Beroepsjagskool se jagvelde. Ek het nog nie eens iets gesê oor die lekker hengelplek wat ons daar gehad het nie. Natuurlik weereens in amper stormsterk winde... Punt innie wind!



# BRINGING BACK THE LIONS

## By MIKE ARNOLD




This book makes fascinating reading, particularly for the hunting fraternity, as it tracks the tragedy that is Africa where its inhabitants survive despite government problems and are left to their own devices to eek out a living from the environment. This "politics of despair" leads to unsustainable practices that ultimately lead to ecosystem failure and unplanned urbanisation, further exacerbating socio-economic problems.

This main theme is interspersed with the personal journey of the author and his hunting experiences in Coutada 11 in the Marromeu Complex on the southern bank of the Zambezi, and those of the developers of Coutada 11 since 1994, and their impact on the lives of the local people. The developers are Mark Haldane, a South African safari outfitter and professional hunter, and Carlos Faria, a Mozambican entrepreneur and tourism developer. Essentially, these stories are intertwined in an absorbing manner around the rehabilitation of the wildlife and the improvement of the socio-economic status of the local people, leveraged against the development of all 8 Coutadas in the Complex.

The book struck a number of cords for me personally, having had the privilege of hunting on the neighbouring Coutada 14 with Toni Wicker and Nyati Safaris. Incidentally, Toni's son Sebastian was a student of mine and died recently, having been bitten by a suspected forest cobra at Marromeu. I have also visited Coutadas in Mozambique in my role as an IUCN auditor and witnessed first-hand the ability of human populations to completely decimate biodiversity in their survival struggle.

It becomes abundantly clear that Mark Haldane is a cut above the average professional hunter and has a passion for conservation and the rehabilitation of Coutada 11.

I've never met Mark personally, but as conservationist and ex-PH and outfitter, I have crossed paths with people whom we both know. In fact, a very good American friend of mine undertook his first safari with Mark in the early 1990s in KwaZulu-Natal and recently hunted buffalo with Mark at Coutada 11.

The history of the area is well documented in the book, and it is not well known that the Marromeu Complex was the proverbial "garden of Eden" before the deprivations of RENAMO in the Mozambican 20-year-long civil war. Mark and Carlos have reinvested substantially in game management and wildlife numbers are up significantly. They have also been able to mobilise international support for their conservation efforts through Ivan Carter and the Cabela Family Foundation.

The title of the book is the crux of the matter – enough conservation and rehabilitation has been achieved to have brought lions and cheetahs back to Marromeu. The re-establishment of large carnivores is often considered as the ultimate success in conservation – in this case, a significant undertaking. To this end, the Twenty Four Lions project was launched with the support of the Ivan Carter Foundation and Cabela Family Foundation, as well as the cooperation of the neighbouring Coutada 10. The project sourced and translocated 24 lions from six reserves in South Africa. Of course, this entailed some complex organisation in getting the animals there and looking after them until release. The book covers the detailed choreography of all concerned in an entertaining manner. The bottom line is that it is a conservationist's dream to be able to re-establish an apex predator in an area large enough to support the population and with room to grow to one of the most significant remaining populations of wild lions in Africa.

Besides teething problems and inevitable hurdles and mortalities, the lion population has already grown to 60 animals in eight prides. This is all the more remarkable in that Mark and other operators must be aware

Besides teething problems and inevitable hurdles and mortalities, the lion population has already grown to 60 animals in eight prides.

that a growing lion population would ultimately impact prey populations on which they depend, and they obviously incur continuous costs in monitoring the lions. Additionally, a cheetah project was launched, which saw cheetahs brought to the area. These cheetahs will be supplemented by more later. This is exciting as these cats have seen an even greater decline than lions, and once again, this area is set to become a bastion in the African cheetah metapopulation. The point to be taken here is that none of this would have been possible without the economic foundation created by the safari business that has provided socio-economic stability to the community, introduced wildlife management over nearly three decades, and brought back the lions.

All in all, a good read and a great gift – one hopes that the "do-gooders" and armchair conservationists will read it.

** The book is available from Exclusive Books, Takealot and Loot.*

# SAVUTI ARMS

**Dealers in Arms and Ammunition**

**Handelaars in Wapens en Ammunisie**

**Tel:** 011 915 0138 / **Tel:** 011 915 0145
Carnival Centre, East Rand
Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan
GPS: S26°15,061 E028°18,815
info@savutiarms.co.za
**www.savutiarms.co.za**
Savuti Arms is on Facebook.

BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - RAM & COURIER GUY. *T's & C's Apply*

## DIE PUNTE-, LANGAFSTAND- EN *BIG BORE*-WINKEL

**Hierdie winkel is vir die herlaaier.** **This shop is for the reloader.**




Berger Bullets
Nosler Bullets for Sportsmen
Winchester Rifles and Shotguns
norma Dedicated since 1902
Sierra The Bulletsmiths
Hornady Accurate. Deadly. Dependable.
Peterson Match-Grade Brass
ZeroTech
RCBS
Barnes Optimized for your target™
Lapua

Burris
Leupold
Nikko Stirling Optics for sport, since 1956
Lynx
Hawke
Vortex Optics
Swarovski Optik
Zeiss

Dillon Precision Products, Inc.
Redding Reloading Equipment
Lee Precision, Inc.
RCBS

Boyds Hardwood Gunstocks
AT-One The Adjustable Gunstock

Hodgdon
IMR Legendary Powders
VihtaVuori














## SAVUTI ARMS

**Special imports available on request.**

Visit our page https://www.savutiarms.co.za/
or Like us on Facebook
www.facebook.com/savutiimports

# WILDSOSATIES oor die kole



TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP
KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

**HOOFFOTO EN REGS:** Die voltooide gereg. Bederf jou geliefdes met 'n braai waar eland en die smake van Indië koning kraai.

**REGS ONDER:** Die sosaties in 'n toeknyprooster oor die kole.

**RESEPTE EN STILERING:** Karla Janse van Vuuren

**FOTO'S:** Gerrie Janse van Vuuren





## 'n Eksotiese Indiese fees met 'n wilde Afrika-kinkel

'N geurige sosatie oor die kole is darem maar 'n liplek-lekker ding. Om jou eie sosaties te marineer en te braai en te sien hoe vriende smul, het sy eie soort bevrediging. Ek het elandsosaties gemaak met 'n fantastiese filet van Kings Meat Deli, en slagter Eloff du Toit het gehelp met 'n paar wenke om dit te maak: "Kies 'n goeie snit soos kruisskyf of *sirloin*. As jy 'n heel filet het, sny dit in die breedte in skywe en van daar in blokkies. Jy kan uit 'n snit soos 'n boud sosaties maak, maar dan gaan jy dit langer moet marineer. Met wildsosaties is dit 'n goeie idee om 'n dun stukkie skaapvet tussen die stukkies vleis te ryg om dit lekker klam en sappig te hou. Onthou om jou houtsosatiestokkies in water te week, anders gaan hulle aan die brand raak."

Eloff sê sosaties is baie gewild onder vleisliefhebbers, want dit is so verbruikersvriendelik. "Dit is ook maklik om jou eie te maak, en 'n kerriemarinade bly maar 'n groot gunsteling. Die asyn wat gewoonlik deel is van die marinade maak die vleis lekker sag en die kerriesmake komplementeer die wild perfek. Dit kan ook help om daardie 'wilde' smaak te tem – dan is dit ideaal vir mense wat nie so gaande is oor wildsvleis nie. Eland, springbok, koedoe en gemsbok sorg vir uitstekende wildsosaties."

Sosaties is so Suid-Afrikaans soos boerewors, maar ek het dit 'n Indiese kinkel gegee deur dit voor te sit saam met tuisgemaakte naan-brood en vars raita. Stroop die geurige, perfek gebraaide vleisblokkies van die stokkies af, vou dit toe in die vars naan en sit dit voor met 'n skeppie raita en van die kerriesous waarin die vleis gemarineer is. Eet dit dan soos 'n voupakkie – die souse gaan oor jou hande en teen jou ken afloop, maar jou oë gaan toegaan van die heerlik smul!

Om die sosaties te maak, het ek inspirasie gekry uit twee resepte: een uit Leslie van der Merwe se boek *Everyday Venison*, en die ander uit Annelien Pienaar se *Vleis*. Dit neem 'n paar dae om die sosaties behoorlik te marineer, maar die eindproduk maak dit alles die moeite werd. »





Die voltooide naan.

## TUISGEMAAKTE NAAN-BROOD

» Wat is makliker as 'n tuisgemaakte brood met net twee bestanddele? As jy lief is vir Indiese kos, ken jy hierdie sagte, geurige brood wat saam met kerrie voorgesit word. Dit is eenvoudig om jou eie te maak en boonop volgens jou smaak aan te pas.

**JY BENODIG:**

- 1 1/3 k bruismeel, plus ekstra vir sprinkel
- 1 k suurroom
- 2 e olyfolie, vir bestryk
- Gekapte, vars pietersielie, vir garnering

**SÓ MAAK 'N MENS:**

1. Plaas die meel en suurroom in jou elektriese menger se bak. Gebruik die deegbak en meng die bestanddele op medium-lae spoed tot gemeng. Skraap elke nou en dan die kante van die bak skoon sodat alles mooi kombineer. Verhoog nou die spoed en hou aan meng tot 'n gladde bal vorm (sowat twee tot drie minute).
2. Sprinkel 'n bietjie meel op 'n skoon oppervlak, haal die deeg uit die mengbak en knie 'n paar keer tot glad. Vorm in 'n bal.
3. Gebruik 'n skerp mes en sny die deegbal in agt stukke. Neem een stuk, sprinkel 'n bietjie meel aan elke kant en gebruik 'n koekroller om dit in 'n rowwe ovaalvorm uit te rol. As dit aan die koekroller vasplak, sprinkel nog meel op die deeg, jou hande en die koekroller.
4. Sodra jy die deeg uitgerol het, bestryk die bokant van die deeg met olyfolie. Verhit 'n swaarboompan oor matige hitte. Sodra die pan warm is, plaas die deeg in die pan met die oliekant na onder. Braai vir twee minute of tot goudbruin aan die onderkant. Bestryk die bokant van die deeg met olie en draai versigtig om. Braai nog twee minute tot deurgaar en goudbruin. Haal die naan uit, plaas op 'n bord en bedek met 'n vadoek. Herhaal die proses met al die deegballe. Sit dadelik voor, of bêre in 'n lugdigte houer vir later.

(Aangepas van *diethood.com*)



Die deeg vir die naan, verdeel in agt dele.



Rol die deeg vir die naan dun uit.



Die bestanddele vir die raita.

## RAITA

Hierdie Indiese bykos sorg vir 'n verfrissende varsheid wanneer jy iets met skop soos kerrie geniet.

**JY BENODIG:**

- 1,5 k ongegeurde, volroom-Griekse jogurt
- 1 klein rooi ui, fyngekap
- 1 klein komkommer, fyngekap
- 1/2 k koljanderblare, fyngekap
- 1 klein tamatie, pitte verwyder en fyngekap
- 1 t seesout
- 1/2 t varsgemaalde swartpeper
- 1 t suiker
- 60 ml koue water
- 1 t komynsade, vir garnering (opsioneel)

**SÓ MAAK 'N MENS:**

1. Plaas die jogurt in 'n mengbak. Voeg die uie, komkommer, tamatie en koljanderblare by. Meng goed.
2. Roer die sout, peper en suiker ook by en meng.
3. Rooster die komynsade in 'n warm, droë pan vir 'n paar sekondes tot hulle effens donkerder is en begin knetter. Verwyder van die hitte en voeg by die raita.
4. Roer die koue water bietjies-bietjies by terwyl jy liggies meng tot die regte tekstuur verkry is. Die raita moet dik en romerig wees. Bêre die raita in die yskas vir ten minste 'n uur of twee voordat jy dit voorsit sodat die geure kan ontwikkel. Gebruik binne drie dae.

(Aangepas van *cookrepublic.com*)



Roer alles bymekaar vir 'n verfrissende raita.

## ELANDSOSATIES IN 'N KERRIESOUS

**JY BENODIG:**

(genoeg vir 8-10 porsies)

- 1,5 kg elandfilet, in 2 cm-blokkies gesny

**VIR DIE MARINADE:**

- 2,5 ml fyn knoffel
- 2,5 ml gerookte paprika
- 30 ml bruinsuiker
- 250 ml amasi
- 50 ml suurlemoensap

**VIR DIE KERRIESOUS:**

- 30 ml olyfolie
- 1/2 rooi ui, fyngekap
- 1 knoffelhuisie, fyngekap
- 2 cm vars gemmer, gerasper
- 5-10 ml kerriepoeier (of meer) na smaak



Braai die uie en speserye vir die kerriesous.



Voeg die rooiwynasyn by.



Laat die sous prut vir die geure om te ontwikkel.

- 1 vars rissie, ontpit en fyngekap (opsioneel)
- 60 ml appelkooskonfyt
- 125 ml rooiwynasyn
- 15 ml bruinsuiker
- Sout en varsgemaalde swartpeper na smaak

**VIR DIE SOSATIES:**

- Houtsosatiestokkies, oornag in koue water geweek
- 150 g droë appelkose of perskes
- 2-3 sopies brandewyn
- 2 rooi uie, geskil, gehalveer en losgemaak
- 250 g groente van jou keuse (murgpampoentjies, soetrissies, sampioene)

**SÓ MAAK 'N MENS:**

1. Meng al die bestanddele vir die amasi-marinade. Plaas die vleis in 'n groot plastieksak of glas- of erdeskottel en giet die marinade oor. Laat staan oornag in die yskas.
2. Om die kerriesous te maak: Giet die olyfolie in 'n pan en soteer die ui. Voeg die speserye by en braai nog 'n minuut of twee. Roer die konfyt, asyn en suiker by en laat opkook. Verlaag die hitte en prut vir 5 minute. Proe en geur na smaak met sout en peper.
3. Verwyder van die hitte en laat afkoel. Plaas oornag in die yskas.
4. Die volgende dag giet jy die kerriesous oor die vleis in die marinade en laat dit vir twee dae verder in die yskas marineer. Roer elke oggend en aand deur. Die dag voordat jy die sosaties gaan maak, plaas die perskes of appelkose in 'n bak en giet die brandewyn en genoeg water oor om dit te bedek. Laat oornag week.



Sosaties, geryg en gereed vir die kole.

5. Wanneer jy gereed is, ryg die vleisblokkies om die beurt met die groente en die perskes of appelkose op die sosatiestokkies. Behou die marinade.
6. Braai die sosaties oor matige tot warm kole en draai gereeld. Die vleis met medium tot rou wees. (Ons het die sosaties in 'n toeknyprooster gepak en só gebraai; dit vergemaklik die proses aansienlik. Bespuit die skoon rooster met kleefwerende kossproei voordat jy die sosaties daarin pak.)
7. Maak 'n sous met die oorskietmarinade: Plaas die marinade en die brandewyn-watermengsel waarin die perskes geweek het, in 'n kastrol. Verhit en laat opkook. Voeg 'n klontjie botter by en laat prut tot verdik.
8. Laat die gaar sosaties vir 5 minute rus nadat hulle van die kole af kom. Giet die sous oor en sit voor saam met die vars naan en raita.



1 Sny die elandfilet in 2 cm-blokkies.



2 Giet die amasi-marinade oor.



3 Roer deeglik sodat die marinade die vleisblokkies bedek.



4 Só moet die vleisblokkies lyk nadat jy die marinade bygeroer het.

TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP

KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

## Wildsvleiswenk van die maand

Deur Eloff du Toit (mede-eienaar)

### KARKASSORG – BEWERKING

Met skoon en koue die vleis by die eindbestemming, is die bewerking daarvan die volgende stap. Die bewerkingsopsies word eerstens deur die karkas self bepaal – die bok se ouderdom en kwaliteit, en dan natuurlik die behoefte aan sekere produkte.

Biltong, droëwors, maalvleis en boerewors is die gewildste opsies en kan met groot sukses van die meeste karkasse gemaak word mits die nodige speserye en goeie vet en/of vleis van bees, skaap of vark daarby gemeng word.

Daar moet oordeelkundig oor tafelvleisprodukte soos rolle, roosterstukke, steaks, sosaties en ander soortgelyke snitte besluit word. 'n Ouer dier se vleis gaan gewoonlik nie goed daarvoor werk nie. Bewerkingskoste is deesdae egter duur, veral die maak van worsprodukte. Dermpryse het die laaste paar jaar die hoogte ingeskiet. Met die jag is reeds duisende rande spandeer aan vervoer, verblyf, kos en drankies, asook natuurlik die diere wat geskiet is.

Dit is belangrik om nie die vet en/of vleis wat daarby gemeng moet word, af te skeep ten einde koste te probeer bespaar nie. Op die ou end sit 'n mens met baie uitgawes en onsmaaklike vleis wat net weggegee gaan word deur 'n paar honderd rand te probeer spaar. Doen ook moeite met die verpakking, veral van tafelvleis. Vakuumverpak snitte en wors sodat dit maande kan hou sonder om vriesbrand te kry.

Oorweeg om van die worsvleis of *trimmings*, soos daarna verwys word, net so in 5 kg-pakke te vries. Dit gee jou die opsie om later weer maalvleis, boerewors, patties of droëwors te maak soos die behoefte ontstaan in plaas daarvan om met groot hoeveelhede van 'n produk op een slag te sit wat ná 'n klomp maande in die vrieskas nie meer vars proe nie.

Dit werk ook lekker om die nat biltong en droëwors in pakke te vries en dit dan soos nodig op te hang en te droog. Daar is deesdae heelwat biltongdroërs beskikbaar wat die droogproses skoon en moeiteloos maak en sorg dat jy altyd vars proviand het.




CASTLEWALK
Cnr Lois & Nossob Str, Erasmuskloof 0048, PRETORIA,
TEL: 012-347-0115|012-347-0245
EMAIL: *biltong@kingsmeatdeli.co.za*

LYNNWOOD BRIDGE
Lynnwood Bridge, cnr Daventry & Lynnwood Rd, Lynnwood,
PRETORIA, TEL NO: 012-348-2189|012-348-0387
EMAIL: *biltong2@kingsmeatdeli.co.za*

the deli for the connoisseur

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Inyathipark, Plot 3, Mountain Drive 7/Inyathi Park, Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus/PO Box 1952, Montanapark, 0159
Tel: 012-808-9300 Faks/Fax: 012-808-9344 E-pos/E-mail: admin@sahunt.co.za
Web: www.sahunters.co.za



# SA JAGTERS: 'N KULTUUR VAN MENTORSKAP



'N liefde vir jag, vuurwapens en die natuur bruis deur die are van elke SA Jagters-lid wat hierdie kultuur vir die nageslag wil sien voortleef. Wat kan die huidige geslag doen om te verseker dat hierdie tradisies nie verlore gaan nie? Die meeste SA Jagters-lede het aangename herinneringe van 'n mentor wat op een of ander stadium in hul lewens 'n beduidende rol gespeel het om 'n liefde vir jag, vuurwapens en die natuur te kweek.

By SA Jagters se 83 takke landwyd is mentorskap soos die suurstof wat ons inasem: onsigbaar en vanselfsprekend, maar die resep vir 'n ongelooflike suksesverhaal! Lede-aktiwiteite soos vergaderings, skietdae, opleiding, bewaringsprojekte en jag skep geleenthede vir mentors om 'n betekenisvolle bewustheid te skep vir verantwoordelike vuurwapenhantering, jag en bewaring. Dit lê die grondslag vir meer gestruktureerde opleiding as toegewyde jagter en sportskut, baanoffisier en trofeemeter. Blootstelling aan takaktiwiteite kan vir menige voornemende jagter die eerste kans bied om saam met ervare jagters te gaan jag.

Die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging is in 1949 gestig toe 50 jagters by die Pretoria Dieretuin vergader het om onder andere die ernstige probleem van wildstropery aan te spreek. Daardie 50 jagters was die eerste mentors van SA Jagters en hulle was 70 jaar gelede die pioniers wie se nalatenskap gestalte aan SA Jagters se suksesverhaal gegee het.

Watter bydrae kan mentorskap in SA Jagters vandag lewer? Behalwe ons lede, is daar dui-

sende Suid-Afrikaners onder ons familie, vriende en kennisse wat graag wil skiet en jag, maar nie die voorreg gehad het om 'n ouer, grootouer of ander familielid as mentor te hê nie. Die regte leiding en advies van 'n lid van SA Jagters by die aankoop van 'n eerste vuurwapen, skietopleiding en 'n eerste jagervaring sal bydra tot die ontwikkeling van só 'n persoon se skiet- en jagvaardighede. 'n Mentor se kundigheid oor die aankoop van 'n geweer en sy fyn aanvoeling in die jagveld kan vir 'n onervare skut of jagter van groot waarde wees. Neem hierdie mense onder jou vlerk, nooi hulle saam na jou takaktiwiteite en stel hulle bekend aan die ander lede en die verskeidenheid aktiwiteite wat takke aanbied.

Die afgelope jagseisoen het Fred Camphor (uitvoerende hoof van SA Jagters) 'n skoolvriend van sy seun na sy plaas genooi. Daar het hy hom aan 'n jaggeweer bekendgestel, hom op die skietbaan laat oefen en hom daarna saam met 'n gids veld toe laat gaan om sy eerste bok te skiet. Hulle het vooraf ooreengekom om saam die karkas te bewerk. Hierdie jagter benut nou sy wildsvleis saam met sy familie. Behoorlike mentorskap het verseker dat hierdie nuwe jagter die regte leiding in al die jagfasette gekry het. Dit was duidelik vir hom 'n baie aangename ervaring en die kans is goed dat hy daarmee sal voortgaan.

Watter rol kan ouers en grootouers in kinders se ontwikkeling speel? Ek gebruik graag die voorbeeld van 'n oupa wat sy eerste kleinseun reeds by sy geboorte agt jaar gelede by SA Jagters as lid geregistreer het. Saam met sy aansluitingsertifikaat het die oupa aan die seuntjie se ma 'n briefie oorhandig om eendag aan klein Janko te gee wanneer hy dit self kon lees. Die briefie lui soos volg: "Janko, jy gaan dalk die dag wanneer jy hierdie briefie lees, vra: Hoe het Oupie geweet dat ek lid wil wees van SA Jagters en dat ek gaan hou van jag en skiet? Ek het nie geweet nie, maar al waarvoor Oupie gehoop het, is dat Mamma en Pappa jou sal blootstel daaraan en jou dan toelaat om self te besluit waaraan jy wil deelneem."

Die afgelope agt jaar het Janko se ouers hom na reservate en dieretuine geneem waar hy wild, reptiele en voëls kon waarneem en waardeer. Vanaf sy eerste jaar was hy elke jaar op 'n familiejag waar sy eerste mentors, sy ma en ouma, in en om die jagkamp was. Hier het hy geleer om mierleeus uit hul gaatjies te lok, ystervarkpenne, vere en klippies op te tel, vir sy ma en ouma veldblommetjies te pluk, en hout aan te dra na die donkie vir bad- en stortwater. Elke oggend en middag was dit sy selfopgelegde taak om gebreekte mielies uit te sit en die waterbak vol te maak vir die voëls, duiwe, patryse en een skugter duiker wat by die jaghuis kom eet. Wanneer sy pa of oupa 'n bok geskiet het, is hy saam op die bakkie veld toe om die bok te gaan haal en die jagter se sukses te vier. By die slagplek het hy bygestaan wanneer die bok afgeslag word en kon die volwassenes vir hom interessanthede uitwys. Op dié manier het hy geleer dat diere doodgemaak word wanneer 'n mens jag en dat daar bloed is. Hy was doelbewus nog nie blootgestel aan die doodmaak van die diere nie. Hy het ook geleer dat jagters benut wat hulle jag, 'n les wat goed by hom ingesink het. Gedurende middagete het hy en sy pa met rekgewere in die bos rondom die kamp na diereteikens geskiet.

Op vyfjarige ouderdom het sy oupa vir hom sy eerste windbuks gegee tydens 'n familiejag, waarna sy skietafrigting met 'n oopvisier begin het. Met elke familiejag was dit veral sy ma en ouma wat bedags wanneer die mans jag, Janko se skietafrigting verder geneem het. Hulle en Janko het in skietkompetisies na blikkies en staalsilhoeëtte van diere geskiet. Sy oupa het vir hom diereteikens in die bos net buite die jagkamp opgestel, waar hy met sy windbuks saam met sy pa gejag het.

Tydens 'n familiepiekniek in 2021 toe hulle op 'n plaas buite Brits dassies gejag het, wou Janko met die .22 Randslag-geweer met die teleskoop skiet. Dit was sy eerste blootstelling aan 'n teleskoop. Hy het dit dadelik gesnap en soos 'n ervare skut geskiet. Met die vooruitsig van die familiejag in Junie 2022, wou hy graag sy eerste tarentaal of patrys skiet. Sy grootouers het sy skietafrigting met die .22 Randslag-geweer verder geneem en tydens die familiejag het hy saam met sy ma en ouma sy eerste patrys geskiet. Hy was omtrént in sy noppies oor hierdie groot mylpaal en het self sy patrys gebraai en die ander genooi om saam te eet. 'n Dag of twee later het hy aangekondig dat hy darem ook graag 'n tarentaal wou skiet, maar dat hy vir eers nie nog 'n diertjie wou doodmaak nie! Die lessies dat dit vir die jagter 'n spesiale voorreg en verantwoordelikheid is vir elke lewe wat hy neem, het duidelik inslag gevind.

> Op vyfjarige ouderdom het sy oupa vir hom sy eerste windbuks gegee tydens 'n familiejag, waarna sy skietafrigting met 'n oopvisier begin het.

Só het Janko se jag- en skietpaadjie gevorder. Gedurende 2022 het hy tydens 'n jaguitstappie saam met sy ouers sy eerste dassie geskiet en sy eerste tarentaal en tortelduif saam met sy oupa op 'n plaas naby Delmas gejag. Die voëls is net daar op die plaas skoongemaak en by die huis kon hy dit volgens sy ouma se resep gaarmaak en saam met sy gesin geniet. Janko se droom is om gedurende die familiejag in 2023 op die plaas Knapdaar sy eerste steenbok te jag, wat oom Herman hom al vyf jaar gelede belowe het. Ter voorbereiding vir hierdie jag sal Janko onder andere met sy ouma se .222 Remington-geweer leer skiet. Intussen het Janko klippe en halfedelgesteentes begin versamel, waaroor hy inligting op die Internet naslaan om sy kennis oor sy klipversameling aan te vul.

Juniors kan vir die eenmalige bedrag van R225 by SA Jagters aansluit, wat hul lidmaatskap dek tot hulle 18 jaar oud word. Daarna moet hulle jaarliks lidmaatskapfooie betaal. In 2024 sal Janko reeds vir tien jaar 'n lid van SA Jagters wees. Sy oupa hou sedert sy eerste jaar rekord van elke skietoefening en jag op Janko se persoonlike profiel op die SA Jagters se lede-administrasiestelsel. Janko se aktiwiteitsrekord sal dien as sy motivering indien hy op 16-jarige ouderdom besluit om aansoek om sy eie vuurwapen te doen. Hy het reeds die wonderlike vooruitsig van sy oupa se .22 Randslag Brno-geweer wat in die kluis op hom wag. Teen daardie tyd sal hy waarskynlik ook in een van die jaggewere belangstel.

Juniors 16 jaar en ouer kan SA Jagters se kursus vir toegewyde jagters of sportskuts voltooi om toegewyde status te bekom. Die Wet op Beheer van Vuurwapens laat jongmense onder 21 jaar toe om met spesiale motiverings en bewyse aansoek om hul eie vuurwapens te doen.

Die skrywer van hierdie artikel is Janko se oupa, vir wie dit 'n groot voorreg is om deel van sy ontwikkelingspad te kan wees. Janko is 'n tipiese voorbeeld van wat kinders doen indien hulle die geleentheid kry om jag, skiet en die natuur te beleef en self te besluit hoe hulle hul belangstelling wil uitleef. Daar is duisende kinders, jongmense en hul ouers in ons gemeenskap wat voordeel kan trek uit die mentorskap wat SA Jagters se lede kan bied. Kom ons gebruik ons passie, kennis en vaardighede om vir ons kinders en hulle kinders 'n erfenis van jag, skiet en 'n liefde vir die natuur na te laat. Moedig hulle aan om by SA Jagters aan te sluit, kry hulle betrokke by 'n SA Jagters-tak en bou voort op die nalatenskap wat 50 jagters in 1949 in die Pretoria Dieretuin begin het.

# BOKSPOG

*Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org*

## WENPRYS

**GEBORG DEUR:**

***Stevenson Hamilton***

**Die wenner van hierdie maand se *Bokspog*, Marinus Roos, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste, *www.stevensonhamilton.co.za* ter waarde van R800.**

**Baie geluk, Marinus! Om jou prys te eis, stuur 'n e-pos aan: *admin@promark.co.za***




**MARINUS ROOS, ROOIBERG, WES-KAAP.** Eland, Sako, .260 Rem, Berger Elite Hunter, 156 grein, 126 meter.



**AMÉ PIETERSE, MODIMOLLE, LIMPOPO.** Rooibokram, Howa .223 Rem, 55 grein Hornady V-Max ,122 meter.



**KEVIN SWART, BRONKHORSTSPRUIT, GAUTENG**. Koedoe, .30-06 Sprng, 165 grein Norma, 78 meter.



**JANO BOSHOFF, THABAZIMBI, LIMPOPO.** Njala, .308 Win, 165 grein Nosler AccuBond.



**JUAN KORSTEN, NORTHAM, LIMPOPO.** Rooibok, Musgrave, .308 Win, 180 grein Rhino, 90 meter.



**DAVE GRIESEL, MODIMOLLE, LIMPOPO.** Buffel, Ruger .458 Win Mag, 400 grein, 35 meter.



**ETHAN SAUNDERS, MODIMOLLE, LIMPOPO.** Njala, CZ 550, .308 Win, 180 grein Federal Fusion, 60 meter.



**MADELEIN VAN WYK, MOOKGOPHONG, LIMPOPO.** Blouwildebees, .270 Win, 150 grein Hornady InterBond, 140 meter.



**CARLI VERMEULEN, HOBHOUSE, VRYSTAAT.** Springbok, Howa, .223 Rem , 55 grein Nosler, 130 meter.



**MICHAEL BETTS, PONGOLA, KWAZULU-NATAL.** Rooibok, Savage, .260 Remington.

## VEREISTES VIR BOKSPOG-FOTO'S:

**SA JAGTER/HUNTER publiseer geen foto's van die volgende nie:**

- **Kinders jonger as 10 jaar oud.**
- **Oormatige bloed op bokke of op die grond.**
- **Jagters met bloedbesmeerde gesigte.**
- **Jagters wat bo-op 'n gejagte dier sit of handgebare toon – dis oneerbiedig teenoor die dier.**
- **Foto's met "plakkate" waarop die jagafstand verskyn.**
- **Foto's waarop drank verskyn.**
- **Foto's waarvan die resolusie/kwaliteit onvoldoende is. Foto's moet verkieslik 1 MB groot wees. (Stel jou kamera op die hoogste resolusie/fotogrootte.)**
- **Enige foto wat jag in die oë van die algemene publiek in 'n swak lig sal stel.**

**Jou foto moet vergesel word van die volgende inligting in hierdie spesifieke volgorde: Jagter se naam en van; naaste dorp/stad; provinsie; spesie gejag; geweerfabrikaat; geweerkaliber; koeëlgewig in grein; koeël se maak; jagafstand. Uit die aard van die saak ontvang ons maandeliks baie meer inskrywings as waarvoor ons spasie het. Wees dus asseblief geduldig indien jou foto nie dadelik geplaas word nie. Stuur jou jagfoto's na: *bokspog@sahunter.org***





**HOOFFOTO:** Eland. Bron: *Gallo Images.*

**ONDER:** Op soek na 'n vars spoorsnyer by van die vele plaaslike hutte.

# LESSE GELEER: DIE ELANDE VAN DIE NUANETSI

**Die moeilikste jagtogte skep dikwels die beste herinneringe.**

Sukses is nie noodwendig altyd die maatstaf van 'n goeie jag nie. Om die waarheid te sê, een jag wat my bybly, was een waartydens ek nie eens 'n skoot geskiet nie. Dalk onthou ek dit juis omdat ek onsuksesvol was. En natuurlik ook omdat dit so 'n séér jag was.

Die 350 000 hektaar-Nuanetsi Ranch in die laeveld van Zimbabwe was vroeër jare een van Suider-Afrika se legendariese jaggebiede. Saam met die Zambezivallei en Zambië se Luangwavallei roep dit beelde op van wye, wilde Afrika, hoewel die










**BO LINKS:** In die suidoostelike hoek van Zimbabwe lê Nuanetsi.

**LINKS EN BO:** Een van die gidse het vir my 'n paar krukke uit hout gekap. Dié paar krukke is my "trofee" van daardie jag meer as 30 jaar gelede.

Nuanetsi 'n reusebeesplaas was en die meeste gevaarlike goed daarom grootliks uitgeroei was. Hierdie massiewe stuk bosveld in die suidoostelike hoek van die land, naby die Gonarezhou-wildtuin en vlak duskant die Limpopo, het egter steeds avontuur belowe. Wild was volop en die ruimte was aangrypend, veral vir Suider-Afrikaanse jagters wat met plaasgrense genoeë moes neem in hul eie land. Jagbeurte vir die verskillende sektore is jaarliks per veiling verkoop, en in 1990 kon ons daarin slaag om Bubye, met 'n gepaardgaande wildpakket, vir tien dae te bekom.

Lesers wat Zim ken, sal weet van die Lion & Elephant-hotelletjie daar langs die oostelike hoofpad. Ons kamp was nie ver daarvandaan nie, op die oewer van die Bubyerivier. Die kamp het bestaan uit 'n paar tak-en-gras-skuilings met basiese was- en vuurmaakgeriewe. Twee amptelike gidse/monitors is voorsien, maar origens moes ons self sorg vir voertuie, personeel en logistiek. Om al hierdie dinge in plek te kry vir drie jagters wat oor tien dae 'n groot aantal diere in 'n reusegebied sonder veel infrastruktuur wil skiet, verg nogal heelwat reëlings. Spoorsnyers, slagters, drywers en 'n kok is nodig. As jy heeldag hard jag, het jy nie nog kans om na al hierdie funksies om te sien nie. Ons moes dus personeel in diens neem en daarby moes toerusting en 'n aansienlike klomp proviand aangekarwei word.

Met twee Zim dollar vir 'n rand as 'n goeie ruil en 'n boom se skadu as werwingskantoor, het ons die nodige begin bymekaarkry en was gereed om op die gegewe datum die kamp te betrek en te begin jag.

In 'n plek soos die Nuanetsi is elke dag 'n nuwe avontuur. Soggens voordag lui die kok die dag in met bekers stomende koffie wat hy by die slaapskuiling bedien. Daarna is dit veld toe om teen ligdag by 'n watergat na vars spore te begin soek, soms so ver as 20 of 30 kilometer van die kamp af. Ons jag afsonderlik, elke dag twee man in die veld, elk met sy eie gids, spoorsnyer en drywer, terwyl die derde man diens doen by die kamp. Daar is karkasse wat herwin moet word, al die take rondom die kamp en slagplek, asook die wegry van vleis na 'n afgeleë slaghuis waar ons 'n mark gekry het.

Soos die dae verbygaan, groei die velle aan waar hulle uitgepen lê – sebras, rooibokke, koedoes, kameelperde, blouwildebeeste en nog meer. Ons werk hard en die diere kom in. Op die rookrakke en drade waar die personeel hulle huisvleis droog, begin dit soos 'n makabere slagplaas lyk.

Eland bly my egter ontwyk. Met twee dae oor en ons kwota origens vol, kan ek my uiteindelik toespits op die soek van hierdie bul der bulle. Douvoordag ry ek weer veld toe met my span. Ek is gefokus. Ná meer as 'n week van harde jag is die geweer tuis aan my skouer en my bene gebrei. Ons kry 'n belowende spoor by 'n watergat en volg hom die bosse in. Ons volg ook die gewone prosedure. Die voertuig bly agter en die drywer stap agter die jaggroep aan. Hy sleep 'n stok om 'n duidelike spoor te laat. Wanneer iets geskiet word, kan hy dan op sy spoor terugloop en terselfdertyd 'n roete uitsoek waarlangs hy die voertuig kan inbring sodat die dier gelaai kan word. In-»





**BO:** 'n Koedoekoei wat ek tydens die jag geskiet het.
**ONDER:** Só 'n kameelperdbul is maklik om te skiet, maar 'n groot taak om weg te werk. (Nog erger as dit 'n ou "stink" bul in die broeiende hitte van die laeveld is.)

» tussen kan die jagter en sy gidse 'n draai loop op soek na verdere kanse. As daar niks geskiet word nie, word die drywer teruggestuur om die voertuig te gaan haal en verder vorentoe te verskuif na 'n bekende punt. Sodoende word die jagter se tyd nie verspil nie en word hy nie beperk tot sirkeljagte nie.

Die elandspoor neem ons ver, maar ons kry nie sy einde nie. 'n Meer belowende spoor laat ons weer daarop afdraai. Die mis is nog gelerig en klam en die oorhoofse takke wat met die horings afgehaak is om aan te vreet, toon skaars tekens van verwelking. Benewens spore soek, fynkam ons ook die eindelose bos vir enige geluk wat hom mag voordoen. Ons lê kilometers af en ons kry elande, maar dit sukkel.

Met sy uitstekende gehoor en reuksin is die Livingstone-eland 'n ware uitdaging. Dit verg konsentrasie en fyn veldkuns om hom in hierdie wêreld van bossavanne, mopanie, oewerwoude en miombo te vind en dan boonop onder skoot te kry. Elke keer as ons binne trefafstand kom, loop iets skeef. Die windjie drentel en draai en kort voor lank is die elande skoonveld. 'n Ander keer is dit weer die gids wat nalatig is en ons posisie verraai. Die geringste kraak van 'n stokkie onder iemand se voet laat die groot liggame geluidloos tussen die bosse verdwyn. Dan is daar ook nog daardie frustrerende toedrag van sake wanneer die elande staan en jy sien hulle, maar jy sien nie wat jy móét sien nie. Al wat sigbaar is deur die takke is 'n been hier, 'n stert daar. Jy hoor hulle en jy ruik hulle, maar 'n oop skoot kry jy net nie. Ook nog die teleurstelling as jy ná baie moeite uitvind 'n trop bevat nie daardie bul waarna jy op soek is nie.

> Die elandspoor neem ons ver, maar ons kry nie sy einde nie.

Só leer ek dat elande in die bosveld nie maklik is nie. En ek leer op die harde manier dat wanneer hulle genoeg aanstoot kry en hulle slaan daardie skoffeldraffie in, gaan hulle ver. Verder as wat jy sou dink. Ek maak baie foute; dis my eerste werklik toegewyde jag op hierdie ontwykende skimme van die bos.

Die hele dag lank jag ons die groot spoke. Dan op dié spoor, dan weer agter 'n ander trop aan wat ons raakloop. Die pas wissel van roerloos wag tot haastig draf om te probeer voorlê. Die laeveld het weliswaar nie berge en dale nie, maar hy is wyd, al sien jy nie ver nie. Plek-plek is dit skuifelruig, dan is daar weer kronkelende, droë sandlopies wat aan die voete rem, maar bruikbare roetes is om langs te beweeg.

Toe ons teen donker by die kamp aankom, kan ek aan my lyf voel die jag begin sy tol eis. Die kok se vuur brand egter hoog, sy warm water stoom en sy ete gee weer krag.

Die volgende dag – my laaste kans – volg min of meer dieselfde patroon. Met die tydsdruk maak ek die fout om haastiger op die spoor te raak en sodoende maak ons nóg meer foute. Hier voor die middaguur besef ek die spoorsnyer begin hom loslieg uit ver stap uit. Hy het duidelik genoeg gehad van my verbete agtervolging van ontwykende elande. Ek werf vir my 'n ander kêrel by 'n nabygeleë kraal, een wat nog nie 'n vol maag en 'n sak vol vleis het om huis toe te vat nie. Met hierdie vars man vat ek weer die bos. Dis 'n lang soektog, maar dit loop weereens op niks daadwerkliks uit nie. Toe ek kort voor sononder uitgeput rigting inslaan kamp toe met die hoeserige ou Land Rovertjie, besef ek eland is my nie op hierdie jag beskore nie.

Skaars 5 kilometer van die kamp af kom ons op 'n trop elande af wat die pad kruis, maar ons sien hulle te laat en hulle slaan op die vlug. Ek laat die voertuig daar en ons pak vir oulaas weer 'n kat-en-muis-agtervolging aan, 'n hele ent die bos in. Die naderende skemer steek egter 'n stokkie voor die spoorsny en laat ons handdoek ingooi. Op pad terug na die voertuig kan ek voel my bene het genoeg gehad van eland jag; veral my linkerknie protesteer. Toe ons die kamp 'n halfuur later haal, pyn daardie knie behoorlik. Kort voor lank kan ek nie op hom staan nie. Dit brand, soos sout wat die elande in my wonde vryf, en die nag raak 'n lang, slaaplose een van rondrol met uiterste pyn.

Die volgende dag is dit kamp oppak en personeel, vleis en velle wegry. Die taak val op my jagmaats. Ek kan nie veel meer doen as lê en pynpille knaag nie. Betroubare mediese sorg is daar nie te haal binne die beskikbare tyd nie. Ek sal eers die dag daarna by 'n dokter kan uitkom wanneer ons die grens oorsteek op pad huis toe. Een van die gidse gaan kap vir my 'n paar krukke in die bos. Met dié kan ek darem oor die weg kom, want ek kan glad nie my gewig op die geswelde knie plaas nie. Enige beweging raak 'n hewige stryd teen pyn.

Baie kampvure se rook het sedertdien in my oë getrek, maar ek hou steeds daardie paar krukke om my te herinner aan 'n uitstaande jag. Die elande van die Nuanetsi het gewen, ja, maar ek het eland gejág. Twee dae lank, donker tot donker, op een spesifieke doel gefokus. Ek het spore gewerk, wind gemonitor, bekruip, en die ruim laeveld intens beleef. Selfs 'n paar keer aangelê in afwagting op die bul wat homself net moes wys. Net die skoot moes nog klap. In die proses het ek baie geleer en ervaar. Sou ek dieselfde kon sê as ek binne 'n uur of twee my eland gemaklik geskiet het?

VOLG ONS / FOLLOW US

NUUSBRIEF/NEWSLETTER

Besoek ons webblad www.sajagterhunter.com en teken in op ons nuusbrief wat die eerste Donderdag van elke maand uitgaan.

Visit our webpage www.sajagterhunter.com and subscribe to our newsletter, which is sent out on the first Thursday of every month.

ONTVANG JOU NUUS / RECEIVE YOUR NEWS

SKANDEER HIERDIE KODE / SCAN THIS CODE

SA SE VOORSTE JAGTYDSKRIF
Vir alles wat die jagter en bewaarder wil weet

SA'S LEADING HUNTING MAGAZINE
Keeping the hunter and conservationist in the know

JAGTER SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN HUNTER

WEBBLAD/WEBSITE

Om gratis artikels uit die jongste uitgawe te lees en lekker pryse te wen, besoek SA JAGTER/HUNTER-tydskrif www.sajagterhunter.com

To read free articles from the latest edition and win exciting prizes, visit SA JAGTER/HUNTER www.sajagterhunter.com

BESOEK ONS WEBTUISTE / VISIT OUR WEBSITE

SKANDEER HIERDIE KODE / SCAN THIS CODE

FACEBOOK

SA JAGTER/HUNTER magazine (@sajagtertydskrif) of sluit aan by ons Facebook-groep by SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif / Magazine

SA JAGTER/HUNTER magazine (@sajagtertydskrif) or join our Facebook group at SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif / Magazine

SLUIT VANDAG BY ONS FACEBOOK-GROEP AAN / JOIN OUR FACEBOOK GROUP TODAY

SKANDEER HIERDIE KODE / SCAN THIS CODE



**BO:** Pottie in sy werksklere, oftewel sy "Oros-pakkie". Hy werk op 'n melkplaas in die verre suide van Nieu-Seeland. Die vark is seker die vetste een wat ek nóg geskiet het. Tikka, my Australiese kelpie, dink dis die lekkerste ding in die wêreld om agter op 'n vierwielmotorfiets te ry. **ONDER:** Pottie en Tikka bespreek, soos die sanger Appel sing, die dag se jag.



**BO:** Hier is ek by die 12-punter wat ek eerste met my Sako S20 7mm Magnum geskiet het. Alhoewel die bok die gesogte 12 punte ontwikkel het, het sy gewei nie dié jaar baie groot geword nie – dalk sou dit die volgende jaar langer gewees het.



# OOM POTTIE SE PLEKKIE OP OWAKA

Twee Suid-Afrikaners en 'n Australiese kelpie durf die Nieu-Seelandse jagveld aan.

Pottie van Pietersburg boer mos nou hoeka met melkkoeie tussen die Otago Highlanders op Nieu-Seeland se Suideiland. Owaka is die naam van die naaste dorpie en dis net hier waar ek en Tikka, my Australiese kelpie-jaghondjie, die vakansie vir my ou maat gaan kuier het.

Die storie begin eintlik 'n paar jaar voordat Covid ons algar se lewens kom staan en "bebodder" het met gesluite grense en soortgelyke naarhede. In 'n poging om my ou .303-strydros 'n bietjie raker te laat skiet, het my vriend Craig Rosser tydens 'n besoek aan Pietersburg gereël dat iemand aan die .303 werk. Voor ek terug Nieu-Seeland toe is, het ek Pottie vlugtig ontmoet om my opgegradeerde geweer te kry.

'n Jaar of wat later sit ek een pouse en tee drink in Tauhara College in Taupo se personeelkamer. Die kantoortannie kom roep my en sê: *"There are some South Africans who want to see you in the office."* Ek ontmoet die man en sy vrou, en ná 'n paar minute se gesels besef ons dat ons mekaar eintlik ken. Dis toe al die tyd Pottie en Dalene wat in Nieu-Seeland kom kuier het en





**BO:** In April, wanneer dit dektyd is, brul die takbokbulle en hul nekke swel soos op die foto. **REGS:** Die grootlyf-10-punter – seker die swaarste edelhert wat ek nóg geskiet het. Hy het 'n raps oor die 130 kg uitgeslag. Drie maande vroeër, voor die dekseisoen, sou hy maklik 10 kg meer geweeg het. 'n Mens kan aan sy gewei sien dat dit al agteruitgaan en dat al die punte nie afsonderlik en ten volle ontwikkel het nie.

bloot toevallig gehoor het van 'n boere-onnie wat so 'n bietjie jag.

Lang storie kort: Pottie trek sowat 'n jaar later na my buurdorpie en ons raak toe so half familie, soos dit soms maar in die buiteland gebeur met mense wat van dieselfde dam se ganse is. Later trek ek af Canterbury toe op die Suideiland, en so wrintiewaar, twee maande later trek Pottie en sy span sommer nóg verder suid as ek na Otago. Pottie boer reg op die Suideiland se ooskus in 'n gebied wat die Catlins genoem word. Soos hy die grond leer ken, kom hy agter dat daar 'n klompie vrylopende wild op die plaas is, en wat nóg beter is – dat hy daar mag jag.

Hy gewaar gereeld damherte, oftewel *fallow deer*, asook edelherte of *red deer*. Ongelukkig, of eerder gelukkig vir my, is Pottie te besig op die plaas om rêrig te gaan jag en so êrens in 'n telefoongesprek nooi hy my en Tikka om te kom kuier as hy 'n paar dae los is. Met my vrou veilig op 'n vliegtuig op pad Noordeiland toe, draai ek my Mazda-bakkie se neus suid vir so 400 km verby Dunedin, Balclutha tot net voor Owaka, wat "die kano" in Maori beteken.

Pottie het my mooi verduidelik wat om in te pak. Eerstens, Tikka, tweedens, my 7mm Rem Mag en .270, en ná dit baie warm klere. Gewapen tot die tande, daag ons toe by Pottie se plaas op.

Sommer vinnig is ons veld toe, maar voor ek op die vierwielmotorfiets klim, vra hy waar my geweer is. Wel, dis mos nou musiek in enige man se ore, en minute later vertrek ons. As ingeburgerde lid van die die jagspan, ry Tikka ook langs my op die Kingquad.

Pottie se verkyker vertel hom dat daar 'n penkop-*fallow* ongeveer 400 tree van ons af wei.

Ons is nog nie ver nie of ons gewaar 'n grys *fallow*, maar besluit om later met hom te kom onderhandel omdat Pottie elke dag bokke in daardie area sien. Ons stop by die eerste kamp en begin stap. So teen sesuur stap ons by 'n derde kamp in en klim teen 'n bult uit na 'n watertenk toe om sommer net te kyk wat daar is.

Pottie se verkyker vertel hom dat daar 'n penkop-*fallow* ongeveer 400 tree van ons af wei.

Gou maak ons 'n plannetjie en bekruip die bok agter 'n bultjie tot op omtrent 200 tree, volgens die Leica. Tikka raak heel opgewonde toe ek oor my rugsak dooierus neem en kan nie sy bruin hondeboude stil op die grond hou toe ek sy naamgenoot, my Tikka .270, oorhaal nie. Pottie praat my deur die skoot en ek hoor hoe die 140 grein Sierra GameKing die bok tref. Hy hardloop so 'n ent, maar in die skemer kan ek nie mooi sien wat hy doen nie. Toe hy gaan staan, klap 'n tweede skoot en die bok bly lê. Tikka spring weg soos Yvette de Klerk van ouds en minute later doen hy sy werk en blaf langs die dooie bok om my te vertel waar hy lê. Tydens die pensuithalery word my brakkie met 'n paar skywe hart en niertjies beloon.

Terug by die huis is aandete gereed vir drie honger jagters. Ongelukkig kon Tikka nie deel aan die heerlike pasta wat Dalene vir ons voorgesit het nie en moes dié keer maar tevrede wees met sy hondekosrantsoen.

Ná ete sê Pottie hy dink ons moet weer 'n draai gaan ry. Hierdie keer vat ek my Sako 7mm Magnum, toegerus met 'n termiese Pulsar-teleskoop, saam en Pottie druk sy termiese Pardteleskoop in sy sak. Ons sien net hase en 'n paar opossums – niks om rêrig onder die lood te steek met die 7mm nie. Ons stop en begin stap met 'n lang, slap draai terug na dieselfde tenk van waar ons drie ure gelede die wit penkoppie gewaar het.

Van die tenk, wat strategies op 'n hoogtetjie geplaas is, kan ons seker 100 ha se weikampe en boslyn sien. Bo teen 'n bult gewaar ek 'n dier wat wei. Pottie identifiseer dit as 'n varksog. Die wind is in ons guns en ons stap in die volmaan nader. Tikka ruik die vark en begin ons op sy hondemanier vertel dat daar iets is wat sy aandag trek. Ek kry 'n kans op 150 tree, maar tot my ou maat se frustrasie kan ek nie die geleentheid benut nie. »

» Daar is 'n draad met blokke op voor my en ek kan nie my geweer só geplaas kry sonder om dalk die draad, hier reg voor die loop, af te skiet nie.

Pottie beweeg agteruit teen 'n steilte op en ek volg hom. Hoewel die skoot nou seker sowat 170 tree is, is dit 'n veiliger skoot sonder "draadwerk". Die vark bly verdwyn agter vleigras en in 'n slootjie in. Die volgende keer toe die sog mooi oop is, stuur ek 'n 162 grein Amax na haar toe. Die skoot klap solied en Pottie bevestig dat sy plat is. Ek stap met 'n ompad na die vark toe. Tikka is reeds lank voor my by die vark en blaf tot ek ook daar opdaag. Dis seker die grootste, vetste varksog wat ek nóg geskiet het; sy weeg so om en by 145 lb met die binnegoed uit.

Ons vat dit maar rustig die volgende dag en kry die vleis in die vrieskas. Op pad dorp toe gaan maak ons 'n draai op 'n ander deel van die plaas. Dis baie mooi – 'n mens staan op 'n hoë krans en kyk uit oor die see. Net voor ons terugdraai huis toe, gewaar ek 'n edelhert wat 700 tree van ons af teen 'n steil bult wei. Van 'n volgende uitkykpunt merk ons dat daar eintlik vier bokke is en besluit om liewer die volgende dag terug te keer en 'n behoorlike hinderlaag vir hulle op te stel.

Vroegdag gaan bekyk ons die area waar die bokke was en sien dit is moontlik om 'n hinderlaag op te stel, maar nie noodwendig maklik nie. Alles hang van die windrigting tydens die jag af.

As gevolg van 'n lekker braaivleis (Pottie is 'n meesterbraaier) met heerlike boerepap en 'n dik sous raak dit donker voor ons kan teruggaan na waar ons beplan het om te gaan jag. Die jag sal dus maar met behulp van ons termiese teleskope moet gebeur. In Nieu-Seeland is takbokke en varke uitheemse diere wat tot pesdiere verklaar is, amper soos jakkalse in Suid-Afrika. Derhalwe is dit heeltemal wettig om op privaat grond met termiese toerusting te jag.

By die uitkykpunt aangekom, sien Pottie dadelik 'n stuk of ses



Die eerste bok vir die naweek was 'n jong *fallow*-rammetjie – die beste wildsvleis in Nieu-Seeland.

bokke waar ons hinderlaag moes gewees het. Ons hou krygsraad en besluit dat Pottie sal agterbly om my op hoogte te hou van wat die bokke doen. Net om die saak te bemoeilik, wei 'n trop skape in die kamp waardeur ek moet gaan om by die bokke uit te kom. Met Pottie op sy observasiepos, vat ek en Tikka die pad na die bokke toe.

Ek loop van die hoogte af na die bokke toe met 'n ompad vir die wind. Ons stap 400 m af met die bult, deur 'n stroompie en op teen die oorkantste hang. Weens die steil helling van die bult waarteen ek stap, kan ek geen diere sien nie.

Pottie laat my weet om meer na regs op te beweeg en dan reguit na 'n hoop klippe. Sodoende sal ek moontlik die trop skape kan vermy. Ek sien aan my hondjie dat hy baie bewus is van diere links van ons en soos ek teen die bult opkom, begin ek skape links en agter my in die Pulsar opmerk. Tikka word nader beduie en ons sak weer effens laer om heel verby die skape te kom.

Pottie sê dat ek nou reguit bultop kan stap met die bries so deels in my gesig. Net voor ek die kruin bereik, bespeur ek die eerste bok regs van my op nagenoeg 130 tree. Tikka begin op sy agterbene staan en beduie daar is diere reg voor ons ook. Hy draf tot op die kruin en gaan sit en staar na iets voor hom. Dis 'n seker teken dat daar diere is. Van die kruin af gewaar ek 12 edelherte wat voor my wei. Aan een se nek kan ek sien dat dit sommer 'n dik bul is. Hy is egter bewus van iets en stap vinnig weg van my af bos toe.

Ek gaan sit en span die Sako. Die eerste bok wat ek gesien het, is duidelik ook 'n bul met 'n mooi nek. Toe hy agter 'n struik uitstap, druk ek die sneller en hoor die duidelike "djoep" soos 'n Amax hom tref. Ek verloor hom uit die oog en gaan sowat 15 tree nader na 'n hek. Dan sien ek die bul beweeg boslyn toe; dit moet my bul wees wat dalk nie 'n doodskoot gekry het nie. Ek neem dooierus oor die hek en weer "djoep" die koeël mooi op die bul se blad.

Tikka spring weg en terwyl ek nog deur die gebroke veld stap, begin hy blaf. Ek slaak 'n sug van verligting, want hy sal net blaf as hy die bok opgespoor het. Toe ek daar aanland, sak ek langs die bok neer. Ek vryf oor die dik, rooibruin nek en sê dankie vir die geleentheid. Natuurlik word Tikka sommer baie geprys en kry dadelik 'n stukkie van die bok om te eet. Die bul se gewei het 12 punte – 'n spogtrofee.

Ek bel vir Pottie en vertel hom van die 12-punter wat ek geskiet het. "En wat van die ander een?" wil hy weet. Van sy observasiepos kon hy sien dat my eerste bok weggespring en geval het en dat die ander bul wat van my weggestap het, só beweeg het dat dit gelyk het of hy uit dieselfde rigting kom as waar ek die 12-punter geskiet het. Ek stuur Tikka weer veld in met 'n "soeksoek". Pottie beduie oor die foon min of meer hoe ek moet stap, en minute later blaf die brakkie weer, dié keer by 'n grootlyf-10-punter.

Ek begin pens uithaal en gee tussendeur vir Tikka stukkies hart en niertjies. Hierdie ou bruin brakkie van my het hom weer as uiters waardevol tydens die jag bewys. Later daag Pottie met 'n veldkarretjie by ons op en kan die laaiproses met moeite begin. Twee dik takbokbulle is nie 'n man se maat nie...

Wat 'n voorreg om so in Nieu-Seeland by my ou maat Pottie te kan jag – in suiwer Afrikaans. Soms tradisioneel, en as die donker ons vang, *high-tech*, maar lekker bly dit lekker. Ek wil nou nie uit my beurt praat nie, maar ek dink oor 'n klompie maande moet ek en Tikka weer 'n bietjie vir sy oom Pottie gaan kuier...

# ON SALE NOW

## MAGNUM'S FIRST EVER KNIFE & HUNTING GUIDE




On sale at all major magazine retailers

**Learn about the Top Biltong Species most favoured by meat hunters**

- Springbuck
- Impala
- Kudu
- Blesbuck
- Blue Wildebeest
- Warthog

Are **Custom Knives** Worth it?

Dangerous Game **Know-How**

**Five Knives to Know About**

- Every Day Carry
- Fixed Blade
- Multi-Tool
- Neck
- Hunting

**’n Portugese Mauser en ’n uitgeslape koedoebul sê mekaar die stryd aan.**

In Maart 2019 het ek en my vriend, Jaco Goosen, ’n wonderlike jag beleef toe ons met twee ou gewere elk ’n gemsbok geskiet het. Ek het my Portugese Mauser in 6,5x58mm gebruik en Jaco sy 1875-replika Sharps in .45-70 Govt. Daardie jag het my lus aangewakker om iets spesiaals met die ou Portugese Mauser te skiet. Toe Koos Barnard (oud-redakteur van SA JAGTER/HUNTER) my kort daarna uitdaag om ’n koedoebul te voet met die “Portugees” te jag, was die koeël deur die kerk en het ek begin planne maak.




Hierdie inskripsie verskyn op die linkerkant van die geweer se aksie.

ONDER: Só lyk my Portugese Mauser waarmee ek die koedoebul gejag het.

# DIE PORTUGEES EN DIE KOEDOE





**Hier sit ek by die koedoebul waarvan ek in die storie vertel. Die skietafstand was ongeveer 25 tree.**

Voor ek egter van die jag vertel, eers iets meer oor die 6,5x58 Portuguese Vergueiro. Portugal het dié kaliber en die Mauser-Vergueiro-slotaksiegewere in 1904 vir militêre gebruik aanvaar. Hierdie gewere het 'n basiese Mauser-tipe aksie, maar het ook kenmerke van die Mannlicher-aksie, byvoorbeeld die gesplete brug. Op die linkerkant van my geweer se aksie lees die inskripsie soos volg: *Espingarda Portugueza 6.5 Mod 1904 – Deutsche Waffen-und Munitionsfabriken Berlin.* Ek het die geweer in 2002 van 'n vriend gekoop. Soos julle op die foto's aan die kolf kan sien, is die geweer in 'n uiters goeie toestand. Dit lyk ook of daar bitter min skote deur die loop is.

Die oorspronklike militêre lading het 'n volmantelkoeël van 155 grein teen 2 350 vps gelanseer. Portugal het hierdie kaliber vir die volgende 33 jaar gebruik en baie van die gewere het in die voormalige Portugese kolonies – Angola en Mosambiek – beland. Daar het dit spoedig gewild geraak in die jagveld, want die lang 155 grein-koeël was dodelik op alle bosveldwild.

Weens die gewildheid van die 6,5x58 het verskeie vervaardigers later sagtepuntammunisie daarvoor vervaardig en die lading is opgestoot om 'n 155 greinkoeël teen oor die 2500 vps te lanseer. Ek het Kynoch-ammunisie in die hande gekry en gebruik dit tans in my geweer. Soos baie dalk weet, val die 6,5x58 Portuguese Vergueiro in dieselfde ballistiese klas as die 6,5x55 Sweedse Mauser, die 6,5x57 Mauser en die 6,5x54 Mannlicher-Schönauer.

Ná Koos se uitdaging het ek besluit om elke jaar een jag opsy te sit vir die Portugees, waartydens ek slegs 'n koedoe sou probeer skiet. Die eerste jag het in Augustus 2020 plaasgevind toe ek naby Deben gejag het. Voor die jag het ek op die skietbaan geoefen om skote tot op 100 meter met die oopvisiere te neem. Op die eerste jagdag is ek met groot entoesiasme veld toe, maar al wat ek en die Portugees teëgekom het, was 'n volstruiswyfie.

Die volgende dag het ek in 'n meer beboste deel gejag en baie koedoespore gekry, maar die wind was nie in my guns nie. Om hulle te volg sou dus nutteloos wees. Teen 'n grensdraad het ek teen die wind in geswaai en gou "langtoon" se spoor gekry wat windop gaan. Ek het dié spoor versigtig gevolg tot naby 'n sinkdam waar die bosse minder ruig was en het daar die langtoon en sy maat gekry. Hulle het my egter gewaar en in die bosse verdwyn. Van die dam af het ek 'n ander koers ingeslaan tot ek weer koedoespore gekruis het. Ek het hulle gevolg, net om later uit te vind dit is 'n paar »




**Ek gebruik Kynoch-patrone van 155 grein in my Portugese Mauser. Fabriekspatrone vir hierdie kaliber is deesdae baie skaars in Suid-Afrika.**



'n 6,5x58-patroon op die koedoebul se horing.



Die 6,5x58-patroon (heel regs), saam met ander 6,5-patrone afgeneem. Links na regs: 6,5 Grendel, 6,5 Creedmoor, 6,5x55 Sweedse Mauser, 6,5 PRC en 6,5x58.

» koeie met groterige kalwers. Dit was toe ook die einde van my naweek. Ja, ek sou maar weer moes probeer...

My tweede koedoejag met die Portugese Mauser het in Junie 2021 plaasgevind, hierdie keer op 'n beesplaas onder die Langberg naby Olifantshoek in die Noord-Kaap. My jag op die eerste dag het om twaalfuur by 'n gronddam begin en ek het gewonder hoekom ek in die middel van die dag begin jag. Baie jagters glo dis nie 'n goeie tyd om te jag nie, want die meeste wild skuil dan onder skadubome en sien jou makliker raak omdat jy beweeg en hulle skuil. Maar dis juis waar ek hulle met die Portugees wou betrap. My gedagtes was nog sopnat toe 'n kombuisbulletjie skielik hier naby my van onder 'n swarthaak uitspring. Ek kon nie die Kynoch-patroon vinnig genoeg in die kamer kry nie en weg was die bul! Les aan myself: As jy koedoes jag, stoot 'n patroon in die kamer en stap met die oorgehaalde geweer (met die veiligheidsknip op) sodat jy dadelik kan aangooi as dit moet.

Die res van die middag het ek niks gesien nie en teen sononder het ek my bakkie se neus kampwaarts gedraai. Kan jy glo – skielik het daar 'n eenhoringbul oor die pad gedraf en ek het uitgespring met die Portugees en hom gevolg. Dit was egter tevergeefs; ek het hom net vir 'n oomblik gesien waar hy deur die takke vir my gelag het.

Die volgende oggend het ek vanaf 'n ander gronddam gejag. Toe ek 'n operige kol binnestap, het ek 'n bul gewaar wat plankdwars in die son staan en bak. Ek het naarstiglik die skietstokke oopgevou en gebid dat die koedoe my net 'n paar sekondes tyd moes gee. Net jammer ek was heeltemal in die oopte, want toe ek die geweer se veiligheidsknip afstoot, vlieg die bul weg en verdwyn in die bosse. Fokus, Dolf, fokus! Nodeloos om te sê, was dit my enigste kans gedurende daardie jag.

In Mei 2022 is ek weer met die Portugees veld toe op soek na koedoes, hierdie keer naby Postmasburg. Dit was nou al die derde jaar dat ek en die Portugese Mauser 'n koedoebul probeer skiet en ek het angstig begin raak om sukses te behaal, want my oë wil nie meer die oopvisiere so mooi raaksien nie. Op die plaas aangekom, skiet ek 'n paar proefskote en besef dat ek my absolute maksimum afstand tot 75 meter sal moet beperk.

Nadat ek my bagasie afgepak het, is ek sommer van die huis af op 'n namiddagstappie. Ek het rigting gekies na 'n gronddam. Daar was 'n patroon in die geweer se kamer en die veiligheidsknip was aan. My voorneme was om baie stadig te stap en mooi te fokus op wat dalk agter of binne-in 'n bos kon skuil. Toe ek by die dam aanland, het ek oor die wal gesluip en 'n kolgans in die modder sien vroetel. Ek het toe versigtig langs die damwal af gestap. Die volgende oomblik het 'n koedoebul, wat in die skadu van 'n soetdoring gestaan het, uitgespring en weggehardloop die bosse in. Baie vies vir myself, het ek besef dat ek deegliker sal moet kyk. Ek het toe oor die damwal beweeg en besluit om die digte bosse aan die kant van die dam wat soetdoring, prosopis, kameeldoring en wag-'n-bietjie insluit, aan te vat. Dit is ideale skuilplek vir wild en bied ook genoeg dekking aan die jagter om naby aan die diere te kom as hy versigtig en stadig beweeg. Ek het voetjie vir voetjie gestap en deeglik onder, in en agter elke bos en boom gekyk. Op dié manier kon ek tot binne 20 tree van 'n gemsbok kom wat lekker in die namiddagson lê en bak het. Hy het uiteindelik my reuk gekry en blitsvinnig in die bosse verdwyn.

Ongeveer 20 minute later het ek skielik 'n koedoebul tussen die bome gewaar wat so 60 meter van my af wei. Ek sou moes wag tot hy mooi plankdwars staan en ek 'n gaping deur die takke kry.



**Let op na die skootplasing. Ek moes die bul op die ribbekas skiet om te verseker dat die koeël skuins vorentoe penetreer om die longe of hart te tref.**

Toe nie een van die twee gebeur nie, het ek besef dat ek van posisie sou moes verander om 'n mooi oop skoot te kry. Ek het uiters stadig begin beweeg... en toe vang my oog skielik 'n beweging. Links van my en skaars 25 meter weg, het nog 'n koedoebul gewei. Dit was, soos die Engelse sê, *"too close for comfort"*. Maar weereens kon ek nie skiet nie. Daar was te veel takke in die pad en die bul het met sy kopkant skuins weg van my af gestaan. Wees net geduldig, het ek vir myself gesê. Ek het gewag dat die bul moes draai, maar dit het nie gebeur nie.

Die minute het verbygetik en toe beweeg die bul vorentoe. My ongeduld het die oorhand gekry. Ek kon nou sy regterflank mooi sien deur die takke, maar hy het nog steeds skuins weg van my af gestaan. Ek weet die 155 greinkoeël penetreer goed; as ek dus die skoot terug op die ribbes plaas, agter die blad, sou dit genoegsaam skuins vorentoe penetreer om die lewensorgane te bereik. Teen hierdie tyd was ek in 'n knielposisie en het aangelê. Toe die regte oomblik aanbreek, het ek die sneller gedruk en gehoor hoe die koeël tref.

Dit het vir 'n oomblik gelyk asof die bul wou hurk (amper soos 'n koei wanneer sy urineer) en toe trek hy sy rug krom. Hy het ook nie gehardloop nie, maar stil bly staan en sy kop heen en weer gedraai, so amper asof hy wou vra: "Van waar het wat my nou getref?"

Die bul het so twee tree diekant toe en daardie kant toe gestap en ek het duidelik bloed by sy neus sien uitkom. Toe weet ek, die koeël is deur die longe. Die volgende oomblik het 'n groot vlakvarkbeer verskyn en reguit op my afgestap. Vir 'n oomblik was die versoeking groot om hom ook te skiet, maar ek het daarteen besluit. Die vark het gelukkig so 15 tree van my af gedraai en in die bosse verdwyn.

Toe ek weer op die bul fokus, sien ek dat hy gaan lê het en toe sak die groot stel horings grond toe. Ek het gewag tot ek seker was daar is geen beweging nie en het toe stadig nader gestap. By hom aangekom, het ek gaan kniel om die ou *grey ghost* te waardeer. Ná 'n ruk het ek opgestaan en teruggestap om my bakkie te gaan haal. Ek het die bul uit die bosse gesleep tot in 'n oop area om foto's te neem. Toe het ek 'n vriend gebel om te kom help laai, waarna ons huis toe is om die bul af te slag.

Nou ja, só het ek uiteindelik die hoofstuk van die koedoe en die oopvisier-Portugees afgesluit. Dit was 'n pragbul en ek was dankbaar dat ek hom kon jag. Die uitdaging was uiteindelik suksesvol afgehandel.




# OP SOEK NA 'N EENHORING...

Die dag van eenhorings jag is vir 'n groepie manne soos 'n hedendaagse jagsprokie wat waar geword het.

Die swartwitpensbul staan in die oggendson langs 'n groot olienhoutboom. Deur die verkyker lyk hy na 'n aanvaarbare trofee, maar dan draai hy sy kop. Hy het net een horing en Chris sien dit op dieselfde oomblik as ek. 'n Swartwitpens is nie op Chris of Dave, my kliënte, se wenslys nie, maar nou, naby aan die einde van die jag, begin beide jagters na ekstra diere kyk. *"What is the price for a one-horned sable?"* vra Chris. Ek gee hom 'n prys. Ek kan amper die ratte in sy kop hoor draai. Hy is 'n ruk stil, dan sê hy: *"Let's find that kudu first."*

Daardie koedoe is 'n uitdaging, soos groot koedoebulle maar is. Die jag was tot dusver baie suksesvol, maar 'n groot koedoebul ontwyk ons nou al vir sewe dae. Ons los die swartwitpens.

Dit is 'n koue suidewind wat waai; nie die ideale weer vir koedoejag nie. Maar Diana is 'n wispelturige meisie en 'n uur later sien Chris 'n mooi koedoebul in 'n kloof staan. Ná 'n kort maar uitdagende bekruipery, skiet hy sy bul. Nadat die foto's geneem is, sit ons op 'n koue rots en drink sterk, bitter koffie uit 'n vakuumfles.



David by sy afhoringkoedoe.



’n Jong eenhoring-koedoebul. Sommige jagters spits hulle juis op sulke trofeë toe.

*“What are the chances of getting a big, one-horned kudu?”* vra David uit die bloute. Ek maak die som in my kop. Dit neem ’n koedoebul omtrent sewe jaar om trofeestatus te bereik. Daar is omtrent 300 koedoes op die reservaat, waarvan omtrent die helfte bulle is, sê maar 150 bulle in teorie. Teoreties (en teorie in dié geval is selde 100% korrek) behoort daar dus ±20 skietbare bulle te wees. Hoeveel van hulle gaan toevallig ’n gebreekte horing hê? Ons het nou sewe dae gejag vir ’n tweehoringbul waarmee ons tevrede was. Wat is dus die kans dat ons ’n uitgegroeide eenhoringbul op ’n 20 000 hareservaat gaan kry? Vir seker beter as om die mitiese eenhoringdier te kry, maar nie veel beter nie. Miskien kan ons dan sommer ’n draak jag as ons klaar is met die eenhoring, dink ek. Ek wonder of dit eties is om ’n draak te skiet as hy sit, of moet jy hom in vlug skiet?

*“Slim to none,”* beantwoord ek die Amerikaner se vraag. Maar agter in my kop knaag iets. Vroeër in die jaar het ’n ander oorsese jagter vroeg in sy jag besluit hy wil begin eenhorings versamel. Hy het ’n eenhoring-gemsbokkoei, ’n rooihartebeesbul met ’n misvormde horing en ’n groot koedoebul met een horing platgetrek. Ons het sy koedoebul heel toevallig gekry, maar vroeër gedurende die jag het ons ’n ander eenhoringbul in ’n kom naby die Oranjerivier bekruip en dié het ons ontwyk. Ek wonder of dié bul nog in die omgewing is.

> Meet jy die sukses van jou jag aan die moeilikheidsgraad daarvan en die kwaliteit van die ondervinding, en nie in terme van horinglengte of plasing in rekordboeke nie, maak dié benadering sin.

## DIE DAG VAN DIE EENHORINGS

Daar is twee redes hoekom jagters eenhoringdiere of diere met misvormde horings wil jag. Die eerste is die behoefte om trofeë te hê wat anders is as die norm. Daar is jagters wat hierin spesialiseer, maar volgens my ondervinding is hulle redelik yl gesaai. Ek het egter al gehoor van veral Europese jagters wat bereid is om ’n hoë prys vir so ’n dier te betaal.

Die tweede is ’n meer praktiese rede. Baie boere en jagondernemers is bereid om volwasse, manlike diere met af of misvormde horings teen heelwat goedkoper pryse te verkoop as wat hulle vir ’n trofeedier sal vra. ’n Mens kry dus ’n jag wat net so uitdagend, of selfs meer uitdagend is as om ’n trofeedier te skiet.

Ek stop die ou Land Cruiser ’n kilometer van die kom af. Ons rits ons baadjies toe en trek ons handskoene aan voordat ons begin stap. Dit is yskoud. Op die rand van die kom gaan staan ons agter ’n yl doringbos en haal ons verkykers uit. Aan die oorkant van die kom, sowat 1,5 km weg, is ’n berg. Tussen ons en die berg, maar nader aan die berg, is ’n lae rantjie wat saam met die berg ’n klofie vorm. Daar staan ’n troppie koedoekoeie in ’n kol soetdorings, laag teen die berghang. Dan flits iets in die klofie. Dit is ’n koedoebul in ’n ruie kol bome en ons hou hom amper ’n uur lank dop voordat hy beweeg. Wanneer die bul in die oopte instap, kan ek amper nie my oë glo nie – dit is ’n groot afhoringbul!

David is so opgewonde dat hy nie kan stilstaan nie. Ons gaan versigtig moet wees, maar ons kanse is goed; die bul gaan nie sommer in dié weerstoestande sy skuilplek in die klofie wil verlaat nie. Ons sak in ’n vlak, blinde klofie af tot in die kom. Met die rantjie tussen ons en die bul kan ons nou redelik vinnig beweeg. Tussen ons en die rantjie is ’n strook soetdoringbome en ons loop ons vas in ’n klein troppie koedoes bestaande uit ’n jong bulletjie en vier koeie. Gelukkig sien ons hulle eerste. Ons beweeg terug en probeer ’n ander roete. Ek trap amper op ’n duiker wat agter ’n bos skuil. Dit is moeilik om te sê wie die grootste geskrik het, maar gelukkig hardloop die bokkie nie in die koedoes se rigting nie.

’n Halfuur later loer ek versigtig tussen twee rotse op die rantjie se kruin deur. Die afhoringkoedoe is nie meer waar ons hom laaste gesien het nie. Vir byna ’n halfuur fynkam ons die klofie en berghang deur ons verkykers. Ek besluit die bul is óf weg óf hy staan aan die klofie se kant teen die rantjie. Ek beduie vir David om die geweer »



**BO:** Chris by die eenhoring-swartwitpens.

**ONDER:** Twee swartwitpensbulle sê mekaar die stryd aan. Dit is hoe sommige eenhoringbulle hul horings verloor.

» te laai en hy stoot stadig 'n patroon in die loop. Ons beweeg voetjie vir voetjie vorentoe oor die klipperige terrein teen die rantjie af. Elke twee tree stop ek om te kyk en te luister. Links voor ons is 'n bos. Wanneer ek versigtig om die bos loer, staan die bul minder as 50 tree van ons af. Gelukkig kyk hy skuins weg van ons af. Ek skuifel versigtig tot agter die bos en beduie vir David om verby my te beweeg. Hy loer om die bos en kyk dan vir my, sy oë so groot soos pierings. Daar is nie 'n manier hoe ons die skietstokke gaan kan opstel sonder dat die koedoe ons hoor of sien nie; hy gaan uit die vuis moet skiet. Ek vorm 'n pistool met my voorvinger en duim en wys hy moet skiet. Hy lê aan... Die veiligheidsknip klik onnatuurlik hard, dan verskeur die skoot die stilte in die klofie. Klippe spat en takke kraak soos die koedoebul wegspring. Ek vlieg om die bos en sien die bul om 'n lae rantjie verdwyn. Langs my herlaai David. Ons beweeg vinnig maar versigtig oor die rantjie. Die afhoringbul lê net agter die rantjie. Ons skud blad. Dan los ek vir David waar hy langs sy bul kniel om vir



Chris te gaan haal en die bakkie te roep.

Chris besluit dat hy wel die eenhoring-swartwitpens wil hê terwyl dit dan nou so goed gaan. Normaalweg is 'n swartwitpens in ons area nie naastenby so moeilik om te jag soos 'n koedoebul nie. Ons geniet rustig middagete terwyl ons die jag beplan.

Daar is oral swartwitpense; troppe koeie, jong bulle en een reusetrofeebul, maar die afhoringbul is weg. Ek probeer Chris oortuig om die trofeebul te skiet, maar hy stel nie belang nie. Dit lyk of daar nou eenhoringkoors in die lug is. Laatmiddag klim ons teen 'n rant uit. Die afhoring-swartwitpens staan ±500 m van ons af teen die hang. Ons gaan minstens 200 m nader moet kom, maar die wind waai amper reguit in sy rigting. Dan ruik of sien hy ons en begin stadig teen die rant af beweeg. Ons stap amper 'n kilometer terug bakkie toe en ry dan 'n 5 km-draai om aan die regte kant van die bul te kom. Wanneer ons hom weer sien, is hy omtrent 800 m van ons af. Die wind is in ons guns en daar is 'n stroombedding wat ons kan gebruik om hom te bekruip.

Ons parkeer die Land Cruiser onder in die stroombedding en maak vinnig 'n plan. Langs die stroompie staan 'n groot kareeboom, sowat 200 m van waar ons laas die afhoringbul gewaar het. As ons ongesiens by die boom kan kom, behoort ons 'n skoot op die bul te kry. Ons kruip teen die wal op tot by die boom, maar die swartwitpens is weer weg. Agter ons mompel David iets van muise en manne se planne. Tien minute later gewaar Chris iets agter 'n bos verder teen die hang op. Dit is die bul; deur die verkyker kan ek net sy horing sien uitsteek. Hoe Chris hom raakgesien het, weet ek nou nog nie. Die bul is omtrent 400 m vêr en daar is nog 'n bos omtrent halfpad tussen ons en die bok effens laer teen die hang. Ons klim terug in die stroombedding en maneuvreer tot die bos tussen ons en die bul is, waarna ons weer begin bekruip.

Deur die ghwarriebos waaragter ons skuil, kan ons die swartwitpens se horing agter 'n bos sien uitsteek. Die bul is amper 250 m van ons af. Wanneer hy agter die bos uitstap, behoort ons 'n skoot te hê. Gelukkig het die wind gaan lê. Ná wat soos 'n uur voel, begin die bul beweeg en hy gaan staan in die oopte. Uit die klap van die koeël weet ek dat die skoot te vêr terug is. Die bul verdwyn oor die kruin van die rant voordat ons 'n opvolgskoot kan skiet. Toe ons oor die kruin loer, staan die swartwitpens in 'n bos met sy lyf reguit weg van ons af. Hy is amper 100 tree weg en staan heelwat laer as ons. Ek druk 'n patroon, gelaai met 'n soliede koeël, in my 9.3x62 se loop en ruil gewere met Chris. *"Shoot him on the root of his tail,"* fluister ek. Toe die skoot klap, hardloop die bul teen die steil hang af en verdwyn buite sig. Net daarna hoor ons hom val. Die bul is reeds dood wanneer ons hom vind, maar ek laat die jagter hom weer skiet. Dan kniel ons uitasem langs hom. Die eerste skoot het die lewer getref en die laaste skoot was effens laag en links, maar het sy werk gedoen.

Dit is laatmiddag toe ons die foto's neem en dan versigtig teen die hang afklim na waar die bakkie nou staan. Ons is moeg maar gelukkig. Nie een van ons sal die dag van die eenhorings gou vergeet nie!






18+

# WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME -

the biggest Internet portal, providing you various content: brand new books, trending movies, fresh magazines, hot games, recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site

AVXLIVE.ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open https://avxlive.icu




# ALLEN EZ-AIM KLEITEIKEN-WERPER

Die redakteur het onlangs 'n kleinerige pakkie aan my oorhandig met die versoek dat ek dit toets en my opinie daaroor gee. Die verpakking was so groot soos twee skoenbokse en die inhoud was 'n EZ-Aim-kleiteikenwerper – moeilik om te glo! Met die jagseisoen in volle gang was dit onmoontlik om tyd te kry om hierdie stukkie toerusting te toets. Dit was reeds somer toe ek die masjien uiteindelik saamry skietklub toe.

Ek het die drie stukke staal wat saam die hoofraam vorm, die werperarm wat uit 'n vlekvryestaalplaat bestaan, 'n sterk veer, 'n koord, 'n sakkie met verskeie moertjies en boute, asook duidelike aanwysings uitgepak en netjies reggesit. Laasgenoemde was maklik om te volg en ek het die apparaat met die minimum moeite binne minute aanmekaargesit. Daar is drie stewige penne wat vasgekap word deur gate in die raam om die werper stewig op die grond te hou. Soos met al dié tipe werpers is daar probleme – die swaaiarm is gevaarlik en 'n mens moet seker maak om uit sy boog van beweging te bly. Verder het hierdie masjiene altyd 'n neiging om hulself los te skud. Daar is 'n tou wat aan die sneller vasgemaak kan word en dit het 'n klein aluminiumplaatjie wat gebruik word om die gaping op die plaat te meet. My grootste kritiek is die spilpunt wat 'n los as binnein 'n pypie is – dit gaan vir seker losskud en ook die res van die masjien uitmekaar laat skud. Dit sou baie beter gewees het om die as te vervang met 'n geelkoperbus of selfs twee laers wat alles sal verstewig en die masjien se leeftyd sal verleng.

Die kleiteikenwerper is maklik om te gebruik – trek eenvoudig die arm terug, maak seker die sneller is vas, laai die kleiteiken en dit is gereed vir aksie. 'n Flukse trek aan die tou maak die arm los en die kleiteiken word gelanseer. Soos 'n mens kan verwag, is so 'n klein masjien effens beperk. Hoewel dit verstellings het vir drie verskillende hoogtes en nie heeltemal stewig is nie, werp dit die kleie nie verder as sowat 40 meter nie. Dit is ook geneig om die kleie effens skuins te lanseer, wat hulle aërodinamika beïnvloed en die vlugafstand dan ook verkort.

*Om op te som: Vir 'n skrale R1 350 (die prys van vier kaste kleie) kan jy 'n lekker kompakte kleiteikenwerper aanskaf wat jou tot 'n beperkte mate in staat sal stel om 'n bietjie plesier saam met familie en vriende te hê. Ongelukkig is dit effe lig in die broek vir meer strawwe oefening en sal jy dit vinnig ontgroei as jy ernstig begin kleiteiken skiet. Die EZ-Aim is beskikbaar by Safari Outdoor.*




# KOLSKOOT

## JOU JAG- EN SKIETMAAT IN DIE AFSEISOEN

Propvol interessanthede vir die beginner sowel as die ervare jagter.

**Wenke oor hoe om buite die jag- en skietseisoen besig te bly:**

DIE IDEALE KERS- OF VERJAARDAGGESKENK VIR DIE SKUT EN JAGTER!

- Beplan jou jagtogte vir volgende jaar
- Kies die regte koeël vir die jagveld
- Riglyne vir die koop van jou eerste geweer
- Hoe om akkuraat te skiet
- Ladingontwikkeling
- Neem beter jagfoto's
- Hoe om jou kosbare taksidermietrofeë te versorg

**Indien jy dit nie in die winkel kry nie, bestel só:**

DIGITALE WEERGAWE
Gaan na:
https://www.magzter.com/ZA/Media24/SA-Hunter-Jagter-Kolskoot/Fishing-&-Hunting/ of zinio.com/za of pressreader.com/catalog/south-africa of pagesuite.com

E-pos:
johan.terblanche@Media24.com

Tel:
021 406 4962



# RITON

SEE THE DIFFERENCE

Available from your local dealer






Proudly imported and distributed by GUNS & BOWS

www.gunsbows.co.za

# SWAROVSKI NL PURE 8x42-VERKYKER



Whylo Distributors, die invoerder van Swarovski optiese produkte in Suid-Afrika, het vir ons die NL Pure 8x42-verkyker gestuur om te toets. Swarovski se produkreeks bly grootliks konstant en daar is nie elke tweede maand 'n nuwe produk op die mark nie – net soos die vooraanstaande motorfabrikate wat deeglike huiswerk doen met hul navorsing en ontwikkeling en slegs elke agt tot tien jaar hul modelle verander. My eie Swarovski CL 8x32 het ek so 'n dekade of meer gelede by HuntEx gekoop toe daar 'n spesiale aanbieding was. Ek het nog nooit enige nut vir 'n ander verkyker gehad nie. As ons familie wildtuin toe gaan en dan veral voëls kyk, is dit altyd 'n gestoei oor wie Pappa se verkyker kan gebruik – die optiese kwaliteit is eenvoudig net in 'n ander klas, maar 'n groter objektiewe lens, met die gepaardgaande groter sigwydte, is soms nodig as jy érnstig wil sien.

Ek was bevoorreg om die NL Pure 8x42 oor die afgelope agt maande te toets. Die verkyker weeg 840 gram en is 158 mm lank – effe aan die swaar en groot kant vir die meeste jagters vir alledaagse "om die nek"-gebruik in die veld, maar nie ongewoon om te sien nie. Inteendeel, die meeste wildboere wat ek ken, veral in die Kalahari, verkies verkykers met 'n wye sigveld en absolute optiese kwaliteit bo enige ander oorweging – hulle moet behoorlik kan sien watter bok geskiet word en wat daarna gebeur, met ander woorde 'n verkyker wat

in die bakkie werk. Ek ken ook verskeie jagters wat aandring op net die beste verkyker wat hulle kan bekostig, ongeag hoe swaar en groot dit is. Op die ou end kom die besluit op persoonlike voorkeure neer.

Soos die naam aandui, gee die NL 8x42 'n 8x-vergroting met 'n 42 mm- objektiewe lens. Die buise is verbasend dun vir hierdie objektiewe lensgrootte – gewoonlik is hulle baie dikker in ander make. Die buise het 'n vernouing presies daar waar jou duime om hulle vou en pas perfek in jou hand, wat soos 'n handskoen om hulle vou. Oor die jare het ek besef dat 'n mens selde meer as 'n 8x-vergroting nodig het – hoe hoër die vergroting, hoe erger is die skudding en beeldversteuring. Gevolglik is daar ook meer stremming op jou oë wat dan die heeltyd daarvoor probeer kompenseer. Die inskroef-oogstukke het 'n verstelling van ses verskillende posisies – heeltemal ingedraai vir diegene wat 'n bril dra en heeltemal uitgedraai vir dié met perfekte sig, met vier ander moontlikhede in die middel. Die dioptrie-verstelring is klein en sit aan die agterkant van die fokusring tussen die buise – 'n eienskap waarvan ek baie hou aangesien dit nie per ongeluk kan skuif nie.

Ek kon die NL Pure 8x42 tydens verskeie veldsessies gebruik. Die eerste keer was tydens 'n naweek in Marakele Nasionale Park, wat hoofsaaklik 'n voëlkykuitstappie was. Die familie het gestry oor wie dit kon hanteer nadat almal eers om die beurt voëls daarmee gekyk het. Ek het die verkyker deur sy kroontoets gesit op 'n jag naby Memel, op die rand van die Malutiberge. Die eerste jagoggend was ons hoog in die berge agter vaalribbokke aan. Dit het die vorige aand liggies gereën, en die oggend toe ons opstaan, was ons deur digte mis omhul. Bo-op die berge was dit nóg erger – 'n mens kon nie ver sien nie; iets wat natuurlik onontbeerlik is as daar vaalribbok op die spyskaart is. Die NL het sy deel gedoen. Johan, my jagmaat, kon eenvoudig nie met sy (goedkoper) verkyker sien wat ek kon in die swak ligtoestande nie. Ons het vir sowat vyf ure bo-op die berg gejag en die meeste van die tyd is bestee aan sit en kyk en ribbok soek. Die detail wat ek ten spyte van die swak lig kon waarneem, was verstommend.

Ons het later, ná die oggend se jagsessie, vir die lekker na 'n paar ghonge geskiet van die plaashuis se "stoepskietbaan" af en ook die berg aan die anderkant vir wild gefynkam. Op die naaste ghong wat op 290 meter gestaan het, kon ek duidelik die skote sien klap op die witgeverfde ghong. Op die langer afstande was dit ook beduidend hoeveel ek uit die skoot kon "lees" en my maats help as hulle sou mis skiet. My jagmaats en die eienaar het beurte gemaak om die verkyker te gebruik en almal was dit eens dat dit die beste verkyker was wat hulle ooit gebruik het. Ek moet saamstem. Daar is ook 10x42- en 12x42-modelle beskikbaar.

*Die model wat ons getoets het, verkoop vir sowat R62 000 – 'n stewige prys vir 'n stewige verkyker. Kontak Whylo Distributors by 031-584-8088 vir groothandelsnavrae.*




# IN DIE HERLAAIKAMER
# IN THE RELOADING ROOM



MET/WITH KASSIE KASSELMAN

# PREPARATION AND FORMING OF NEW BRASS



A head-to-shoulder gauge.

Last month, Gregory from Randfontein was interested in the influence a cartridge case may have on the shooting performance of a rifle. In continuance of the comment on the subject, I will now focus on the preparation and forming of a new case. Too often, a reloader may think that a new cartridge case needs no preparation before being loaded, reasoning that the handloaded cartridge might well be similar to factory-loaded ammunition bought over the counter. The reasoning may be right as far as appearances are concerned, but the reloader should remember that he is a reloader and not just a mere bullet plugger. The reloader endeavours to produce a custom cartridge for his specific rifle and should then look at his reloads through a professional eye.

Those that read the comment on considerations when selecting new brass or classifying fired brass, will reflect that the cartridge case is virtually the only component a reloader can do something about with the tools at his disposal. When the newly acquired case is now set to be reloaded, there is a sequence of actions to be taken prior to loading the operational cartridge. The actions covered in this article are the basic procedure for loading new brass. It does not include applied techniques required for high-level, competitive shooting.

The first important decision you need to make after the basic inspection of the cartridge case is whether it is necessary to fire-form the case to fit your rifle's chamber before loading a full operational charge. A better fit ensures a better shot and prevents over-stretching of the case during its first full-blast pressure shot. This is essential to enhance the lifespan of a case and to ensure a better integrity shot with a new case under the operational conditions you need the shot for. To do this, measure the head-to-shoulder value of any cartridge case that was fired from the rifle you are loading for. Use a head-to-shoulder gauge for this (see photo on left). Now measure a new case with the same gauge. If the new cartridge case is more than .002" shorter than the case fired from the rifle's chamber, it will be wise to first fire-form the case before loading and shooting the operational load. There is more than one technique to fire-form new cartridge cases or to reform cases to adapt them to modified or other calibre chambers by using inert fillers and bullets. I find the following procedure quite satisfactory for mild fire-forming of new brass to be shaped for the same calibre the maiden brass was manufactured for. To save unnecessary wear and tear on the barrel, simply prime and charge the case with handgun powder like MP200 or similar imported handgun powders according to the following guidelines:

| CASE SIZE TYPE | SOMCHEM MP200 LOAD |
|---|---|
| .222 /.223 Rem | 9 grains |
| .22-250 / 6mm XC / Creedmoor | 13 grains |
| .243/.308 Win family | 16 grains |
| .270 Win / .30-06 Sprng | 19 grains |
| WSM family | 22 grains |
| Standard Magnums | 24 grains |
| Large Magnums (.338 Lapua) | 30 grains |




Use a standard primer and charge the case with the recommended powder charge according to the calibre and case profile (see table on previous page). Then take a piece of toilet paper or paper towel and roll it into a bullet shape between your fingers. Tightly fit the "paper bullet" into the case mouth and place the "blank" cartridge upright in a loading tray or ammunition box. The "paper bullet" serves the purpose of a plug to prevent the fine-grit powder from leaking from the case. Go to an outdoor shooting range or open field and fire the dummy cartridge vertically into the air. The vertical pointing of the rifle barrel is necessary to ensure the powder is positioned on top of the primer flash hole. *(Remember that the load density is very low – approximately 40%.)* Should range protocol require that the shot be fired with the gun barrel in a horizontal direction, a filler must be used to keep the powder in position on the primer. I prefer organic cotton wool or pure organic cotton as a filler to cause the least possible barrel fouling.

The second important activity is to size **all** the new brass and then trim them to the correct length of the rifle chamber before loading them with a bullet, should the new brass be too long after sizing. If a case is fire-formed, sizing and trimming can be done after fire-forming. When the rifle calibre warrants crimping, notably big-bore rifles, it is essential that all cases be trimmed to the same length to ensure uniform crimping tension. Uniform lengths are especially important when the seater die is used to apply a roll-crimp, but also for the factory crimp die if that tool is used to crimp the case mouth into the crimp groove on the bullet. While on this topic, it is important to remember that no crimping should be considered when loading for accuracy over longer distances because the crimp may easily lead to differences in neck tension among a batch of reloads. This may enhance inconsistency in velocity and resulting accuracy. Also keep in mind that crimping should not be done when the bullet does not have a cannelure (crimping groove).


**LEFT:** A soft-cone bullet seated into an unprepared new case.
**RIGHT:** A soft-cone bullet seated into a prepared new case.

*Do it correctly, and you will enjoy reloading even more!*

When sizing, a sizer die that runs a button through the neck of the case must be used. Either a neck sizer or a full-length sizer die will suffice. If using a bushing sizer die, a button must be fitted to open up the case neck. After sizing or trimming, the case mouth must be deburred. For VLD boat-tail bullets, a VLD deburring tool must be used, but for flat-base bullets the standard deburring tool is good enough.

The reason for these activities is that the neck opening of most new cartridge cases is tighter than the usual .002" grip (neck tension) affected by a sizer die when resizing a fired case. As shown in the photo on the left, a bullet with a soft ogive, like target, match, varmint or some softer hunting bullets, may be damaged during seating if the case neck is too tight, offering too much resistance to the bullet entering the case neck. A prominent ring-shaped dent will appear around the bullet ogive where the seater cup inside the seater die presses down against the bullet. Not much is left to »


**LEFT:** An unprepared case. **RIGHT:** A prepared case.

» the imagination as to what might happen to the accuracy of that bullet when it is fired. The photo on page 71 clearly shows the difference in bullet profile between those bullets seated into unsized and sized new brass. Furthermore, not all manufacturers have the inside edge of the case mouth deburred in the factory. This results in a sharp edge that causes scratches to the boat-tail surface of the bullet in the seating process, which also contributes to the resistance during bullet seating. Scratches to the boat-tail surface may be harmful to accuracy, influenced by minor deviations to the bullet by irregular gas venting when leaving the muzzle at the crown, as well as in-flight deviations due to airflow.

The last activity that warrants attention when preparing a new cartridge case for loading is conditioning of the primer pocket and the flash hole. The bottom (deep-end) corners of a primer pocket are often semi-rounded. When the primer is then seated, excessive force must be used to seat the primer to the correct depth of between .004" and .008" deeper than the case head surface. The opening of the primer cup (mouth) is then folded inwards, with the shape of the priming tool often imprinted onto the primer cap. This can be dangerous and should not be allowed to happen. The preventative remedy for this is simply to use a mechanical or hand-held primer pocket uniformer to ream all the primer pockets to the same correct size. Primer pocket uniformers are available in large and small primer sizes and are supplied by most of the large and specialised reloading tool manufacturers.

Large primer flash holes are .080" (2 mm) in diameter, while the small holes measure .060" (1,5 mm) in diameter. A flash hole uniforming tool is used to condition flash holes of new brass before the first firing. The flash hole uniformer comes with a drill gauge which automatically reams the flash hole to standard industry size. This is why the tool comes in handy for reaffirming the flash hole size of fired cases by scraping out carbon deposits. In the mass manufacturing process, a burr often occurs at the flash hole opening on the inside of the cartridge case. This burr canalises the flash inside the case, which then may contribute to irregular ignition of the propellant. Furthermore, the burr obstructs the decapping pin in the sizer die, causing the snapping of the decapping pin and/or bending of the decapping spindle. The preventative remedy for these possible deficits is to acquire a flash hole uniformer to condition all new brass before loading. Most of the large reloading equipment manufacturers supply both large and small uniformers. Although the upmarket case brands come with stated conditioned primer pockets, flash holes and case mouths, reloaders will extend the lifespan of their brass and enhance their shooting performance by attending to the above treatment of expensive new brass.

In the next issue, we will discuss the conditioning of fired brass.

*Do it correctly, and you will enjoy reloading even more!*






SUREFIRE



SURVIVAL OF THE BRIGHTEST

SureFire WeaponLights deliver the utmost in performance, durability and versatility. You can trust them with your life

www.ecmtech.co.za



JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:**
Esmarelda Ferreira
Sel: 084-744-9948
E-pos: *esmarelda.ferreira@landbou.com*

JAGGELEENTHEDE/HUNTING OPPORTUNITIES ☐ TE KOOP/FOR SALE ☐ GESOEK/WANTED ☐ DIENSTE/SERVICES ☐ ANDER/OTHER

## JAGTERSMARKVORM | HUNTER'S MARKET FORM

**DIE ADVERTENSIE SAL VERSKYN ONDER JAGTERSMARK/HUNTER'S MARKET**

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN ADVERTEERDER | | | |
| ID-NO. INDIEN PRIVAAT KLIËNT | | | |
| REG-NO . INDIEN BESIGHEID | | | |
| POSADRES | | | |
| | | | |
| TEL | | FAKS | |
| SEL | | E-POS | |

| **ADVERTENSIE: KIES EEN (X)** | |
|---|---|
| **A** = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording* | |
| **B** = R1 080 - Swart/wit-bewoording met kleurlogo ingesluit - 40 mm wyd x 105 mm hoog | |
| **C** = R635 - Swart/wit-bewoording met kleurlogo ingesluit - 40 mm wyd x 50 mm hoog | |

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.
Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

PRYSE SLUIT BTW IN. RATES INCLUDE VAT.

| **ADVERTENSIE VIR:** | | | |
|---|---|---|---|
| | | (maand) | **BEDRAG INBETAAL: R** |

| | |
|---|---|
| **BANKBESONDERHEDE:**<br>Media24 Die Burger<br>ABSA \| Rekening: 0550000059<br>Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005 | Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam. |
| **E-POS BEWYS VAN BETALING NA:** *esmarelda.ferreira@landbou.com* | |

**KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)**

| JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES | | TE KOOP/ FOR SALE | | GESOEK/ WANTED | | DIENSTE/ SERVICES | | ANDER/ OTHER | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :**














## JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

### LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA, RIVERSDALE

Best hunting destination in Western Cape.
No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering. 45+ species.
Owners are PH and outfitters
082-443-1147/082-448-3975
*www.lasarusgamefarm.co.za*
*info@lasarusgamefarm.co.za*

### LOCAL HUNTING MARBLE HALL/ROEDTAN – DIPHÔFU GAME RANCH

- 1½ hours north of Pretoria,
- We cater for all your Bushveld needs, including trophy and biltong hunting.
- Lodge accommodates 10 people. Self-catering.

Nicole: 012-346-6305
*hunting@diphofu.co.za*
*www.diphofuhuntingsafaris.co.za*
*https://www.facebook.com/Diphofu*

### SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI

Bushveld farm – 220 km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power.
Skinners, slaughtering and cooling facilities.
Email me for the price list.
*paul@sandspoorhunt.co.za*
*www.sandspoorhunt.co.za*
Paul Jordaan
Cell: 083-227-3420

### BILTONGJAG IN DIE BEAUFORT-WES-OMGEWING

10 000 ha gemengde veld en tipografie.
22 spesies op plaas en 12 om te jag. Geen minimum getal jagters per groep.
Eeva Birkner: 082-703-7566
of kontak deur web:
*www.badshoek.co.za*

## DIENSTE | SERVICES

### QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS

Firearm licence and firearm appeal applications.
(99% success rate)
All other legal work.
*info@qjattorneys.co.za*
Phone: 082-805-0674
(Pretoria)

## AKKOMMODASIE / ACCOMMODATION

### MENLOPARK, PRETORIA

Naby UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Nuwe ontwikkeling te koop/huur direk van die ontwikkelaar om kostes te bespaar.
Ideale BELEGGING vir toekoms (kinders/familie)
Lettie 083 440 2615
*lettie@asarealestate.co.za*

## TE KOOP | FOR SALE






### ASSORTED ITEMS

- 1 poker set
- 6 backpacks, one with water pipe
- 1 armour vest
- 4 bulletproof vests
- 1 pistol holster
- books & other items

Contact Elize: 074-697-5107

## GESOEK | WANTED

### WANTED: USED CARTRIDGE CASES (DOPPIES)

Reloading dies *(matryse)* and reloading equipment. All common rifle calibres.
WhatsApp/phone Trevor
082-897-6899






### JUST MOTIVATIONS – R350

Custom firearm motivations. 100% success rate. Afrikaans/English. SMS email address to 082-567-8437 – Johan Justus, retired SAPS colonel.




# Leica Calonox.

## The Thermal Camera.

As a hunter, you know every shot is an ethical responsibility – you want to identify game correctly and fire a perfect shot. As a hunter, you know that ethical hunting also demands the right equipment for every situation. Now, with the new Calonox series of thermal cameras, Leica is setting new standards in modern hunting. The Leica Calonox View delivers exceptionally sharp, detailed, high-contrast images thanks to the innovative Leica Image Optimization (LIO™) feature. The Leica Calonox Sight gives you an extremely stable, reliable thermal clip-on with maximum precision and repeatability and can also be used as a thermal camera.

Every shot is a responsibility. Rely on Leica Calonox.

leica-calonox.com

Please observe relevant national legislation.

tudortech

For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528




TIME WATCH SPECIALISTS
Canal Walk 021 552 5876 Cavendish 021 683 5511
Tygervallei 021 914 2049 Somerset 021 851 3291
www.timewatches.co.za

WATCHES UNLIMITED
THE PAVILION • LA LUCIA MALL • GATEWAY • BALLITO JUNCTION
www.watchesunlimited.co.za

expert Kloppers
Bloemfontein: 051 400 5500
Port Elizabeth: 041 394 2900
Kloppers Sport Brackenfell: 021 982
Knysna: 044 302 7800 George: 044 802 3900

G-SHOCK CASIO
New World Menlyn 012 368 1633
Cassims & Co 011 682 1517,
Mall of The South

GABRIËL JEWELLERS • WATCHES
A Fountain of Life
042 293 3800 • FOUNTAINS MALL, JEFFREYS BAY

Cajees
Clearwater • The Glen • Cresta • Northgate
Mall of Africa • Rustenburg • OR Tambo • Fourways

BROADWAY JEWELLERS
Krugersdorp: 011 660 3047
Table Bay Mall: 082 850 7002
info@broadwayjewellers.co.za
www.broadwayjewellers.co.za

Kontak ons by 011 314 8888, 0861 CASIO1 of 0861 318 888 vir jou naaste handelaar www.jamesralph.com
SPESIFIKASIES EN PRYSE ONDERHEWIG AAN VERANDERING SONDER KENNISGEWING


Sunel
Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😄
JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER
VELDRYVERNUF
VELDRY TYDENS JAG
SAJAGTER_22
PDF
Johan
Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 🤯
Sunel
Wie gee om? Stuur dit net aan.
DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N MISDAAD
MOENIE STEEL NIE
AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM
MEDIA24